

# **DIE INTERNASIONALE REAKSIE OP DIE ISRAEL- ARABIESE OORLOG VAN 1973.**

**deur**

**Marniel Botha**

**Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die  
graad van Magister in die Lettere en Wysbegeerte (Gesiedenis) aan  
die Universiteit van Stellenbosch**



**Studieleier: Prof. A. M. Grundlingh**

**Datum van inlewering: April 2003**

## **VERKLARING**

**Ek, die ondertekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronklike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.**

## OPSOMMING

Die Midde-Ooste was vanaf die vroegste tye 'n gebied wat gekenmerk is aan oorlog en konflik. Die konflik spruit uit godsdienverskille en die aansprake wat beide die Jode en Palestynse Arabiere het op grondgebied en heilige plekke. Die feit dat die konflik op godsdien geskoei is maak dat dit 'n plofbare situasie is en uiters moeilik om 'n oplossing te verkry. Die konflik het 'n kenmerkende vorm aangeneem toe die staat Israel gestig is en die bestaan van die Palestynse Arabiere in die gebied bedreig is. Israel en Egipte het menigmaal te staan gekom teenoor mekaar op die oorlogsveld. Beide kon dit net doen met die hulp van hul bondgenootskap met 'n supermoondheid. Israel en die VSA was bondgenote terwyl Egipte toenadering tot USSR gesoek het. Israel en Egipte het besef dat hul die hulp en ondersteuning van 'n supermoondheid nodig gehad het om suksesvol in hul stryd te wees teen die ander. Die invloed van die supermoondhede in die konflik in die Midde-Ooste het 'n nuwe dimensie gegee aan die stryd.

Na die Tweede Wêreldoorlog het die verhouding tussen die supermoondhede sodanig verswak dat dit gelei het tot die ontstaan van die Koue Oorlog. Dié swak verhouding het 'n direkte invloed gehad in hul verhoudinge met die lande in die Midde-Ooste. Omdat hulle bondgenote ook in 'n stryd gewikkel was het dit verder bygedra tot die wantroue tussen die supermoondhede. Die Oktober-oorlog van 1973 het heeltemal anders as die ander oorloë verloop. Die druk wat die situasie op die supermoondhede geplaas het, het daartoe gelei dat hulle direk in die konflik betrek is. Dit wat almal gevrees en oor gespekuleer het, het nou waar geword. Die konflik van die Midde-Ooste het nou ontwikkel van 'n streeksoorlog na 'n dreigende globale oorlog. Dit blyk baie duidelik dat beide supermoondhede nie genoegsame druk op hul bondgenote kon plaas om 'n direkte konfrontasie tussen hulle te vermy nie.

So vinnig soos wat die globale krisis ontwikkel het so vinnig is dit beëindig. Die tydperk na die Oktober-oorlog was gekenmerk aan 'n intense periode van onderhandeling tussen die betrokke lande. Die verhouding tussen Israel en die VSA was baie stabiel teenoor die onstabiele verhouding tussen Egipte en die USSR. Egipte het al meer toenadering tot Washington gesoek. Amerika was die dryfveer agter die vredesonderhandelinge en het daarmee gepoog om die invloed van USSR in die Midde-Ooste tot 'n einde te bring. Hy was baie suksesvol daarmee en ten

spyte van teenkating is vredesooreenkomste gesluit tussen Israel en Egipte asook Israel en Sirië.

Die konflik tussen Egipte en Israel is grootliks beëindig maar die konflik tussen Israel en die Palestynse Arabiere is nog in volle swang. Die twispunte tussen dié twee nasies is kompleks en 'n vredesoplossing lyk hoogs onwaarskynlik.

## ABSTRACT

From the earliest years the Middle East was known for its wars and conflict. Religious differences and both the Jews and Palestinian Arabs lay claim to certain territories and religious sites. The fact that the conflict is based on religion makes it an explosive situation and very difficult to find a solution. When the state Israel was established the conflict took on a particular form and the existence of the Palestinian Arabs was threatened. Israel and Egypt were faced opposite each other regularly on the battlefield. Only with the help of a superpower they were able to be in active conflict with each other. Since the Second World War there were an alliance between Israel and the US and Egypt decided to approach Russia for a partnership. Both Israel and Egypt realised that they could not face each other on the battlefield if they were not getting aid and help from a superpower. The influence of the superpowers in this conflict in the Middle East brought a new dimension to the whole situation.

The relationship between the superpowers after World War II was in such a bad shape that it gave way to the rise of the Cold War. The bad relationship between the superpowers had a direct influence on the countries in the Middle East. Due to the fact that the allies of the superpowers in the Middle East was entangled in a conflict that increased the mistrust between the superpowers. The course of the October war of 1973 was completely different than the rest of the Middle East wars up until 1973. The superpowers was drawn into the war because of the pressure that was put on the superpowers during this war. That what was feared by everybody were coming true. The conflict in the Middle East was developing from a regional war to the threat of a pending global war. It was very clear that the superpowers could not control their clients of the Middle East to such an extent to avoid a direct confrontation between them.

The global crisis did not last long and ended very shortly after it started. During the period after the October war an intense period of negotiations took place between the relevant countries. The friendship between Israel and America was reasonably stable in comparison to the unstable relationship between Egypt and Moscow. Egypt was approaching Washington now to establish a friendship with them. America was the driving force behind the negotiations in the Middle East and with that tried to bring

an end to the influence of Russia in the region. They were very successful in doing that and agreements were signed between Israel and Syria as well as Israel and Egypt.

The conflict between Egypt and Israel ended with the signing of the peace agreement between them but the conflict between Israel and the Palestinian Arabs has not ended. The grievances between them are extremely complex and a solution for peace looks very unlikely.

## VOORWOORD

Die doel van hierdie tesis is die evaluering van die internasionale reaksie op die Israel-Arabiëse oorlog van 1973.

Die konflik in die Midde-Ooste het 'n baie lang geskiedenis en dateer uit die Bybelse tye. Die konflik tussen die Jode en die Arabiese lande is op 'n godsdienstige grondslag gebaseer. Die Jode het geglo dat die grondgebied wat vandag bekend staan as Israel deur God aan hulle toevertrou is en dat hulle 'n legitieme reg op die grondgebied het. Die Arabiere het egter saam met die Jode in die gebied in die Midde-Ooste gewoon en maak ook aanspraak op die grond omdat hulle deur die eeue op die grondgebied gewoon het. 'n Verdere twispunt is die Tempelberg in Jerusalem. Die Jode voel sterk oor die area omdat die eertydse Joodse tempel op die Tempelberg gestaan het. Hulle het dus godsdienstige en historiese aansprake op Jerusalem gehad. Die Arabiere van die streek het ook godsdienstige aansprake op Jerusalem gehad. Hulle glo dat die profeet Mohammed op sy perd na die hemel opgevaar het vanaf die Tempelberg. In 700vC is 'n Moskee, *Dome of the Rock*, op die heuwel gebou deur die Arabiere. Die Moskee is gebou in die middel van die klipplatform waar die Joodse Tempel gestaan het. 'n Kerk wat op die heuwel staan is ook omskep in die El-Aksa Moskee. Beide die Jode en Arabiere se geloofsoortuigings is baie sterk en glo daarom dat elkeen die wettige reg het op dieselfde area. Omdat die konflik uit godsdiensverskille spruit maak dit die kwessie uiters kompleks en ploffbaar.

Die stigting van die staat Israel het 'n heenkome gebied vir die duisende Jode wat verspreid was regoor die wêreld. Hulle het nou 'n plek gehad wat volgens hulle geloof deur God aan hulle beloof en gegee is en wat hulle, hul tuiste kon maak. Daar kon hulle hul Joodse kultuur beoefen en identiteit vryelik uitleef. Daarmee saam het die probleem van die Palestynse Arabiere ontwikkel. Die Jode het in groot getalle na Israel gestroom en dit het 'n groot bedreiging ingehou vir die Arabiere van die gebied. Hulle vrees was dat hulle grond van hul geneem gaan word en dat hul geen seggenskap oor hul toekoms sou hê nie. Tydens die oorloë wat plaasgevind het tussen Israel en die Arabiese lande het daar gevolglik groot getalle Palestynse vlugteling na die ander Arabiese lande gevlug met die hoop om terug te keer Israel

toe na die oorloë. Die Israeli gemeenskap was egter nie baie verdraagsaam en toeganklik vir die probleme wat die Palestynse vlugtelingte ervaar het nie.

Die internasionale gemeenskap is geleidelik betrek in die konflik en mettertyd het die gebeure in die Midde-Ooste invloed uitgeoefen op die verhoudinge van die internasionale gemeenskap. Na die Tweede Wêreldoorlog was die verhoudinge tussen die VSA en USSR baie gespanne en die situasie het so versleg dat dit aanleiding gegee het tot die ontstaan van die Koue Oorlog. Hulle het mekaar gewantrou en mekaar se bewegings reg deur die wêreld streng dopgehou. Die lande van die Midde-Ooste was bewus van die feit dat hulle die hulp en ondersteuning van 'n supermoondheid nodig gehad het om hul wapenarsenaal te vul om met sukses die ander te oorwin. Israel het na die VSA gedraai en 'n baie hegte bondgenootskap het tussen hulle ontwikkel. Egipte het op sy beurt toenadering tot USSR gesoek. Sy verhouding met die VSA wou nie vlot nie en hy was genoodsaak om ten koste van sy verhouding met Amerika 'n alliansie met Moskou te soek. Moskou was gretig om net soos Amerika sy invloed in die Midde-Ooste uit te brei en hy het die geleentheid om 'n bondgenootskap met Egipte te ontwikkel met ope arms aangegryp.

Die oorloë wat tussen Egipte en Israel in die tydperk tussen 1948 en Oktober 1973 plaasgevind het was gekenmerk aan die steun wat hul ontvang het van die supermoondhede. Die supermoondhede het getrou in die wapen behoeftes van hul bondgenote voorsien. Die VSA en USSR het ook genoegsame druk op Israel en Egipte geplaas om toe te sien dat 'n wapenstilstand ooreenkoms onderteken word nie lank na die uitbreek van 'n oorlog nie. Tot op daardie stadium het die supermoondhede daarin geslaag om beide hul vriende te ondersteun maar om ook saam te werk vir 'n wapenstilstand. Hulle was tot op daardie stadium nog nooit direk betrek in 'n oorlog nie. Beide supermoondhede was bewus van die bedreiging wat 'n direkte konfrontasie tussen hulle ingehou het. Hulle het dus probeer om hul vriende in so 'n mate te beheer dat hulle nie direk in die konflik betrek word nie. Dit was egter 'n baie moeilike taak gewees as gevolg van die druk wat die Koue Oorlog op die supermoondhede geplaas het. Die ontwikkelinge in die verhouding tussen die VSA en USSR het op sy beurt weer druk op hul bondgenote in die Midde-Ooste geplaas.



Met die Oktober-oorlog was die situasie omgekeerd. Egipte se doelwit met sy aanval teen Israel was om sy eer en aansien wat hy tydens die Sesdaagse oorlog van 1967 heeltemaal verloor het terug te wen. Hulle wou ook die Egiptiese gebiede wat deur Israel in die 1967 oorlog beset is terugneem. Egipte was gedetermineer om die arrogansie van die Israeli staat 'n knou te gee. Die aanvalle van Egipte het die hele wêreld verras en Israel moes alles in sy vermoë doen om die situasie in hul guns om te keer. Met die hulp van wapens en ondersteuning wat hul van Washington ontvang het was dit moontlik. Die verloop van dié oorlog was egter anders as die ander oorloë. 'n Situasie het ontwikkel waar die supermoondhede nou nie net hul bondgenote afsonderlik ondersteun en gehelp het nie maar daar is 'n stadium bereik waar hulle direk in die konflik betrek is en het hulle te staan gekom teenoor mekaar. Dit dui op die groot invloed wat die konflik in die Midde-Ooste op daardie tyd op die supermoondhede gehad het. Die Midde-Ooste het ontwikkel in 'n belangrike front in die Koue Oorlog.

Die belangrikste kwessies wat dié studie aanraak is die verhoudinge tussen die supermoondhede en hul bondgenote in die Midde-Ooste. Daar word gefokus op die verhoudinge tussen die supermoondhede en in watter mate die globale gebeure die situasie en ontwikkelinge in die Midde-Ooste beïnvloed het. Klem word gelê op die onderlinge verhoudinge tussen die lande in die Midde-Ooste en hoe die interne gebeure weer op hul beurt 'n invloed gehad het op die globale verhoudinge tussen die supermoondhede. Daar word deeglik gekyk in hoe 'n mate die verhouding tussen die Jode en Arabiese lande die verloop van gebeure in die Midde-Ooste bepaal het. Een van die hoof fokuspunte van die studie is die reaksie van die supermoondhede op die Oktober-oorlog van 1973 en hoe elkeen gereageer het na die beeindiging van die oorlog. Daar word gekyk in hoe 'n mate die oorlog die verhoudinge tussen die supermoondhede en hul bondgenote beïnvloed het en nuwe verhoudinge wat na die oorlog tot stand gekom het. Die Oktober-oorlog was die eerste Israel-Arabiese oorlog waartydens die supermoondhede direk in die oorlog betrek is. Die invloed wat dit op die détente beleid gehad word bespreek. Daar word breedvoerig gekyk na die wyse waarop USSR en Amerika gereageer het op die oorlog en hul optrede in die tydperk na die oorlog. Die verhoudinge en bondgenootskappe in die Midde-Ooste het taamlik na die Oktober-oorlog verander en dit was alleenlik as gevolg van die gebeure tydens en direk na die oorlog. Die Oktober-oorlog en die wyse waarop die internasionale gemeenskap gereageer het op die oorlog het 'n groot rol gespeel op

die vredesproses in die Midde-Ooste en dié proses word breedvoerig behandel in die tesis.

Die rede hoekom daar op dié spesifieke aspek gefokus word, is omdat die meeste literatuur fokus op of die verloop van die oorlog of die stryd tussen die Jode en Palestynse Arabiere. Meeste bronne fokus op die ontwikkeling en verloop van of die verhouding tussen die VSA en Israel of Egipte en USSR. Daar is baie min bronne wat fokus op die invloed wat die Oktober-oorlog gehad het op die interne verhoudinge in die Midde-Ooste. Asook die invloed wat die oorlog gehad het op die verhoudinge tussen die supermoondhede en hul betrekkinge met hul bondgenote in die Midde-Ooste.

Die term Arabier was 'n problematiese term in die studie. Vir die doel van die tesis word gebruik gemaak van die term Palestynse Arabiere en dit sluit in alle persone wat die taal, godsdiens en kultuur van die Arabiese nasies uitleef en wat in die gebied wat vandag as Israel bekend staan woon. Daar word deurgaans melding gemaak van die Arabiese lande en dit sluit in die huidige Egipte, Sirië, Irak, Lebanon en Iran. Soos vermeld word in hoofstuk 3 staan die Oktober-oorlog ook bekend as die Yom Kippur oorlog en ook die Ramadan oorlog. Vir die doel van die tesis het ek besluit om deurgaans die term Oktober-oorlog te gebruik om sodoende my studie toeganklik te maak vir alle kulture.

Daar is ondervind met die literatuur oor die onderwerp dat die meeste bronne pro-Israeli en pro-Amerikaans is. Dit was baie moeilik om bronne te verkry wat uit die Arabiese standpunt geskryf is. Daar is wel baie bronne oor die onderwerp en dit was in die algemeen nie 'n probleem om literatuur verkry nie. Oorlogstatistieke het egter verskil van bron tot bron en dit was moeilik om by tye akkurate inligting te bekom.

Die agtergrond van die konflik in die Midde-Ooste word in hoofstuk 1 bespreek en daar word gefokus op die ontstaan van die konflik en die faktore wat aanleiding gegee het tot die kompleksiteit van die oorlog. Die verhoudinge tussen die supermoondhede en Israel en Egipte word in hoofstuk 2 ontleed. Hoofstuk 3 fokus op die verloop van die Oktober-oorlog en die reaksie wat die Europese lande gehad het op die oorlog. Die reaksie van die supermoondhede na die Oktober-oorlog word in hoofstuk 4 bestudeer. Die ooreenkomste wat gesluit tussen die betrokke lande

asook die vredesonderhandelinge word deeglik bespreek. Hoofstuk 5 fokus op die Camp David beraad en die belangrike vredesooreenkoms wat tussen Israel en Egipte gesluit is. In die slothoofstuk word die gevolgtrekkings en konklusies breedvoerig uiteengesit.

Hiermee wil ek net van die geleentheid gebruik maak om my opregte dank en waardering te gee vir die Geskiedenis Departement en personeel wat my die geleentheid gegun het om die studie te onderneem en hulle hulp en ondersteuning. Ek wil in besonder vir Professor Kapp bedank vir sy moeite en bydraes. My liefde en passie vir Geskiedenis is grootliks aan hom te danke. 'n Groot dank aan Prof. Grundlingh wat my deur die laaste termyn gehelp het.

Dankie aan al my vriende wat my in dié tyd ondersteun en gemotiveer het om end uit te gaan. Die grootste dankie gaan aan my familie sonder wie ek beslis nie die mylpaal in my lewe sou kon bereik nie.

M. Botha

Stellenbosch

April 2003

## INHOUD

<b>Voorwoord</b> .....	vii
<b>1 Die historiese agtergrond tot die konflik tussen Israel en die Arabiese wêreld</b>	
1.1 Die ontstaan en opkoms van Zionisme.....	5
1.2 Arabiese Nasionalisme.....	10
1.3 Die onttrekking van Brittanje uit Palestina.....	17
1.4 Die stigting van die staat Israel.....	22
1.5 Die kwessie van die Palestynse vlugteling.....	24
<b>2 Die internasionale dimensie van die konflik</b>	
2.1 Die ontstaan en verloop van die bondgenootskap tussen die VSA en Israel vanaf 1948 – 1973.....	28
2.2 Die verhouding tussen Egipte en die VSA.....	45
2.3 Die bondgenootskap tussen Egipte en die USSR vanaf 1948 – 1973.....	49
<b>3 Die uitbreek en verloop van die Oktober-oorlog van 1973</b>	
3.1 Die verloop van die Oktober-oorlog van 1973.....	57
3.2 Die reaksie van die Europese lande op die oorlog.....	75
<b>4 Die reaksie en optrede van die supermoondhede in die Midde-Ooste na die Oktober-oorlog van 1973 tot en met die Camp David ooreenkomste van 1978</b>	
4.1 Die Geneva Konferensie – Desember 1973.....	79
4.2 Die Israel – Egiptiese Onttrekkings ooreenkoms – Januarie 1974.....	85
4.3 Die Israeli – Onttrekkings ooreenkoms – Mei 1974.....	88
4.4 Arabiese Bond Spitsberaad – Oktober 1974.....	92
4.5 Onderhandelinge tot en met die Sinaï ooreenkoms.....	93
4.6 Vredesonderhandelinge van 1976 tot voor die Camp David Beraad.....	97
<b>5 Die naspel van die oorlog</b>	
5.1 Die aanloop tot die Camp David Beraad.....	109
5.2 Die Camp David Beraad – September 1973.....	111
5.3 Die vredesooreenkoms tussen Israel en Egipte.....	115
5.4 Die rol van die USSR tydens die Camp David Beraad en Vredesooreenkoms tussen Israel en Egipte in 1979.....	117
<b>6 Slot</b> .....	<b>120</b>
<b>Bronne</b> .....	<b>127</b>

## HOOFSTUK 1

### Die historiese agtergrond tot die konflik tussen Israel en die Arabiese wêreld

Die fondasie van die Joodse nasie is gegrond op hulle aandrang op 'n verbond met God en dat hulle daarom 'n heilige nasie is. Die Torah (die Joodse naam vir die Pentateuch of die eerste vyf boeke van die Bybel) word deur hulle beskou as die Woord van God en daarvolgens is dit elke Jood se plig om God te dien en om die wette, soos dit deur God neergelê is, te gehoorsaam. Ten spyte van veranderde tye het die Torah deur die eeue onveranderd gebly. Volgens die tradisionele Joodse wet word daar nie 'n onderskeiding getref tussen die kerk en die staat nie en bestaan daar ook nie 'n verdeling tussen 'n persoon se sekulêre en godsdienstige lewe nie. Die Torah was dan ook in Antieke Tye die siviele en godsdienstige grondwet van die Joodse samelewing.<sup>1</sup>

In die poging om die konflik in die Midde-Ooste te verstaan moet daar deeglik na die oorsprong van die konflik gekyk word. Daarvoor moet daar teruggegaan word na die Bybelse tye want dis waar die oorsprong van die konflik vandaan kom. Die geskiedenis en gebeure van die Midde-Ooste deur die dekades het 'n direkte bydrae gelewer tot die kompleksiteit en sensitiwiteit van die konflik. Omdat die konflik so 'n lang geskiedenis het kan dit nie in sy volheid verstaan word as daar nie deeglik gekyk word na die ontstaan van die Jode en Arabiere nie asook hulle kulture en geloofsoortuigings. Die antieke agtergrond van die verhoudinge tussen die lande in en samelewings in die Midde-Ooste dra ook by tot die verloop van die moderne konflik in die gebied.

'n Groot deel van die Joodse bevolking wêreldwyd beklemtoon die historiese band wat daar bestaan tussen die Jode en Palestina. In die tweede millenium voor Christus het Semitiese stamme oor die Arabiese woestyn in die rigting van die see getrek. 'n Sekere deel van die stamme was afstammeling van Abraham van Ur. Die afstammeling van Abraham het na Egipte getrek en daar gegroei tot 'n noemenswaardige nasie. Volgens die Bybel het die Egiptiese owerhede die

---

<sup>1</sup> P. Duignan: **The Middle East and North Africa**, p. 56.

Israeliete toe as 'n bedreiging gesien. Exodus 1:8-12: "Toe staan daar 'n nuwe koning oor Egipte op wat niks van Josef geweet het nie. Dié het aan sy volk gesê: Kyk, die volk van die kinders van Israel is meer en magtiger as ons. Kom, laat ons 'n slim plan teen hulle beraam, sodat hulle nie kan vermeerder nie, en as ons in oorlog geraak, hulle ook nie by ons vyande aansluit en teen ons veg en uit die land optrek nie. Daar is toe opsigters van dwangarbeid oor hulle aangestel om hulle met harde arbeid te verdruk. En hulle het vir Farao die voorraadstede Pitom en Raamses gebou. Maar hoe meer hulle verdruk is, hoe meer het hulle vermenigvuldig en hulle uitgebrei, sodat hulle bang geword het vir die kinders van Israel." Die afstammeling van Abraham is vernoem na sy kleinseun Jakob wat ook Israel genoem is en die nasie het bekend gestaan as die Israeliete. Na baie jare van slawerny het God die Israeliete op 'n wonderbaarlike wyse vrygelaat uit die hande van die Egiptenare en het hulle weggetrek uit Egipte.

Volgens die Bybel in Joshua 3 is die Israeliete deur Joshua deur die Jordaanrivier gelei en het hulle hier te staan gekom teen die een koning na die ander. Die Israeliete het na vele veldslae uiteindelik heerskappy gekry oor die land van Kanaän. Gedurende die 10de tot 11de eeu vC het daar 'n oorlogstoestand geheers tussen die Israeliete en die Filistyne. Die twispunt was die grondgebied van Judea en Galilea. Koning Dawid was in die tydperk koning van die Israeliete. Die land van Israel het tydens sy heerskappy gestrek vanaf Damaskus in die noorde tot en met die Rooi See in die suide. Israel het onder leiding van Koning Dawid die beheer van Jerusalem oorgeneem by die Jebusiete. In 953 BC het die seun van Koning Dawid, Salomo, 'n tempel gebou in Jerusalem wat 'n permanente rusplek moes wees vir die Verbondsark. Die kleitablette waarop die Tien Gebooe gegraveer was, was in die Verbondsark geberg en dit het oral saam met die Israeliete gegaan in hul omswerwinge deur die woestyn. Daar is geglo dat die teenwoordigheid van God saam met die Verbondsark gegaan het en was daarom heilig vir die Israeliete. Koning Salomo het die tempel laat bou op 'n heuwel wat nou die fokuspunt is van 'n eeue lange konflik tussen die Israeliete en Arabiere.<sup>2</sup>

Met die dood van Koning Salomo in 928 vC is sy koninkryk in twee verdeel as gevolg van onderlinge twis en verdeeldheid binne die Israelitiese nasie. Die koninkryk is verdeel in 'n noordelike provinsie, Israel, en 'n suidelike provinsie, Judea. Die

Assiriërs het geleidelik hul magbasis uitgebrei oor Israel maar in die periode tussen 630-597 vC is die hele Israel en Judea oorgeneem deur die Babiloniërs onder Nebukadnésar II. Die Israeliete is toe in ballingskap weggevoer Babilon<sup>3</sup> toe. Die Israeliese nasie was vir 46 jaar onder die heerskappy van Nebukadnésar. In 539 vC het die Persiese Ryk Babilonië binnegeval en die Israeliete is vrygelaat om terug te keer na Jerusalem. In die periode 150-63 vC is Palestina onder die leierskap van die Romeinse Ryk geplaas. Dit was die Romeine wat die gebiede Israel en Judea in een provinsie, nl. Palestina verenig het. Daar het grootskaalse opstande in Palestina plaasgevind tussen 454-135 nC. Pogings om die opstande te beëindig het ingesluit die totale vernietiging van stede, dorpe en baie mense het hulle lewens verloor. In 70 vC is die hele stad Jerusalem asook die tempel van Salomo deur die Romeine vernietig. Al wat oorgebly het was die westelike muur van die tempel. In 117 vC het die nuwe keiser, Hadrian, alle Joodse gebruike asook die openbare bestudering van die Torah verbied. Die Romeine het later Jerusalem self herbou waartydens hulle 'n standbeeld van Hadrian op die heuwel geplaas het waar die tempel van Salomo gebou was en die Israeliete was toegelaat om net een dag per jaar Jerusalem te besoek.<sup>4</sup>

Daar moet 'n onderskeid getref word tussen die terme Israel, Israeliet en Jood. Die term Jood word direk afgelei van Juda, een van die twaalf stamme van Israel. Met die terugkeer van die Israeliete uit Babiloniese ballingskap is na hulle verwys as die Jode en nie meer die Israeliete nie. Die term Israeliet fokus primêr op nasionale afkoms, terwyl die term Jood meer op godsdienst, kultuur en geskiedenis fokus. Met die stigting van die staat Israel in 1948 is die nuwe term, nl. Israeli bygevoeg en verwys dit na enige burger van die land Israel ongeag van hul kulturele agtergrond hetsy dit Jood, Arabier of Druze is.<sup>5</sup>

Die Diaspora, die verspreiding van die Jode regoor die wêreld, het reeds voor 135 nC begin en dit sou eers eindig in die 20ste eeu. Die Jode het 'n tydperk binnegegaan waar hulle op groot skaal vervolgt is. Tydens die Inkwisisie in Spanje en Portugal in die vyftiende eeu moes die Jode kies tussen die aanneming van

---

<sup>2</sup> A. Sanger: **Explorer Israel**, pp. 30-31.

<sup>3</sup> Vandag staan Babilon bekend as Irak

<sup>4</sup> A. Sanger: **Explorer Israel**, pp. 30-31.

<sup>5</sup> D.Prince: **The Last Word on the Middle East**, pp. 17-18.

lidmaatskap van die Rooms-Katolieke Kerk of die dood. 'n Groot aantal Jode het lidmate van die Rooms-Katolieke Kerk geword, maar ten spyte daarvan is baie Jode voor die voet vermoor. Vanaf 1290 is alle Jode uit Engeland gedeporteer en was die land vir 'n lang tyd sonder enige Joodse gemeenskap.<sup>6</sup>

Christen veroweraars het duisende Jode uit Spanje gedeporteer in 1492 en die Jode het begin pogings aanwend om terug te keer na Palestina. Die Ottomaanse Ryk het in 1517 beheer oorgeneem van Palestina en het veral in die begin van hul heerskappy moeite gedoen om dele van Jerusalem te herbou en hulle was grootliks verantwoordelik vir die herbou van die huidige stadsmure. Teen die 1870's het groot getalle Jode uit Oos-Europa na Palestina teruggekeer en in die tydperk 1882-1903 het die eerste georganiseerde massa immigrasie plaasgevind. Hulle motivering was grootliks polities of godsdienstig van aard. In groot dele van Oos-Europa was die Jode verplig om net in sekere afgebakende gebiede in die dorpe of stede te woon en die gebiede het bekend gestaan as ghettos. Hulle moes in sekere lande selfs geel kentekens dra om hulle te onderskei van die res van die samelewing. Die algemene toestande in die ghettos was baie sleg en geleenthede, op alle vlakke, het al minder geword vir Jode soos anti-Semitisme in Europa toegeneem het. Die Jode het gehoop dat die vooruitsigte in Palestina beter sou wees as waaraan hulle gewoond was.<sup>7</sup>

Die Jode het geglo dat God aan hulle 'n belofte gemaak het in die Bybel dat hy hulle weer as 'n nasie sou terugbring Palestina toe. Daarmee saam het hulle geglo dat die grondgebied dus aan hulle as 'n Joodse nasie behoort het soos die Here dit aan hulle toevertrou het. Die belofte van God is deur die Jode letterlik opgeneem en hulle was oortuig daarvan dat die grond aan hulle behoort het. Dit het ook aanleiding gegee tot die opkoms van nasionalisme onder die Joodse samelewing. Jesaja 11:11: "En in dié dag sal die Here weer vir die tweede keer sy hand uitstrek, om die oorblyfsel van sy volk los te koop wat sal oorbly uit Assirië en Egipte en Patros en Kus en Elam en Sinear en Hamat en uit die kuslande van die see." Jeremia 30:3;10-11: "...want kyk, daar kom dae spreek die Here, dat ek die lot van my volk Israel en Juda sal verander, sê die Here; en Ek sal hulle terugbring in die land wat Ek aan hulle vaders gegee het, en hulle sal dit in besit neem. Jy dan, wees nie bevrees nie,

---

<sup>6</sup> D.Prince: **The Last Word on the Middle East**,pp. 28-30.

<sup>7</sup> A. Sanger: **Explorer Israel**,pp. 36-41.



o my kneg Jakob, spreek die Here; en wees nie verskrik, o Israel! Want kyk, ek verlos jou uit ver plekke en jou nageslag uit die land van hul gevangenskap; en Jakob sal terugkom en stil en gerus wees sonder dat iemand hom skrikmaak. Want Ek is met jou, spreek die Here, om jou te verlos. Want ek sal 'n einde maak aan al die nasies waarheen Ek jou verstrooi het; maar aan jou sal Ek geen einde maak nie, Ek sal jou tugtig met mate, al sal Ek jou sekerlik nie ongestraf laat bly nie.” Die Jode het die belofte letterlik opgeneem en het geglo dat Palestina regmatig aan hulle behoort omdat God 'n belofte aan hulle gemaak het. En dit gee hulle die reg bo enige ander nasie wat in Palestina op daardie stadium bly om die leierskap bo hulle te hê in die gebied. Die toenemende anti-Semitisme regoor die wêreld het bygedra tot 'n groot toename in die Jode se behoefte om terug te keer na die “Beloofde Land”. Die belofte van God en die groeiende anti-Semitisme deur die wêreld het ook grootliks bygedra tot 'n groeiende nasionalisme onder die Joodse bevolking. Die Jode was ook desperaat genoeg om van enige metode gebruik te maak om terug te keer Palestina toe.

### **1.1 Die ontstaan en opkoms van Zionisme**

Zionisme het sy ontstaan gehad in Europa in die laaste twee dekades van die negentiende eeu en het bekend gestaan as die Nasionale Bevrydingsbeweging vir die Joodse bevolking. Die beweging se hoofdoel was om hul te beywer vir die hervestiging van die Joodse samelewing in Palestina, die land wat vir die eerste keer aan hul beloof is in Genesis 15:18 "Op dié dag het die Here met Abram 'n verbond gesluit en gesê: Aan jou nageslag gee Ek hierdie land, van die rivier van Egipte af tot by die groot rivier, die Eufraatrivier,”. Hulle het die algemene behoefte onder die Joodse samelewing vir normaliteit, bevryding en onafhanklikheid raakgesien en wou sien dat in die behoeftes voorsien word. Die term Zionisme, een van die Bybelse name vir Jerusalem, is vir die eerste keer amptelik gebruik in 1885 deur, Nathan Birnbaum, 'n Joodse skrywer van Wenen. Zionisme was die antwoord op die volgende twee probleme wat die Jode in die gesig gestaar het, nl. die feit dat die Jode versprei was regoor die wêreld en dat hulle in elke land 'n minderheid verteenwoordig het. Die beweging van Zionisme het gepoog om die abnormale bestaan en afhanklikheid van die Joodse nasie te beëindig deur middel van hulle terugkering na Palestina, om 'n meerderheidstatus daar te verkry gevolg deur politieke onafhanklikheid. Zionisme het sy wortels gekry in die mislukking van die

Jode om geassimileer te word in die Westerse samelewings. Die groeiende anti-Semitisme en opkoms van nasionalisme het ook bygedra tot die groei en vestiging van Zionisme.<sup>8</sup>

Daar was baie intellektueles wat hulle beywer het vir 'n onafhanklike Joodse staat, maar Theodor Herzl staan bekend as die vader van Zionisme. Herzl (1860-1904) het as 'n joernalis in Wenen gewerk en het nie eers belang gestel in die belange van die Jode nie. Nadat hy 'n aantal stories oor anti-Semitisme as korrespondent behartig het, het sy belangstelling in die toekoms van die Joodse samelewing geleidelik sterker geword.<sup>9</sup> Herzl het tot die gevolgtrekking gekom dat assimilasië en emansipasië in die samelewings waar die Jode woonagtig was nie die antwoord op die Joodse probleem is nie omdat die Jode 'n enkele nasie is. Die probleem was nie ekonomies of sosiaal van aard nie, maar nasionaal en staatkundig. Die enigste antwoord was dat die Jode hul eie grondgebied moes bekom, soewereiniteit daarvoor verkry en hulle eie staat stig. In 1896 het Herzl 'n boekie, *Der Judenstaat*, gepubliseer waarin hy geskryf het dat die stigting van 'n Joodse staat die enigste oplossing was vir die Joodse probleem. Hy het ook gesê dat buitelandse hulp nie hul probleem kon oplos nie, maar dat hul onafhanklikheid net sou verkry word deur hul eie pogings.<sup>10</sup>

Die publikasie van *Der Judenstaat* is algemeen aanvaar as die beginpunt van die geskiedenis van die Zionistiese beweging. Herzl het in 1897 die Eerste Kongres vir Zionisme in Basel, Switserland byeengeroep. Die Basel Program het uiteengesit dat die doel van Zionisme die skep van 'n tuiste vir die Joodse nasie is in Palestina met die beskerming van 'n staatswet. Herzl het tydens die kongres die volgende in sy dagboek geskryf: "In Basel het ek die Joodse Staat gestig. As ek dit nou hardop sê sal ek begroet word met 'n universele gelag. Miskien in die volgende vyf jaar maar definitief binne vyftig sal almal dit weet."<sup>11</sup>

Zionisme is deur Herzl aan die wêreld bekendgestel en hy het die aandag begin fokus op anti-Semitisme. Hy het nie gekroom om 'n probleem aan te spreek wat die Weste verkies het om te ignoreer nie. Herzl het menigte wêreldleiers genader in sy

---

<sup>8</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 1-2.

<sup>9</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, p. 2.

<sup>10</sup> J.Tsur: **Zionism**, p. 38.

<sup>11</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 2-3.

pogings om die doelwitte van Zionisme te bereik. Die Ottomaanse Sultan is genader in 'n poging om 'n Handves te kry waarin die Jode toestemming kon kry tot die hervestiging en stigting van 'n Joodse tuiste in Palestina. Herzl het ook die volgende wêreldleiers gesien ,nl. die Pous, die Koning van Italië, die Duitse Keiser en Joseph Chamberlain toe Britse Koloniale Sekretaris. Herzl het sy saak aan elke leier op so 'n manier gestel dat elkeen individueel voordeel sou trek uit 'n ooreenkoms tussen hulle en die Jode. Aan die sultan is Joodse kapitaal belowe, aan die Duitse Keiser het hy belowe dat die Joodse gebied 'n buitepos kon wees vir Berlyn, aan Chamberlain het hy die vooruitsig gestel dat as die Jode hul eie tuisland kry dat hulle 'n kolonie van die Britse Koninkryk sou word. Deurgaans het Herzl se argument dieselfde gebly: die verkryging van steun vanaf die groot moondhede vir die ontwikkeling van Palestina in 'n politieke sentrum vir die Joodse nasie.

Daar was 'n algemene besef onder die Beweging van Zionisme se leiers dat hulle alleenlik in hul doel vir 'n onafhanklike Joodse staat sou slaag met die hulp van 'n alliansie met 'n supermoondheid. Die groeiende vyandigheid van die Palestynse Arabiere en die feit dat die Yishuv, die Joodse gemeenskap in Palestina voor die onafhanklikwording, nie baie sterk was nie het direk bygedra dat 'n bondgenootskap met 'n supermoondheid een van die sentrale elemente in die Zionistiese strategie was.<sup>12</sup> Herzl se pogings om 'n ooreenkoms met die sultan van Konstantinopel te bereik was nie suksesvol nie. Die sultan het Palestina beskou as 'n gebied wat nie net sterk bande met die Jode gehad het nie, maar ook met ander nasies. Hy het toe besluit om na die een land te draai wat die meeste sou baat met die verbrokkeling van die Ottomaanse Ryk en dit was Brittanje. Hy het gehoop dat indien Brittanje vir die Jode 'n handves vir soewereine regte sou gee, dit sou lei tot die totstandkoming van 'n onafhanklike Joodse staat.<sup>13</sup>

Die hoofargitek van die alliansie tussen Brittanje en die Zionistiese Beweging was Chaim Weizmann (1874-1952). Weizmann is in USSR gebore en het naskoolse opleiding ontvang aan die Universiteite van Berlyn en Genève. Hy was betrokke by die Zionistiese Beweging vanaf die stigting. In 1904 het hy verhuis na Brittanje en met sy uitstekende diplomatieke talente baie kontakte gebou en spoedig 'n posisie van invloed beklee binne die Zionistiese Beweging. In 1920 is hy gekies tot

---

<sup>12</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 4-5.

<sup>13</sup> R. Owendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 5.

president van die Wêreld Zionistiese Organisasie en ten spyte van 'n 5 jaar onderbreking van sy presidentskap, 1931-1935, het hy die posisie beklee tot en met 1946. Chaim Weizmann was ook die eerste president van die staat Israel tussen 1948 en 1952.<sup>14</sup>

Weizmann het tydens die Britse Algemene Verkiesing van 1906 Arthur James Balfour, die Britse Sekretaris van Buitelandse Sake, ontmoet. Balfour het sedert die 1890's 'n belangstelling getoon in die Joodse probleem en hy het hom sterk uitgespreek teen anti-Semitisme. Chaim Weizmann het met 'n besoek aan Palestina in 1907 besef dat diplomatieke druk alleen nie die regerings van Europa gaan oortuig aan die behoefte van die Jode vir 'n eie onafhanklike staat nie. Dit was nodig om op 'n praktiese manier die regerings daarvan te oortuig en die mees suksesvolle manier was massa immigrasie na Palestina. Grootskaalse Joodse immigrasie het vanaf 1882 plaasgevind en die pogings van die Turke om dit te keer was onsuksesvol. Die eerste Joodse stad, Tel Aviv, het sy ontstaan gehad in 1909. Teen 1914 het ongeveer 85 000 Jode Palestina hul tuiste gemaak en hulle het alreeds 2% van die Palestynse grond wettig besit.<sup>15</sup>

Tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) het dit duidelik geword dat die Ottomaanse Ryk tot sy einde gekom het. Na die oorlog het die Volkebond Palestina aan Brittanje gegee om as mandaatgebied te beheer. Daar is aan Brittanje ook die opdrag gegee om Joodse immigrasie en hervestiging te fasiliteer. Tot die triomf van die Zionistiese Beweging is die Balfour Verklaring deur A.J. Balfour op 2 November 1917 bekend gestel. Die Verklaring het sy ontstaan gekry uit 'n brief wat Lord Balfour aan Lord Rothchild geskryf het: "His Majesty's Government view with favour the establishment in Palestine of a national home for the Jewish people, and will use their best endeavours to facilitate the achievement of this object, it being clearly understood that nothing shall be done which may prejudice the civil and religious rights of existing non-Jewish communities in Palestine, or the rights and political status enjoyed by the Jews in any other country."<sup>16</sup> Met die publikasie van die Balfour Verklaring was die totale Joodse bevolking in Palestina 56 000 terwyl die Arabiere in die gebied 600 000 sterk was. Die Arabiese bevolking was meer as 90%

---

<sup>14</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 5-6.

<sup>15</sup> R. Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 7-8.

<sup>16</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

van die totale Palestynse bevolking en vir die Palestynse Arabiere was dit duidelik dat hulle politieke regte heeltemal geïgnoreer word.<sup>17</sup>

Die Britse administrasie het na 1917 vir 'n kort periode Joodse immigrasie na Palestina gefasiliteer en aangemoedig maar dit was van korte duur. Brittanje het begin om die Joodse immigrasie te beperk en Brittanje het meer belangstelling in die Arabiese nasies begin toon. Brittanje het voor die Eerste Wêreldoorlog 'n belofte aan Hussein, die Sharif van Mekka, gemaak dat hulle die stigting van 'n onafhanklike Arabiese Koninkryk na die oorlog sou steun in ruil vir 'n Arabiese opstand teen die Ottomaanse Ryk. Brittanje en Frankryk het in 1916 'n ooreenkoms aangegaan waar hulle in die geval van 'n Geallieerde oorwinning die Midde-Ooste in Britse en Franse invloedssfeer sou verdeel en die ooreenkoms het bekend gestaan as die Sykes-Picot Ooreenkoms. Die beloftes het bygedra tot die verswakking van die verhouding tussen Brittanje en die Jode en wantroue in die Britse regering het toegeneem. Winston Churchill se witskrif van 1922 het die Britse ondersteuning vir 'n Joodse staat op drie maniere beperk. Eerstens het dit ekonomiese kriteria daargestel vir Joodse immigrasie, dit het verkose instellings voorgestel wat gebaseer is op proporsionele verteenwoordiging in stede van pariteit en dit het die Transjordanse gebied uitgesluit van gebiede beskikbaar vir die vestiging van Joodse nedersettings.<sup>18</sup>

Die Midde-Ooste het alreeds hier oor die vermoë beskik om die wêreldmoondhede te betrek in die manipulasie van die situasie in Palestina. Die leiers van die Zionistiese Beweging was oortuig daarvan dat hul nie sou slaag in hul doelwit vir 'n onafhanklike Joodse staat sonder die ondersteuning en invloed van die supermoondhede nie. Na die Eerste Wêreldoorlog is Palestina aan Brittanje gegee om as mandaatgebied te beheer en hul het al die probleme en konflik daarmee saam geerf. Dit was nie net Brittanje wat sy invloed in die gebied gehad het en probeer uitbrei het nie maar ook Frankryk het belange in die gebied gehad. Soos die konflik tussen die Jode en die Palestynse Arabiere toegeneem het so ook het die verantwoordelikheid van Brittanje toegeneem om die gebied te beheer en om wet en orde te handhaaf. Dit het weer aansienlik groter druk op Brittanje geplaas en daarmee het die Midde-Ooste algaande meer die aandag van ander lande ook gekry.

---

<sup>17</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p. 7.

<sup>18</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p. 10.

Na die Eerste Wêreldoorlog het dit gelyk asof die Joodse bestaan in die Ou Wêreld iets van die verlede was. In menigde lande is daar teen die Joodse samelewings gediskrimineer en dade van geweld teen hulle plaasgevind net omdat hulle Joods was. Pogings om hulle in die onderskeie samelewings te assimileer het ook plaasgevind en dit het 'n bedreiging ingehou vir die voortbestaan van die Jode as 'n nasie. Uit desperaatheid het duisende Jode by die Zionistiese Beweging aangesluit. 'n Visie wat ontstaan het by 'n groepie Jode om die uitwissing van die Joodse samelewing te voorkom het aanleiding gegee tot die belofte van die Joodse samelewing in Palestina dat hulle 'n tuiste daar sou verseker vir almal wat die vervolging in Europa sou oorleef.<sup>19</sup>

Tydens die oorlog was dit duidelik dat anti-Semitisme veral in Oos-Europa 'n hoogtepunt bereik het. Die Joodse samelewing was geskok oor die dade van terreur wat teen hulle plaasgevind het. Zionisme was vir die Jode in Oos-Europa die antwoord op hul gebede en dit was nie net die voertuig tot die herstel van die Joodse samelewing nie, maar ook die redding van die bietjie menswaardigheid wat die Jode nog oorgehad het.

## 1.2 Arabiese Nasionalisme

Die grondslag van die Islam geloof is dat godsdienste die basis vorm van elke persoon en sy roeping op aarde. Die letterlike betekenis van Islam is onderdanigheid en die Moslems glo dat elke persoon onderdanig moet wees aan die Woord van God soos dit geopenbaar is aan die profeet Mohammed. Mohammed is tussen 570-580 vC gebore in Mekka. Volgens oorlewering is hy as 'n hy 'n middeljarige man deur die engel Gabriël geroep om die boodskap van God te verkondig. Islam het sy ontstaan uit die openbaringe wat Mohammed tussen 610-622 vC ontvang het. Sy inspirasie en die boodskap wat hy van God gekry het, is opgeskryf in die Koran. Die Moslems se belydenis van geloof is kort en maklik genoeg om deur enige persoon van enige klas gememoriseer te word: "There is no God, but God; Mohammed is the Apostle of God." Daar is geglo dat Mohammed 'n gewone mens was maar dat hy die boodskapper van God is en dat God Sy woorde aan hom vir die mensdom geopenbaar het.<sup>20</sup>

---

<sup>19</sup> J. Tsur: **Zionism**, pp. 52-53.

<sup>20</sup> P. Duignan: **The Middle East and North Africa**, pp. 4-5.

Judaïsme en die Moslemgeloof stem ooreen in dié opsig dat altwee geen onderskeid tref tussen die kerk en staat nie. Beide glo dat daar geen onderskeid getref kan word tussen die godsdienstige en sekulêre sferes van 'n mens nie. Volgens die Islamgeloof bestaan die wêreld uit twee groepe. Die een groep is diegene wat in Mohammed en die Islamgeloof glo en die ander groep is diegene wat nie in Mohammed glo nie en wat bekeer moet word tot die geloof. Die Moslems glo dat die wêreld deur middel van die Jihad (heilige oorlog) bekeer moet word tot Islam. Islam het gevolglik 'n politieke entiteit nodig om God se wil uit te voer.<sup>21</sup>

In die tweede eeu voor die geboorte van Christus het Arabiese stamme uit Arabië weggetrek en hulle gaan vestig in die gebiede wat nou bekend staan as Irak en Sirië. Dit was eers met die verspreiding van Islam in die sewende eeu dat die Arabiese kultuur en taal versprei het met die verowering van Sirië, Irak, Persië, Egipte, die kus van Noord-Afrika en Spanje. Die Arabiese nasie het eers net bestaan uit bedouin stamme van Arabië en later het dit uitgebrei om die linguïstiese taalgroep te omskryf.<sup>22</sup>

Jerusalem het nie net 'n heilige betekenis gehad vir die Jode nie, maar ook vir die Moslems. Islamitiese magte het Palestina binnegeval in 638 vC en het die Bisantynse Ryk verower. Die gebied is toe vanaf Damaskus beheer deur die Omayyad Dinastie. Die Kalif Abd el-Malik het tydens die jare wat hy aan bewind was van Palestina algemeen verkondig dat Mohammed in Jerusalem vanaf die heuwel waar die Joodse tempel gebou was op sy perd opgevaar het hemel toe. In 700 vC het hy bo-op die heuwel die Dome of the Rock Moskee gebou. Hulle het die moskee gebou in die middel van die klipplatform waar die Joodse Tempel eers gestaan het. Abd el-Malik se seun, Al-Walik, het ook 'n kerk wat op Tempelberg gestaan het omskep in die El-Aksa Moskee. Tesame met Mekka, die geboorteplek van Mohammed, en Medina het Jerusalem een van die drie heiligste plekke geword vir die Moslems. Met die disintegrasie van die Arabiese Ryk is Palestina verower deur die Seljuk Turke.

Irak, Sirië en Egipte het almal onder buitelandse beheer gekom. Die Ottomaanse Turke was oorspronklik 'n nomadiese nasie van Sentraal Asië wat die Islamitiese geloof aangeneem het. Met die bewindsoorname van Irak, Sirië en Egipte het hulle

---

<sup>21</sup> P. Duignan: **The Middle East and North Africa**, pp. 56-57.

<sup>22</sup> R. Owendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 8-9.

'n magtige militêre monargie gevorm. Hulle het ook in 1453 Konstantinopel oorgeneem en dit het van toe af bekend gestaan as die nuwe Rome. Ottomaanse soewereiniteit het nou gestrek tot en met die grense van Marokko. Egipte en Sirië wat die kern van die Arabiese kultuur was, was nou ten volle onder die Ottomaanse beheer. Napoleon Bonaparte van Frankryk se magte het Egipte in 1798 binnegeval en dit was die begin van 'n reeks politieke nederlae vir Islam. Daarmee saam was die prestige van die Islam weermag vernietig. Die Ottomaanse monargie was van toe af toenemend op die verdediging teen die bedreigende magte. Frankryk het tussen 1830 en 1848 Algerië verower en het toenemend 'n bedreiging geword vir die Ottomaanse beheer van die Midde-Ooste.

Die Britse magte het suksesvol die Egiptiese nasionalistiese magte Tel-el-Kebir in 1882 oorrumpel en sy invloed uitgebrei oor die Midde-Ooste. Die verwestering van die gebiede het al hoe meer 'n bedreiging ingehou vir die tradisionele Islam kultuur.<sup>23</sup>

In die tydperk 1850-1860's het daar 'n groot literêre herlewing plaasgevind in Sirië onder die Arabiese samelewing. Groot verenigings is gestig en hulle het in detail die Arabiese geskiedenis, literatuur en kultuur van die goue eeu van die Arabiese Ryk bestudeer. Dit het baie bygedra tot die opkoms van Arabiese nasionalisme.<sup>24</sup> Teen 1891 het die Arabiere in Palestina bewus geword van 'n ander bedreiging en dit was die groeiende Joodse immigrasie na Palestina. Die Arabiere het dadelik geëis dat daar 'n einde gemaak moet word aan die toenemende vloed van die Joodse immigrante na Palestina asook die aankoop van Arabiese grond deur die Jode. Die Arabiere in Palestina het teen die einde van die 1890's die Zionistiese beweging gewaarsku dat hulle program van immigrasie nie prakties uitvoerbaar is nie, want op daardie stadium het daar reeds konflik plaasgevind tussen die Arabiere en die Joodse immigrante in Palestina. Die Arabiere het 'n onderskeid getref tussen die Ottomaanse Jode en die Jode wat later na Palestina geëmigreer het. Die Ottomaanse Jode was die Jode wat gebore en grootgeword het in Palestina. Hulle het dieselfde regte as die Arabiere gehad terwyl die Jode wat later na Palestina geëmigreer het nie daarop geregtig was nie. Die Arabiere het ook 'n duidelike onderskeid getref tussen die Jode wat Zioniste was en diegene wat nie-Zioniste was nie. Opstande tussen die Arabiere en Zioniste in Palestina het tussen 1909-1914 op

---

<sup>23</sup> P. Duignan: **The Middle East and North Africa**, pp. 13-19.

<sup>24</sup> R. Owendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 8-10.



groot skaal toegeneem. Die Arabiere was bang dat indien die Jode Palestina verower dat dit die einde sou beteken van die territoriale eenheid van die Arabiere. Daar is verskeie redes vir die vrees en dit het onder andere ingesluit dat indien die Jode Palestina verower dat die Palestynse Arabiere dan onder die heerskappy van die Jode sou wees en dat hul 'n onsekere toekoms in die gebied sou hê. Die territoriale eenheid van die Arabiere het bygedra tot hul mag en invloed en die Jode het 'n bedreiging daarvoor ingehou. In 1909 het die Arabiere aksie ingeneem teen die Zioniste en daar is begin om beperkende wetgewing teen hulle te implementeer.<sup>25</sup>

In 'n poging om die Arabiere se teenstand teen die Jode te verstaan moet daar gekyk word na die Jode se houding teenoor die Arabiere. Chaim Weizmann was bereid om die Arabiere toe te laat om saam met hulle op 'n Gesamentlike Raad te dien, sodat hulle saam in beheer van Palestina kon wees. Hy het die Arabiere egter nie as gelyke geag in die onderhandelinge vir die toekoms van Palestina nie. Weizmann was van mening dat onderhandelinge oor Palestina moes plaasvind alleenlik tussen Brittanje en die Jode.<sup>26</sup>

Ze'ev Jabotinsky was 'n vurige Joodse nasionalis, stigter van die Revisionistiese Zionisme en geestelike vader van die regse politieke vleuel van Israel. Jabotinsky was van mening dat dit onaanvaarbaar was om te dink dat die Palestynse Arabiere van Palestina verwyder kon word. Op 'n filosofiese toon het hy gewonder of 'n mens altyd doelwitte vir vrede sou kon bereik deur middel van vredevolle metodes. Die antwoord op die vraag was dat dit afgehang het van die houding van die Arabiere teenoor die Zioniste en nie die houding van die Zioniste teenoor die Arabiere nie. Jabotinsky het verstaan dat 'n vrywillige ooreenkoms tussen die Zioniste en die Arabiere in Palestina heeltemal onwaarskynlik was in die toekoms en dat die Palestynse Arabiere Palestina as hul tuiste gesien het en nie van plan was om daarvan af te sien nie. Hy het ook geskryf dat enige inheemse groep diegene wat hul wil vestig in hul land sal verwerp en teenstaan indien dit lyk asof hulle heeltemal kan ontslae raak van die mense. Dit is hoekom die Arabiere sal voortgaan om te keer dat Palestina 'n Joodse staat word."<sup>27</sup>

---

<sup>25</sup> R. Owendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 9-11.

<sup>26</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 7-10.

'n Opsie wat Jabotinsky oorweeg het was om aan die nie-Palestynse Arabiere geld of 'n politieke alliansie aan te bied in ruil vir hulle erkenning van Palestina as 'n Joodse staat. Die opsie is egter dadelik verwerp omdat dit niks sou verander aan die lot van die Palestynse Arabiere en die vyandigheid tussen hulle en die Jode nie. Tweedens sou dit verraad wees teenoor die Europese koloniale magte, veral Brittanje, as hulle Joodse geld en politieke steun aan die Arabiese lande van die Midde-Ooste verleen en dit sou selfmoord vir die Jode en hul doelwit van 'n onafhanklike Israeliese staat beteken. Jabotinsky het tot die slotsom gekom dat hulle of hul hervestigings doelwitte moet beëindig of daar moet voortgegaan word sonder om ag te gee op die reaksie van die Arabiere. Hervestiging kan dus plaasvind onder die beskerming van 'n mag wat nie afhanklik is van die plaaslike inwoners nie met die gevolg dat hulle beskerm sou word deur 'n ystergordyn waardeur niemand kan breek nie. Jabotinsky het ook erken dat die Palestynse Arabiere geregtig is op nasionale regte en nie net individuele regte nie.<sup>28</sup>

David Ben-Gurion (1886-1973) het nie net bygedra tot die vestiging van die militêre mag van die Yishuv nie maar was ook een van die stigterslede van die staat Israel. Hy is gebore in Poland en het vroeg in sy lewe 'n passie vir sosialisme en Zionisme gehad. Ben-Gurion het in 1906 na Palestina verhuis en het aktief betrokke geraak in die Po'ale Zionistiese party wat die voorloper was van die Israeli Arbeider party. Hy het ook die ampte van minister van verdediging en Eerste Minister beklee in die periode tussen 1948 – 1963. David Ben-Gurion het tussen 1920 en 1930 algemeen erken dat die Palestynse Arabiere nie 'n aparte nasionale entiteit van die ander Arabiere vorm nie en dat daar inherent geen konflik bestaan tussen die belange van die Palestynse Arabiere en Zioniste nie. Die sosialistiese argument op daardie stadium was dat daar 'n klasse konflik bestaan tussen die Arabiese grondeienaars en dat die konflik opgelos sou word wanneer die Arabiese laer klas beseft dat hulle belange ooreenstem met dié van die Joodse werkende klas.

Ben-Gurion se persoonlike mening het verskil van sy openbare uitsprake. In sy openbare uitsprake het hy aangevoer dat die Arabiere in Palestina nie 'n aparte nasionale entiteit vorm nie maar dat hul deel vorm van die groter Arabiese nasie van die Midde-Ooste en dat daar geen konflik bestaan tussen die belange van die

---

<sup>27</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 12-13.

Zioniste en die Arabiere van Palestina nie. Persoonlik het hy besef dat die Arabiese opposisie gegrond was op sterk beginsels en dat dit ingesluit het die onvoorwaardelike verwerping van alles wat Zionisties was. Tydens 'n vroeë stadium in sy politieke loopbaan het hy besef dat die konflik tussen Zionisme en die Arabiere 'n formidabele uitdaging is en gaan wees. Na die uitbreek van die Arabiese opstand van April 1936 het hy opgemerk dat die Jode en die Arabiere altwee aanspraak gemaak het op Palestina en dit was die fundamentele konflik tussen die twee nasies. Hy het erken dat die Jode op politieke gebied die aggressors is en dat die Arabiere hul grondgebied verdedig het en dat hulle dus op die verdediging was. Ben-Gurion het ook tot die slotsom gekom dat diplomatieke metodes nie 'n oplossing sou bring vir die konflik nie maar alleenlik oorlog sou daarin slaag.<sup>29</sup>

Na die Eerste Wêreldoorlog is die heerskappy van die Ottomaanse Ryk beëindig en semi-onafhanklike Arabiese State het tot stand gekom. Brittanje het op daardie stadium geen simpatie gehad met die feit dat die Palestynse Arabiere 'n aparte politieke entiteit was nie. Brittanje het die leierskap van twee semi-onafhanklike Arabiese State aan die twee Hashemitiese Prinse (die seuns van die Sharif van Mekka) gegee. Prins Faisal het beheer van Irak gekry en Abdullah het beheer oorgeneem van Transjordanië. Soos Brittanje het Weizmann nie die belange van die Palestynse Arabiere erken nie en het gepoog om ooreenkomste aan te gaan met Irak en Transjordanië. Op 3 Januarie 1919 het Weizmann en Faisal 'n ooreenkoms onderteken by die Vredeskonferensie in Parys. Volgens die ooreenkoms is die Balfour Verklaring erken en Palestina is erken as 'n Joodse staat met wie die Arabiese lande diplomatieke bande sou aanknoop. Tydens die Konferensie het Faisal die onafhanklikheid van al die Arabiese state bepleit. Die lewensduur van die ooreenkoms was baie kort gewees omdat dit nie die Arabiese openbare mening verteenwoordig het nie. Faisal was gedwing deur sy ondersteuners om aan te kondig dat die skeiding van Palestina en Sirië onaanvaarbaar was en dat die Zionistiese aspirasies vir 'n onafhanklike staat lynreg gebots het met die ideale van die Arabiere. Die Arabiere het die Balfour Verklaring beskou as die identifisering van Zionisme as 'n bondgenoot van Britse imperialisme in die Midde-Ooste en dat dit net nog 'n struikblok is in hul stryd vir selfdeterminasie.<sup>30</sup>

---

<sup>28</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 12-13.

<sup>29</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 16-18.

<sup>30</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 7-9.

Die Balfour Verklaring van 1917 het verder bygedra tot die onverdraagsaamheid tussen die Jode en Arabiere. Toenemende dade van geweld het plaasgevind en die Britse administrasie moes alles in sy vermoë doen om die vrede te bewaar tussen die Jode en Arabiere. In 1936 het 'n Kommissie van ondersoek onder leiding van Earl Peel uit Brittanje Palestina besoek om ondersoek in te stel na die voortslepende geweld. Die Palestynse Arabiere het geëis dat Brittanje die Joodse immigrasie moes beëindig, maar die Britse owerhede het geweier. Sekere faksies onder die Arabiere het besluit om die Kommissie van ondersoek te boikot. Die onderlinge verdeeldheid onder die Arabiere het gelei tot geweld tussen die faksies en het verhoed dat hulle enige voordele kon bekom. Die Peel Kommissie het na 'n ondersoek oor die Palestynse konflik die volgende voorstel in 1937 gemaak: Palestina moes in drie afsonderlike dele verdeel word - 'n Arabiese staat, 'n Joodse staat en die gebiede wat van godsdienstige en/of strategiese belang was vir die Jode en Arabiere moes onder Britse beheer gehou word, die gebied wat die Joodse staat sou word het egter die beste landbougrond ingesluit en daar is besluit dat die Jode 'n jaarlikse bedrag aan die Arabiese staat moes gee. Die Arabiere moes 85% van die gebied behou, terwyl Galilea en die kusstrook aan die Jode gegee moes word. Daar het egter hewige gevegte uitgebreek tussen onderskeie Arabiese families. Hulle het die voorstel verwerp en het op groot skaal die Jode aangeval en geterroriseer. Die Britse regering het teen die Arabiere opgetree en die Arabiese Hoër Komitee wat die geweldpleging teen die Jode georganiseer het, is as onwettig verklaar. Lede van die komitee is gearresteer en na die Seychelle eilande gedeporteer.<sup>31</sup>

Brittanje het besluit om 'n konferensie te hou waarheen die Palestynse Arabiere, Jode en lede van die onafhanklike Arabiese lande genooi sou word met die oog op die voortslepende konflik in Palestina. Die Londense Ronde Tafel samesprekings het op 7 Februarie 1939 begin. Die Arabiere het egter geweier om deel te neem aan die direkte samesprekings met die Jode. Chamberlain (Britse eerste minister) moes gevolglik met elkeen afsonderlike samesprekings voer. Op 17 Mei 1939 het Brittanje in 'n witskrif hul steun vir Zionisme en 'n onafhanklike Joodse staat teruggetrek. Die Britse siening van die Jode was nou een van 'n permanente minderheid in die toekoms van 'n onafhanklike staat. Teen die einde van 1938 het die Jode 29% van die bevolking in Palestina uitgemaak. Daar is besluit dat Joodse immigrasie op groot skaal verminder sou word met die oog op die beëindiging daarvan binne tien jaar met

---

<sup>31</sup> J. Becker: **The PLO**, pp. 22-24.

die enkele uitsondering dat indien die Arabiere die reël wou verander. Die Palestynse Arabiere het geleidelik meer steun van Brittanje ontvang en dit het hul opstand teen die Jode net versterk.<sup>32</sup>

### 1.3 Die onttrekking van Brittanje uit Palestina

Voor die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog was dit duidelik dat Brittanje meer gunstig teenoor die Arabiere as die Jode was. Brittanje wou verseker dat hulle in die guns van die Arabiese state bly omdat hulle in beheer was van die grootste oliebronne. Dit het al hoe duideliker geword dat die Jode se eertydse bondgenoot besig was om hulle in die steek te laat. Soos Europa nader beweeg het aan oorlog is die mandaat van Brittanje oor Palestina uitgedaag deur gebeure in Palestina. Op 5 Julie 1937 het die Britse regering besluit dat in die geval van die uitbreek van 'n oorlog dit uiters belangrik was om beheer te behou in Egipte en die res van die Midde-Ooste.

Amptenare in Kaïro het die Britse regering laat weet dat indien die Joodse immigrasie nie stopgesit word nie dat Brittanje nie net teen die Duitsers en Italië te staan gaan kom nie maar ook teen die Arabiere in die Midde-Ooste. Die Moslems in die Britse Kolonie van Indië het ook hul ontevredenheid uitgespreek oor die stygende immigrasie en onderdrukking van die Palestynse Arabiere. Dit het direkte druk geplaas op Brittanje se beleid in die Midde-Ooste. Hulle was ook afhanklik van die openbare mening van die VSA, want Brittanje het die ondersteuning van die VSA nodig gehad om sy belange in die Verre Ooste en Europa te bewaar. Die VSA het van Brittanje verwag om meer Joodse immigrante in te neem met die onderdrukking van die Jode. Washington was op daardie stadium nie net gekant teen die Duitse beleid teenoor die Jode nie, maar ook teen Brittanje, omdat laasgenoemde nie meer gedoen het om die Jode tegemoet te kom nie. Brittanje wou nie sy verhouding met die VSA negatief beïnvloed nie en het pogings aangewend om die guns van die VSA weer te verkry. Groot getalle Jode is deur Brittanje ingeneem en is tydelik na Brits-Guiana geneem en gehuisves.<sup>33</sup>

---

<sup>32</sup> R. Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp.66-69.

<sup>33</sup> R. Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 69-70.

Met die aanvang van die Tweede Wêreldoorlog het die Zioniste besluit om hul taktiek te verander. Hulle het nou hul fokus verskuif na die VSA en gehoop dat die VSA hul meer simpatiekgesind sou wees as Brittanje. Die Zioniste het gehoop dat die VSA druk op Brittanje kon plaas sodat hulle genoodsaak sou wees om Palestina aan die Jode te gee. Die Zionistiese Beweging in Palestina het begin om deur middel van geweld en terrorisme die moraal van die Britse regering af te bring. Op daardie stadium was dit Brittanje en nie die Arabiere nie, wat tussen die Jode en hul onafhanklikheid gestaan. Palestina het ook een van die twispunte geword in die Koue Oorlog tussen die Ooste en die Weste.<sup>34</sup>

Hitler se doel met die Duitse samelewing was om dit te suiwer van enige ongewenste elemente. Adolf Hitler het geglo dat die Duitse nasie 'n verkose volk was en dat hulle verhewe bo ander was. Die suiweringsteorie van Hitler het bestaan uit die verwydering van alle Jode uit die Duitse samelewing, omdat hy geglo het dat die Jode nie deel moet uitmaak van die suiwer Duitse samelewing nie. Hitler was vas oortuig daarvan dat hy die Duitse nasie moes suiwer van die Jode want hulle was 'n swak en negatiewe invloed op die Duitsers. Duitsland het vroeg in die oorlog Oostenryk, Tsjeggieslowakye, Poland, Lithuania, Latvia, Estonia, dele van Romenië, Griekeland, Bulgarye en die suidelike dele van USSR beset en beheer oorgeneem. In die dele wat beset is het daar 'n totaal van ag miljoen Jode gewoon. Hitler het voor die uitbreek van die oorlog in 1939 begin om al die Jode in Duitsland te identifiseer en hulle is beperk tot sekere gebiede in elke dorp. Die Jode moes ook 'n merkbare vorm van identifikasie dra sodat hulle uitgeken word van die Duitse samelewing. Dieselfde maatreëls het gegeld in die gebiede wat deur Hitler beset is. Aan die begin van die oorlog is die Jode geleidelik gevange geneem en in konsentrasiekampe geplaas. Die twee bekendste kampe was Auschwitz en Ravensbrück. Die toestande in die kampe was haglik en die Duitsers het koelbloedig die mans, vrouens en kinders vermoor. Daar is verskeie grusame en onmenslike mediese eksperimente op die Jode uitgevoer en dit het bygedra tot die lewensverlies. Altesaam ses miljoen Jode het gesterf in die konsentrasiekampe tydens die Tweede Wêreldoorlog.<sup>35</sup>

---

<sup>34</sup>R. Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**,p. 74.

<sup>35</sup>J. Tsur: **Zionism**,pp. 57-67.

Duisende Jode het alles in hul vermoë gedoen om die vervolging te ontduik en die meeste Jode het probeer vlug na Palestina. Brittanje het nie veel gedoen om die lot van die Jode ligter te maak nie en hulle het voortgegaan om die toevloei van Joodse immigrante na Palestina te beperk. Die houding van Brittanje het veroorsaak dat die Jode Brittanje begin wantrou het en hulle verhouding sou nooit weer dieselfde wees nie. Die Jode was desperaat vir hul vryheid en hulle het alles in hul vermoë gedoen om na hul Vaderland terug te keer. Die Jode het in enige vorm van boot probeer om net naby aan die kus van Palestina te kom. Brittanje het in reaksie sy vloot gemobiliseer om die toestroom van die Jode te stop. Jode regoor die wêreld het besluit om alles in hul vermoë te doen om Brittanje teen te gaan in sy poging om die terugkeer van die Jode na Palestina te keer.<sup>36</sup>

Brittanje se ideaal om 'n bongenoot van die Arabiere te word het nie verweselik nie ongeag bogenoemde pogings. Die Arabiere was heeltemal gekant teen die Britse beheer van Palestina en die Arabiere het die Duitse regering gesteun en gehoop vir 'n Duitse oorwinning tydens die Tweede Wêreldoorlog. Brittanje het tydens 1941-1945 egter nie moed opgegee op hul droom van 'n Verenigde Arabiese Nasie nie.

Haj Amin al-Husseini van die Husseini familie het 'n geruime tyd al pogings aangewend om Palestina te bevry van Britse beheer. Die Husseini familie was bekend vir die geweld en dade van terreur wat hulle gebruik het in hul poging om Palestina te bevry van Brittanje en die bedreiging van die Jode. Hulle was ook vurige ondersteuners van Hitler en tydens die Tweede Wêreldoorlog het Hitler die ondergang van die Britse beheer in Palestina beplan. Hitler het in samewerking met 'n Duitse legioen en anti-Britse faksies in die Arabiese samelewing die ondergang van die Britse heerskappy in Palestina begin beplan. In 1940 is daar 'n onsuksesvolle coup d'état teen die Britse regering uitgevoer, maar dit was egter nie suksesvol nie. Die Arabiere het op groot skaal terreurdade teen die Jode in Palestina gepleeg. In Junie 1941 is 400 Jode in Baghdad vermoor. Die Palestynse Arabiere het die terreurdade gepleeg in die hoop dat hulle die Jode en Brittanje uit Palestina kon verdryf. Brittanje het groot verliese gelei tydens die Tweede Wêreldoorlog en die aanvalle teen die Britse soldate in Palestina het bygedra tot 'n baie lae moraal onder die soldate. Brittanje het vandat hulle Palestina as mandaatgebied gekry het om te administreer teenkanting gekry van die Arabiere en

---

<sup>36</sup> J. Tsur: **Zionism**, pp.57-67.

Jode. Volgens hulle het hul alles in hul vermoë gedoen om beide kante tevrede te stel maar dit was duidelik nie genoeg nie. Die verliese wat Brittanje in die oorlog gelei het tesame met die terreurdade in Palestina het bygedra tot Britse heroorweging van sy beheer in Palestina.<sup>37</sup>

Brittanje het nie net teenkanting van die Arabiere gekry nie, maar het ook deurgeloop onder Joodse terroriste organisasies. Ses Britse soldate is in April 1946 deur Joodse terroriste vermoor. Brittanje het die VSA genader vir finansiële hulp teen die aanvalle. In die VSA is daar 'n baie groot Joodse bevolking en president Harry Truman moes sy antwoord versigtig oorweeg omdat die steun van die Amerikaanse Jode baie belangrik was vir die regering. President Truman het laat weet dat hy die idee ondersteun dat Palestina nog 'n Joodse nog 'n Arabiese staat moet wees.<sup>38</sup>

'n Bomontploffing by die King David Hotel waarin 91 mense, hoofsaaklik Britse soldate, gesterf het, het bygedra tot die lae moraal onder die Britte in Palestina. 'n Joodse terroristiese organisasie het verantwoordelikheid vir die ontploffing aanvaar. Brittanje het begin twyfel of dit nog die moeite werd was om Palestina as mandaatgebied te behou. Hy kon nie meer toelaat dat sy soldate vermoor word nie en wou verseker dat die regte van die Palestynse Arabiere nie verder benadeel word nie. "If a person's land and livelihood had to go in order to make room for another, his rights and position were certainly prejudiced."<sup>39</sup>

Brittanje het besluit om die probleem van Palestina eerder aan die Verenigde Nasies oor te laat, as wat hulle die verdeling van Palestina afdwing op die Jode en Arabiere. President Truman het toe sy opinie ten opsigte van Palestina verander. Hy was nou 'n voorstander van die verdeling van Palestina in aparte Joodse en Arabiese state. 'n Groot invloed op die verandering van sy mening was die invloed van die Joodse openbare mening in Washington. Die Amerikaanse Jode het so 'n groot rol gespeel in die ekonomie van die VSA dat hul dreigement om te onttrek van die Amerikaanse ekonomie suksesvol was om Truman van opinie te laat verander. Washington het geen ander keuse gehad maar om ag te slaan op sy invloedryke Joodse samelewing en druk van die Amerikaanse openbare mening nie.<sup>40</sup> Truman was simpatiekgesind

---

<sup>37</sup> J. Becker: **The PLO**, pp. 27-28.

<sup>38</sup> R. Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, p. 96.

<sup>39</sup> R. Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, p.96.

<sup>40</sup> J.Tsur: **Zionism**, p. 72.



teenoor die Jode omdat hulle soveel leiding moes deurmaak tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy het gevoel dat 'n onafhanklike staat 'n geringe vergoeding was vir die pyn en leiding wat die Joodse samelewing moes deurmaak.

Die Westerse lande het na die Tweede Wêreldoorlog 'n skuldgevoel gehad teenoor die Jode omdat diegene van hulle wat bewus was van die Joodse vervolging in Europa niks gedoen het om hul leiding stop te sit nie. Hulle het nie noodwendig aktief te werk gegaan om die lot van die Jode te verlig nie en toe dit algemeen bekend geword het wat tydens die oorlog gebeur het, het die Westerse lande gevoel dat hul nou na die oorlog moes kompenseer vir die afwesigheid van hul optrede tydens die oorlog en dit het die houding en die beleide van die lande teenoor die Jode direk beïnvloed. Dit het ook aanleiding gegee dat sommige lande en leiers hul opinie teenoor die Jode verander het.

Brittanje het dit al hoe ernstiger oorweeg om die Palestynse vraagstuk na die VN te verwys. Brittanje was bewus van die belangrikheid van die oliebronne in die Midde-Ooste waarvoor hul beheer en invloed sou verloor, maar met al die druk en probleme wat hul ervaar het was dit nie meer genoeg motivering om daar te bly nie. In 1947 het 'n skip, Exodus, opgedaag by die kus van Palestina en daar was 4 493 Jode op die skip. Brittanje het geweier om die immigrante in Palestina toe te laat en die skip is gedwing om terug te keer na Frankryk. Die Franse het ook geweier om die immigrante te ontvang en die Joodse terroriste organisasie, Irgun, het die toekoms van die immigrante van die Exodus bepaal. Irgun het twee Britse sersante opgehang om hul ontevredenheid met die Britse besluit aan te dui en daar was 'n brief by die liggame wat aangedui het dat dit 'n oorlogsmisdad teenoor die Jode was. Die Britse regering het hulle sterk uitgespreek teen die VSA omdat die hulp wat die Jode van hulle gekry het dit moontlik gemaak het om voort te gaan met hul terreurdade.<sup>41</sup>

Die feit dat Brittanje se verhouding met die Arabiere tot 'n einde sou kom as hul onttrek uit die Midde-Ooste was 'n realiteit wat hul in die gesig gestaar het. Die moontlikheid het bestaan dat hulle invloed oor die oliebronne sou verloor as hul onttrek uit die Midde-Ooste. Daar was ook 'n bedreiging van die kommunistiese USSR en daar is gevrees dat indien Brittanje uit die Midde-Ooste onttrek dat die USSR dadelik sy invloed oor die gebied sou uitbrei. Die verliese wat Brittanje tydens

die Tweede Wêreldoorlog gelei het en die probleme in die Midde-Ooste het net te groot geword vir Brittanje en hulle het die hele kwessie na die Verenigde Nasies verwys. Op 29 November 1947 het die Algemene Vergadering van die VN met 'n twee-derde meerderheid ten gunste van die verdeling van Palestina gestem. Resolusie 181<sup>42</sup> wat ten gunste van die verdeling van Palestina was, is deur die VN goedgekeur. Die reg van die Jode om hul eie onafhanklike staat te hê is ook erken. Die voorstel van die Verenigde Nasies was as volg: Palestina moet verdeel word in 'n Joodse staat en Arabiese staat insluitende dele van die Wesoewer langs die Jordaanrivier in. Die Gasa strook in die suide van Palestina moes aan Egipte gegee word en Jerusalem moes as 'n internasionale gebied beheer word. Die voorstel van die VN is deur die Jode aanvaar maar dadelik deur die Arabiere verwerp. Die Arabiere het nie die bestaan van 'n Joodse staat aanvaar nie omdat hulle gevoel het dat hulle geregtig is op die hele Palestynse gebied. Die ander Arabiese state in die Midde-Ooste het ook die voorstel deur die VN verwerp.<sup>43</sup>

#### **1.4 Die stigting van die staat Israel**

Die Britse troepe het geleidelik vanaf 21 April 1948 uit Palestina begin onttrek. Op 14 Mei 1948 het die Britse mandaat oor Palestina amptelik tot 'n einde gekom en David Ben-Gurion het om 16h00 voor die Tel Aviv Kunsmuseum die stigting van die Joodse staat, Israel, afgekondig. Die Deklarasie van Onafhanklikheid<sup>44</sup> wat uitgelees is deur Ben-Gurion het verklaar dat Israel gebaseer sal wees op die beginsels van vryheid, geregtigheid en vrede; dat die volle sosiale en politieke gelykheid van burgers aanvaar sal word sonder om te diskrimineer teen godsdienste, geslag of ras en laastens sal hulle die beginsels van die VN Handves navolg. Dit het gelyke regte belowe vir die Arabiere in Israel en die Jode 'n hand van vrede uitgesteek na die ander Arabiese lande. Die Verenigde State van Amerika was die eerste land wat die stigting van Israel erken het. Die USSR het ook die stigting van Israel erken tot groot ontsteltenis van die Arabiese- en Oosblok lande.<sup>45</sup>

---

<sup>41</sup> R.Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 92-102.

<sup>42</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

<sup>43</sup> J. Becker: **The PLO**, p. 29.

<sup>44</sup> <http://www.yale.edu/lawweb/avalon/israel.htm>

<sup>45</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 32-33.

Na die stigting van Israel het David Ben-Gurion in sy dagboek geskryf dat die toekoms van die staat afhanklik was van die Israeliese weermag. Die rede agter die inskrywing was dat Israel op 15 Mei 1948 deur die weermagte van Egipte, Transjordanië, Sirië, Lebanon en Irak binnegeval is. Die eerste Israel-Arabiese Oorlog het al in November 1947 begin toe die Arabiere in Palestina 'n heilige oorlog, Jihad, teen die Jode uitgeroep het. Die Arabiere was gekant teen die Verenigde Nasies se voorstel om Palestina te verdeel. Die rede was omdat die grootste gedeelte wat aan die Arabiere geallokeer was bestaan het uit ou Joodse stede. In 1947 het die Jode minder as 10% van die grondgebied besit en hulle was minder as een derde van die totale Palestynse bevolking. Die verdeling volgens die VN het aan die Jode 55% van Palestina aan hulle geallokeer. Die Arabiere wat huidig in besit was van 94% grondgebied het in teenstelling net 44% gekry.<sup>46</sup>

Die Israelis het 'n voordeel gehad teen die Arabiere in die opsig dat hulle as 'n verenigde front teen die Arabiere geveg het. Die Haganah, Israeli weermag, was ook opgelei in professionele oorlogvoering. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het 20 000 lede van die Yishuv, Joodse gemeenskap in Palestina voor onafhanklikwording, aan die kant van die Geallieerde magte deelgeneem aan die oorlog. Die Arabiere was egter verdeeld as gevolg van dekades se konflik tussen verskillende families. Koning Farouk van Egipte wou eers nie betrokke raak in die oorlog teen Israel nie. Farouk se politieke opponent in Egipte het deelname aan die oorlog gesteun en Farouk wou voorkom dat hy steun onder die Egiptiese bevolking verloor en het daarom besluit om toe te tree tot die oorlog. Hy wou ook voorkom dat sy teenstanders in die Midde-Ooste, die Hasemitiese Koning van Irak en Koning Abdullah van Transjordanië, hul posisie in die Arabiese wêreld verbeter ten koste van Egipte. Die leiers van Sirië het ook hul oog gehad op dele van Palestina en hul wou verhoed dat Koning Abdullah van Transjordanië beheer verkry oor daardie grondgebied. Sirië het Egipte ondersteun, terwyl Koning Abdullah gekant was teen die Palestynse Arabiere en hul wou gehad het dat die Arabiese gebied van Palestina onder beheer van Transjordanië moet kom. Die Arabiese magte was nie net verdeeld nie, maar het ook logistieke probleme in die gesig gestaar. Die Arabiese Bond se militêre deskundiges het 'n gesamentlike plan uitgewerk vir die aanval teen Israel. Koning Abdullah is 'n beperkte mate van beheer gegee oor die Arabiese magte in Palestina, maar hy het die planne van die Arabiese Bond in die wiele gery deurdat hy besluit

---

<sup>46</sup> R.Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 119-120.

het om veranderinge aan die planne aan te bring. Abdullah se doelwit met sy troepe in Palestina was nie om die stigting van 'n Joodse staat te voorkom nie, maar om self beheer oor te neem van die Arabiese gedeelte van Palestina. Dit het aanleiding gegee tot die ontstaan van wantroue tussen die Arabiese leiers. Die Arabiese leiers was ook gemotiveer deur hul eie nasionale belange en het dit verskuil agter die stryd vir Palestina.<sup>47</sup>

Onderhandelinge tussen Israel en die Arabiese lande het vanaf 13 Januarie 1949 plaasgevind met die hulp van Dr. Ralph Bunche, die Verenigde Nasies verteenwoordiger. Israel het met elke Arabiese land afsonderlike onderhandelinge gevoer en vredesverdrae met elkeen onderteken. Die verdrae tussen Israel en Egipte is op 24 Februarie onderteken, Israel en Lebanon op 23 Maart, Jordanië en Israel 3 April en Israel en Sirië het op 20 Julie 'n ooreenkoms onderteken. Volgens die verdrag tussen Israel en Egipte moes Israel Egiptiese soewereiniteit oor die Gasa-strook aanvaar asook die demilitarisering van El-Auja. Die ooreenkoms het die Israëli beheer oor die Negev erken, dit het sy internasionale posisie versterk, het sy lidmaatskap tot die VN ook versterk en dit het die weg gebaan vir soortgelyke ooreenkomste met die ander Arabiese lande. Die ooreenkoms wat tussen Israel en Jordanië onderteken is, het Palestina amptelik verdeel in Israel en Jordanië. Die Arabiese gebied van Palestina wat bekend gestaan het as die Wesoewer het nou Wes Jordanië geword en die eertydse Transjordanië het nou Oos Jordanië of die Oosoewer geword. Met die verdrag wat tussen Israel en Sirië onderteken is het die eerste Israel-Arabiese Oorlog tot 'n einde gekom. Die oorlog het Israel die geleentheid gebied om sy grondgebied uit te brei van 55% tot 79%.<sup>48</sup>

### **1.5 Die kwessie van die Palestynse vlugteling**

Die probleem van die Palestynse vlugteling het sy ontstaan gehad met die Jode wat aan die begin van die 1900's toenemend na Palestina geëmigreer het. Die Palestynse samelewing het grootliks bestaan uit Arabiere en die terugkeer van die Jode het 'n bedreiging vir die Arabiere ingehou. Die Arabiere het Palestina as hul nasionale vaderland beskou en hul wou totale beheer van die gebied behou. Die Arabiere se vrees dat hul beheer oor Palestina sou verloor was nie ongegrond

---

<sup>47</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p. 36.

<sup>48</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 41-47.

gewees nie, veral nie as dit geëvalueer word in die lig van die Jode se opinie oor die Palestynse grondgebied nie. Ben-Gurion het sy mening uitgespreek dat die Arabiese probleem nie naastenby so groot soos die Joodse kwessie was tydens die Tweede Wêreldoorlog nie. Sy opinie was dat die Arabiere 'n heenkome kon vind in die ander Arabiese lande van die Midde-Ooste. Die Palestyne Arabiere het ten minste 'n keuse gehad van lande in die nabye omgewing waar hulle 'n heenkome kon vind. Daarteenoor is die Jode deur die hele Europa vervolg en Palestina was die enigste veilige tuiste vir hulle.<sup>49</sup>

Die besluit van Brittanje om te onttrek uit Palestina het 'n negatiewe uitwerking gehad op die Arabiese saak en met die ondersteuning van die VSA is die Jode se veldtog vir 'n onafhanklike Joodse staat net versterk. Die toenemende geweld tussen die Palestynse Arabiere en Jode het bygedra tot die disintegrasie van die Arabiese samelewing in Palestina. In April 1948 het die uittoeg van die Arabiere uit Palestina begin. Verskeie redes word daarvoor gegee, nl. dat die Arabiese leiers hul mense in die steek gelaat het tydens die moeilike omstandighede en dat die Joodse militêre druk verder bygedra het tot die uittoeg van die Arabiere. Die Joodse weermag het Plan D in werking gestel en daarvolgens moes Palestina ontslae raak van ongewenste Arabiese elemente en die Haganah het direk bygedra tot die ontstaan van die Palestynse vlugteling kwessie. Baie Arabiese stede is oorgeneem deur die Jode en plaaslike dorpe is heeltemal vernietig. Teen die einde van 1948 was die totale getal Arabiese vlugteling 700 000. Die grootste getal Arabiere het egter gevlug net voor die uitbreek van die oorlog tussen Israel en die Arabiese lande op 15 Mei 1948. Die vlugteling het na die Wesowewer, die Gasa-strook, Transjordanië, Sirië en Lebanon gevlug.<sup>50</sup>

Die grootste twispunte tussen Israel en die Arabiese nasies was die kwessie van grense en die Palestynse vlugteling. Die kwessie van die Palestynse vlugteling was 'n kwessie wat die lede van die Arabiese Bond saamgebind het. Die Arabiese Bond was van mening dat die vlugteling kwessie deur Israel veroorsaak is en dat hulle verantwoordelik was om 'n oplossing te vind vir die probleem. Hulle het aangedring daarop dat die oplossing moet plaasvind in samewerking met die Verenigde Nasies en dat daar aan die vlugteling 'n keuse gestel moet word of hulle

---

<sup>49</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,pp. 13-23.

<sup>50</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,pp.30-31.

wil terugkeer Israel toe en of hulle vergoeding wil hê vir die grond wat hulle besit het in Israel. Israel het heeltemal met die Arabiese lande verskil oor die ontstaan van die vlugteling kwessie. Hulle was van mening dat die Arabiese lande verantwoordelik was vir die Palestynse vlugteling omdat hulle die oorlog begin het. Israel was vas oortuig daarvan dat hulle geen verantwoordelikheid gehad het om die probleem aan te spreek nie. Op 11 Desember 1948 het die VN in Resolusie 194(III) verklaar dat daar aan die Palestynse vlugteling die reg gegee moet word om terug te keer Israel toe so gou as moontlik indien dit hulle begeerte was. Indien hulle nie wou terugkeer Israel toe nie moes hulle finansiële vergoeding ontvang. Die Conciliation Commission for Palestine is deur Resolusie 194 gestig en hul doel was om die repatriasie, hervestiging en ekonomiese & sosiale rehabilitasie van die Palestynse vlugteling te fasiliteer. Die pogings wat deur die Kommissie aangewend is, was egter nie suksesvol nie.

Resolusie 194 is egter deur Israel verwerp. Israel was bereid om saam met die internasionale agentskappe te werk om 'n oplossing vir die probleem te kry op voorwaarde dat die meerderheid van die Palestyne buite Israel se grense gevestig word. Israel het daarop gewys dat die Arabiese lande nie gefokus het op die oplossing van die Palestynse vlugteling probleem nie, maar om politieke gewin daaruit te bekom. Daar is 'n mate van waarheid in die stelling, omdat die Arabiese lande die oorlog verloor het, het hulle enige iets gebruik om in konflik te bly met Israel. Die posisie van die Arabiese Bond was egter nie gebaseer op politieke magsgewin nie, maar op beginsels.<sup>51</sup>

Die Arabiese lande het elkeen sy eie beleid gehad ten opsigte van die Palestynse vlugteling wat in hulle land gewoon het. Jordanië het 'n rehabilitasiebeleid gehad waarvolgens daar aan die Palestynse Arabiere Jordaniese burgerskap gegee word en waar hulle geïntegreer is in die samelewing. In Egipte het daar tussen 200 000 na 300 000 vlugteling gebly in die Gasa-strook en Egipte het weer geweier om burgerskap aan hulle te gee. Daar was 'n duidelike verskil in mening tussen die Arabiese leiers en die algemene publiek teenoor Israel. Na die oorlog en die verliese wat die Arabiese lande gely het, het die haat en opstand teen Israel onder die algemene Arabiese samelewing erg toegeneem. Die Arabiese leiers het 'n pragmatiese houding ingeneem. Hulle was selfs bereid om die bestaan van Israel te

erken, direk met hulle te onderhandel en om 'n vredesooreenkoms met Israel aan te gaan. Vrede met die Arabiere was na die oorlog tussen Israel en die Arabiese lande nie een van Israel se topprioriteite nie. Ben-Gurion was nie gekant teen vrede met die Arabiese lande nie, maar was meer gefokus op die bou van die Israeliese staat, die massa Joodse immigrasie, ekonomiese ontwikkeling en die konsolidasie van Israel se nuutgewonne onafhanklikheid.<sup>52</sup>

---

<sup>51</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp.49-50.

<sup>52</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 49-51.

## HOOFSTUK 2

### Die Internasionale Dimensie van die Konflik

#### 2.1 Die ontstaan en verloop van die bondgenootskap tussen die VSA en Israel vanaf 1948-1973

Mnr. Harry Truman, president van die Verenigde State van Amerika, het in 1946 in die Morrison-Grady Plan sy oplossing vir Palestina uiteengesit. Sy eertydse opinie was dat Palestina verdeel moes word in 'n afsonderlike Joodse en Arabiese staat. In die Morrison-Grady Plan het hy 'n ander prentjie geskets. Hy was nou van mening dat Palestina nie meer in 'n Joodse of Arabiese staat verdeel moes word nie. Die Zioniste wat in die VSA gewoon het, was sterk gekant teen dié opinie van die president. Hulle het dit duidelik gemaak dat 90% van die Jode wat in die VSA woon pro-Zioniste is en hulle het hom gedreig dat as hy sou voortgaan met sy opinie dat hulle nie weer vir hom sou stem in die komende verkiesing nie. Die Jode se stem het 'n groot invloed gehad op die resultate van die Amerikaanse presidensiële verkiesings en menigte kandidate se oorwinning is al bepaal deur die Joodse stem. Meeste presidente het dus alles in hul vermoë gedoen om die Joodse stemme te verkry. Die Jode was bewus van die gewig wat hulle stem gedra het en het van die geleentheid gebruik gemaak om druk op die regering te plaas om in die behoeftes van die Jode te voorsien en om sodoende hul eie agenda te bevoordeel. Truman was desperaat om die Joodse stem te behou en het dus sy uitspraak oor die oplossing van die Palestynse probleem verander. In Oktober 1946 het hy die immigrasie van die Jode na Palestina goedgekeur tot die ontevredenheid van die Britse regering. Konflik tussen die VSA en Brittanje het ontstaan omdat die VSA die kant van die Jode bo dié van die Britse regering gekies het. Brittanje was ontevrede oor die feit dat Washington kon toelaat dat sy binnelandse politiek sy houding oor sy buitelandse beleid bepaal en dat dit op die einde internasionale politiek bepaal.<sup>1</sup>

Harry Truman het vanaf sy jong dae hom sterk uitgespreek teen onverdraagsaamheid en diskriminisasie. Tydens die Tweede Wêreldoorlog is hy diep geraak deur wat met die Jode in Europa en veral Duitsland gebeur het. Die duisende Jode wat geen heenkome gehad het nie was 'n groot bekommernis vir

---

<sup>1</sup> R. Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli Wars**, pp. 92-106.



hom. Hy het geglo dat die VSA saam met Brittanje 'n globale verantwoordelikheid gehad het teenoor die Jode. Truman het die Balfour Deklarasie beskou as 'n verbintenis van Brittanje en die VSA om te verseker dat daar wel 'n Joodse staat in Palestina gestig sal word. Hy het ook in die Bybel geglo en in die beloftes van God dat Palestina die Jode se Beloofde Land is en dat die gebied deur God aan hulle toevertrou is. Dit alles het bygedra tot die VSA se positiewe houding teenoor die Jode en hul strewe na 'n eie Joodse staat. Daar was egter groot verdeeldheid in die Amerikaanse regering oor die erkenning van die staat Israel. Die groep wat die stigting van die staat ondersteun het was gelei deur Truman self en die groep wat dit teengestaan het bestaan uit George Marshall, Robert Lovett, Dean Acheson, Dean Rusk asook die Staatsdepartement.

George Kennan, die Staatsdepartement se Russiese deskundige, en sy beleidsbeplanningpersoneel het die Amerikaanse regering gewaarsku teen die gevare om te vinnig te intens betrokke te raak in die Midde-Ooste en veral Israel. Hulle argument was dat 'n aantal lande belange in die Midde-Ooste gehad het, veral die USSR. Indien die VSA intens betrokke raak kon dit lei tot botsende belange tussen die VSA en USSR. Met die Tweede Wêreld wat net beëindig het sou dit miskien beter wees om verdere konflik tussen die twee supermoondhede te vermy. Kennan het ook gewaarsku dat die verdeling van Palestina in 'n Joodse en Arabiese staat kon lei tot 'n haat onder die Arabiere vir Amerika en dat dit weer kon aanleiding gee tot olieversliese omdat dit die Arabiese lande was wat in beheer van die grootste oliebronne was. Verder kon Amerikaanse betrokkenheid in die Midde-Ooste bydra tot 'n groter Russiese penetrasie onder die dekmantel dat hulle die VN se vredesplan moet help uitvoer en dat dit op sy beurt sou lei tot 'n oproep van Amerikaanse troepe in die Midde-Ooste om die Amerikaanse belange te beskerm. Die betrokkenheid van die USSR in die Midde-Ooste kon ook 'n direkte bedreiging word vir die VSA.<sup>2</sup> Kennan en diegene wat nie ten gunste van die erkenning van die staat Israel was nie wou hê dat die Amerikaanse regering Israel 'n paar weke moes gee voordat hulle, hul bestaan erken. Hulle wou eers sien wat is die algemene reaksie op die stigting van die staat. Ten spyte van die opposisie het Truman die stigting van die nuwe Israeli staat erken op 14 Mei 1948 om 18h11. Die beleid wat die Amerikaanse president

---

<sup>2</sup> R.Ovendale: *The Origins of the Arab-Israeli Wars*, pp. 112-114.

gevolg het was gebaseer op die realiteite van die gebied, op die VSA se morele, etiese en humanitêre waardes en veral hulle nasionale belange.<sup>3</sup>

Die VSA was die eerste land wat die bestaan van Israel erken het en USSR het kort daarna ook die stigting van die Israeliese staat erken. Washington was in die begin baie versigtig om nie te vinnig te intens betrokke te raak nie. Amerikaanse betrokkenheid kan verdeel word in twee fases, nl. vanaf 1939-1948 en 1948-1967. Die twee fases verskil op vele gebiede maar het wel die ooreenkoms gehad dat die VSA weggeskram het om 'n duidelike opinie te gee oor die oorsaak van die konflik tussen die Jode en Arabiere. Amerika was versigtig om nie 'n vinger teen die Jode of die Arabiere te wys nie omdat dit hulle houding teenoor Washington direk sou beïnvloed.<sup>4</sup> 'n Groot rede hoekom die VSA betrokke geraak het in die Midde-Ooste was as gevolg van die Koue Oorlog. Een van die VSA se strategiese belange was om die USSR uit die Midde-Ooste te hou. Op 25 Mei 1950 het Brittanje, Frankryk en die VSA 'n Drievoudige Verdrag onderteken. In die verdrag het hulle, hul teenkanting uitgespreek teen die ontwikkeling van 'n wapenwedloop tussen die Arabiese state en Israel. Die drie lande het verklaar dat hulle die beginsels van die verdrag sal gebruik om alle wapenaanvrae te heroorweeg en dat hulle net wapens sal verkoop indien die lande hul versekering gegee dat dit nie vir enige daad van aggressie teen die ander lande aangewend sal word nie. Die VSA het aansien verloor by die Arabiese lande met die erkenning van Israel en hulle het gehoop dat die verdrag 'n bewys vir die Arabiese lande sal wees dat Amerika goeie verhoudinge met beide Israel en die Arabiese lande wou hê.<sup>5</sup>

In die periode tussen 1948-1955 het daar gereeld botsings plaasgevind tussen Israel en die Arabiese lande. Die VSA het wel die bestaan van Israel erken maar hul het verder 'n baie lae profiel gehandhaaf in die Midde-Ooste. Amerika was vasberade om goeie verhoudinge nie net met Israel nie maar ook die Arabiese lande te behou. Israel was nie te vinde vir dié beleid van die VSA nie omdat hulle dringend 'n getroue wapenverskaffer nodig gehad het. Frankryk het op daardie stadium nie goeie verhoudinge met Brittanje of die Arabiese lande gehad nie. Daar was diegene in Frankryk wat Arabiese Nasionalisme en Russiese Kommunisme vergelyk het en hulle was bang dat Arabiese Nasionalisme dieselfde gevolge in die Midde-Ooste sou

---

<sup>3</sup> C.Clifford:**Counsel to the President**,pp. 150-162.

<sup>4</sup> D. Tschirgi:**The American Search for Mideast Peace**,p.2.

hê as wat Kommunisme in USSR gehad het. Hulle het hul beywer om die bedreiging van die Arabiese Nasionalisme in die Midde-Ooste te keer. Die leiers van Israel was eens dat hulle, hul weermag moes versterk en dit het nie vir hulle saak gemaak waar hulle die wapens kry nie. Frankryk het van die geleentheid gebruik gemaak om deur middel van hul wapen voorsiening aan Israel druk op hulle te plaas sodat laasgenoemde gemotiveerd sou wees om oorlog teen Egipte te verklaar. Die VSA aan die ander kant, het net wapens aan Israel voorsien op voorwaarde dat hulle nie oorlog sal maak teen Egipte nie. Israel het egter nie aan die voorwaarde voldoen nie. Frankryk het ook die Drievoudige Verdrag verontagsaam deur middel van hulle wapenvoorsiening aan Israel. In 1954 het Israel en Frankryk 'n ooreenkoms aangegaan waarin wapenvoorsiening aan Israel beloof is. Frankryk was dus Israel se grootste wapenvoorsiener tot en met 1967.<sup>6</sup>

Die Drievoudige verdrag was tot 1967 die hoeksteen van die Amerikaanse beleid teenoor Israel. "The proclaimed impartiality commitment, to uphold the territorial integrity of all states in the region, together with the implication that violators of the sacrosanct principle would be punished and victims succored, in effect sought to dichotomize US relations with the Middle East."<sup>7</sup> Die beleid het dit ook duidelik gemaak dat die VSA sou ingryp indien Israel dade van aggressie teen die Arabiese state pleeg. Washington was oortuig dat die beleid nie net gebalanseerd was nie maar dat dit as 'n afskrikmiddel sou dien vir verdere geweld. Egipte het vanaf die middel vyftigerjare groot hoeveelhede wapens van die USSR ontvang en soos hulle sterker geword het, het hulle aggressie teenoor Israel sterker geword. Nasser het gevolglik die Straat van Tiran gesluit en die Suez-kanaal genasionaliseer op 26 Julie 1956. Brittanje en Frankryk was die hoofaandeel houers in die kanaal en was hard geslaan deur dié stap van Nasser. Amerika en Brittanje het dadelik Israel gemaan om nie betrokke te raak by die dispuut nie. Ben-Gurion, Israeli premier, het dadelik gedink dat dit hulle die geleentheid kon bied om die val van Nasser te bewerkstellig. Brittanje wou veral nie hê dat sy konflik met Egipte verstrengel raak met die Israel-Arabiese konflik nie. Enige aanduiding dat Brittanje en Israel saamstem oor die Suez-krisis sou die einde wees van Brittanje se posisie in die Midde-Ooste. Brittanje het dus huiwerig betrokke geraak in die met samesprekings tussen Frankryk en

---

<sup>5</sup> D.Neff:**Fallen Pillars**,pp.168-169.

<sup>6</sup> D. Tschirgi:**The American Search for Mideast Peace**,pp.4-5.

<sup>7</sup> D. Tschirgi:**The American Search for Mideast Peace**,p.5.

Israel oor 'n gesamentlike optrede teen Egipte.<sup>8</sup> Ten spyte van die feit dat die nasionalisering van die kanaal nie onwettig was nie en dat daar kompensasie aan die aandeelhouders van die kanaal aangebied is wou Frankryk nie die nasionalisering aanvaar nie. Hulle het dadelik begin om planne met Israel te bespreek om Egipte binne te val. In die periode tussen die nasionalisering van die kanaal en die aanval teen Egipte in Oktober 1956 het Frankryk, Brittanje en Israel samesprekings gevoer om 'n oplossing te kry vir die Suez-krisis. Gedurende dié tyd het Frankryk gereeld wapens aan Israel voorsien terwyl Brittanje meer ten gunste was van 'n diplomatieke oplossing vir die krisis. Brittanje was duidelik baie versigtig om nie sy posisie in die Midde-Ooste te verloor nie.

'n Konferensie tussen Brittanje, Frankryk en Israel het tussen 22-24 Oktober 1956 plaasgevind net buite Parys om die laaste reëlings te tref vir 'n aanval teen Egipte. Tydens die Konferensie het daar gereelde botsings en meningsverskille plaasgevind tussen Brittanje en Israel. Dit het net verder bygedra tot die swak verhouding tussen Israel en Brittanje. Die plot teen Egipte is verwoord in die Protokol van Sevres en is deur al drie lande onderteken. Volgens die Protokol is ooreengekom dat Egipte op 29 Oktober 1956 deur Israel aangeval sou word en dat Brittanje en Frankryk altwee lande sou maan om 'n einde te bring aan die geweld. Egipte moes toelaat dat sekere strategiese gebiede teen die Suez-kanaal deur Brits-Franse beheer tydelik oorgeneem moes word. Die bepaling is bygevoeg sodat Egipte op geen manier die bepaling kon goedkeur nie. Indien Egipte ook nie binne 12 uur die bepalings aanvaar nie sou 'n gesamentlike Brits-Franse aanval teen Egipte in die vroeë oggendure van 31 Oktober 1956 plaasvind.<sup>9</sup>

Egipte het oorlogsverdrae met Jordanië en Sirië gesluit om saam teen Israel op te tree. Israel het soos beplan Egipte aangeval op 29 Oktober 1956. Daar is 'n ultimatum aan Egipte en Israel gegee en soos verwag het Egipte dit nie aanvaar nie. Tydens die aand van 31 Oktober het Brittanje en Frankryk lugaanvalle uitgevoer op die Egiptiese vliegvelde. Nasser moes noodgedwonge onttrek uit die Sinaï-skiereiland en die Gasa-strook. Israel het groot gedeeltes in die Sinaï-skiereiland beset en het Egipte suksesvol verslaan. Die VSA was heeltemal gekant teen die betrokkenheid van Brittanje en Frankryk in die Suez-krisis. Hulle het ook die

---

<sup>8</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 162-167.

<sup>9</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 167-178.

Drievoudige verdrag verbreek deur middel van hul betrokkenheid in die konflik. Amerika het die aanval deur Israel dadelik geantwoord deur groot druk op hulle te plaas om hul troepe uit die Sinaï-skiereiland te onttrek. Hulle is gedreig met ekonomiese sanksies en daar is oorweeg om Israel uit die Verenigde Nasies te skors. Tesame met die optrede van Amerika het die ander supermoondheid, die USSR, ook sterk teen Israel opgetree. Die USSR het Frankryk, Brittanje en Israel gedreig met missiel aanvalle asook die belofte dat hul Russiese soldate na Egipte sou stuur vir bystand indien Israel nie sy troepe onttrek uit die Sinaï-skiereiland nie. Frankryk het dadelik die dreigement ernstig opgeneem en Israel was toe alleen in sy stryd teen Egipte. Israel was nou gedwing om sy troepe uit die Sinaï-skiereiland te onttrek, maar hul het dit gedoen met die voorwaarde dat daar verseker word dat die Straat van Tiran en die Rooi See oopgemaak word vir Israelse gebruik. Die Verenigde Nasies het 'n Noodmag gestuur om toe te sien dat die vrede tussen Egipte en Israel gehandhaaf word.<sup>10</sup>

Na die Suez-krisis was daar nie territoriale veranderinge in die Midde-Ooste nie maar die gebeure het wel 'n groot invloed gehad op die magsbalans tussen Israel en die Arabiese wêreld. Dit het ook 'n invloed gehad in die magsbalans in die Arabiese wêreld tussen die radikale en konserwatiewe elemente, asook 'n invloed op die magstryd tussen die Weste en Ooste. Die Suez-krisis het bygedra tot 'n verbroekeling van die kohesie in die Westerse alliansie, dit het gelei tot die val van die Britse en Franse invloed in die Midde-Ooste en dit het die weg gebaan vir die uitbreiding van Russiese invloed in die Midde-Ooste. Nasser het na die oorlog Israel en die Europese magte saam geklassifiseer as vyande van die Arabiese wêreld en het aan die Arabiese lande laat weet dat hulle nie net teen Israel moet veg nie maar ook die moondhede wat agter Israel staan. 'n Verdere gevolg van die Suez-krisis was dat Nasser net nog meer gemotiveerd was om betrokke te raak in die Palestynse kwessie. Vanaf die stigting van die Arabiese Bond in 1945 was die twee hoofpunte op die agenda Arabiese eenheid en die Palestynse kwessie. Die Suez-krisis het tot die gevolg gehad dat Nasser die twee kwessies kon verenig. Nasser het na die Suez-krisis besluit om 'n aktiewe en militante Pan-Arabiese beweging te stig met die bevryding van Palestina as hulle hoofdoel.<sup>11</sup>

---

<sup>10</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 178-183.

<sup>11</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp.186-187.

Na die Suez-krisis het David Ben-Gurion na die VSA gedraai in die hoop om wapens en politieke ondersteuning van hulle te verkry. Hy het die Koue Oorlog as skans gebruik en het Amerika herinner aan die bedreiging wat internasionale Kommunisme inhou veral in die Midde-Ooste. Ben-Gurion het die argument gebruik dat Israel en die VSA moet saamstaan teen USSR en sy Arabiese bondgenote. Die antwoord wat Israel gekry het was egter nie wat hul wou hoor nie. Die VSA het ten spyte van die argumente van Israel besluit om nog steeds op 'n afstand te bly. Amerika se beleid was om te keer dat die militêre balans versteur word in die Midde-Ooste en in hul opinie was Israel alreeds sterker as sy buurlande en het Washington dus geweier om nog wapens aan Israel te voorsien om hom nog sterker te maak. Die VSA het ook politieke oorweginge gehad. Die VSA het die Arabiese ondersteuning nodig gehad vir hul globale vaspenningsbeleid teen die USSR en hulle het gedink dat hul 'n beter kans het om hul doel te bereik sonder 'n alliansie met Israel.

Die Eisenhower Beleid wat op 5 Januarie 1957 uitgevaardig is het Israel 'n beter geleentheid gegee om sy verhoudinge met die VSA te verbeter. Volgens die Eisenhower Beleid is daar militêre hulp en samewerking aan die lande van die Midde-Ooste beloof teen die bedreiging van vyandige aanvalle. Lande van die Midde-Ooste is aangemoedig om hulle te verbind met die Eisenhower beleid.<sup>12</sup> Ten spyte van die Eisenhower beleid wou die VSA nog steeds nie wapens aan Israel gee nie. Op 17 Februarie 1960 het pres. Eisenhower gesê dat die VSA geen intensie het om wapens aan Israel of enige ander land in die Midde-Ooste te stuur nie. President John F. Kennedy wat by Eisenhower oorgeneem het, het egter begin afwyk van die tradisionele beleid. Op 'n vergadering tussen Kennedy en Golda Meir, Israel se minister van buitelandse sake, het hy aan haar gesê dat die VSA die bereidwilligheid en vermoë het om Israel te help in die geval van 'n vyandige aanval.<sup>13</sup>

Op 26 September 1962 het die Amerikaanse staatsdepartement aangekondig dat hulle besig was om missiele aan Israel te verkoop. Kennedy se verbreking van die wapenverbod was 'n groot sukses in die Israeli-VSA verhouding. Met die verbreking van die wapenverbod was die weg gebaan vir verdere wapenverkope aan Israel. Teen die einde van die vyftigerjare het Israel die nuutste wapens van Amerika

---

<sup>12</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,pp. 186-190.

<sup>13</sup> R.Slater: **Golda:The uncrowned Queen of Israel**,p. 131.

ontvang.<sup>14</sup> Daar is drie hoofredes waarom die VSA besluit het om meer betrokke te raak in die Midde-Ooste. Amerika wou die uitbreiding van die USSR se mag en invloed in die gebied beperk. Hulle wou ook die uitbreiding van die VSA se politieke en ekonomiese teenwoordigheid uitbrei en ook verseker dat hul toegang tot die oliebronne behou. Na die Suez-krisis het Israel groot ekonomiese groei ondervind en het op industriële vlak baie uitgebrei. Tussen 1956-1966 het Israel op militêre gebied baie sterker geword en het hulle 'n gesofistikeerde militêre beleid ontwerp. Die beleid was gebaseer op die feit dat oorlog met die Arabiere ten alle koste vermy moet word en dat indien 'n oorlog uitbreek slegs 'n weermag wat die oorlog kon wen as 'n skrikmiddel kon dien. Die Israeliese weermag moes dus alles in hul vermoë doen om te verseker dat hulle die wapens, mannekrag en strategie het om die Arabiese lande te wen. Israel met 'n bevolking van twee en 'n half miljoen Jode moes gereed wees om teen honderd miljoen Arabiere te staan te kom.<sup>15</sup>

Teen 1967 was die grootste internasionale bekommernis van pres. Lyndon Johnson die betrokkenheid van die Amerikaanse weermag in Viëtnam. Ongeveer vierhonderd duisend Amerikaanse troepe was in Viëtnam betrokke, binnelandse opposisie teen die deelname in Viëtnam het daagliks toegeneem en dit het nie gelyk asof die Amerikaanse regering naby 'n oplossing was nie. Johnson het egter die Midde-Ooste beskou as die grootste bedreiging vir vrede. Hy het elke grensinsident tussen Israel en die Arabiese lande nie net as 'n plaaslike konfrontasie gesien nie maar ook as 'n konfrontasie tussen die supermoondhede. Die situasie wat Johnson in die gesig gestaar het in 1967 was egter meer as net 'n grensinsident.<sup>16</sup>

Tydens 1965 het 'n hele aantal nuwe Palestynse guerilla bewegings spesifieke teikens in Israel aangeval. Teen 1966 het die aanvalle aansienlik toegeneem. Sirië het ook die aanvalle deur die guerilla bewegings openlik goedgekeur. Met die spanning wat toegeneem het in die Midde-Ooste het Egipte en Sirië besluit om die vete tussen hulle te beëindig en hulle het 'n verdedigingsooreenkoms aangegaan. Egipte het volgens die ooreenkoms hom verbind om Sirië te verdedig indien Israel besluit om Sirië aan te val. Tussen Februarie en Maart in 1967 het aanvalle deur die guerillabewegings teen Israeli teikens daagliks toegeneem. Israel het die aanvalle geantwoord deur te dreig dat hulle aanvalle gaan loods teen die guerillabewegings

---

<sup>14</sup> D.Neff: **Fallen Pillars**, pp. 168-172.

<sup>15</sup> R.Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 175-177.

indien hulle nie dadelik stop met die terreurdade nie.<sup>17</sup> Aan die begin van 1967 was Israel in 'n sterk militêre posisie en die Weste was in die algemeen simpatiekgesind teenoor hulle. Die Amerikaanse president en die Britse premier het pro-Israëli standpunte gehad. Frankryk het nou 'n meer pro-Arabiese houding ingeneem. Een van die twispunte wat Frankryk met Israel gehad het was die feit dat Israel meer as een wapenvoorsiener gesoek het. Hulle was nie tevrede om net Frankryk as hul wapenvoorsiener te hê nie en dit was onaanvaarbaar vir Frankryk. Op 7 April 1967 het daar 'n botsing tussen Israel en Sirië plaasgevind. In die botsing het Israel ses vliegtuie van Sirië afgeskiet. Yitzhak Rabin, Israëli stafhoof, het na die botsing gesê dat die regering van Sirië omvergewerp moet word voordat die veiligheid van Israel verseker sou wees. Die Arabiese wêreld veral Sirië en Jordanië wou gehad het dat Nasser ingryp in die situasie tussen Israel en Sirië. Egipte was egter huiwerig aan die begin en dit het gelei tot groot ontevredenheid teenoor Nasser. Dit het egter duidelik geword dat gebeure besig was om tot 'n klimaks te beweeg en Nasser het besluit om sy weermag gereed te maak vir oorlog. Nasser het ook die Golf van Akaba gesluit en Israel het dit as 'n oorlogsdaad beskou.<sup>18</sup>

Meir Amit, die direkteur van Mossad, Israeliese Intelligensie Diens, het die VSA besoek voor die uitbreek van die oorlog om die gevoel van Amerika te kry indien Israel sou besluit om tot oorlog oor te gaan. Amit het Robert McNamara, sekretaris van verdediging, besoek en het die volgende van Amerika gevra: hy het gevra vir Amerikaanse diplomatieke ondersteuning in die Verenigde Nasies, Amerikaanse ondersteuning in die geval van 'n Russiese ingryping en laastens indien daar 'n behoefte sou kom die aanvulling van Israel se wapenvoorraad deur die VSA. McNamara het besef dat Washington 'n morele verantwoordelikheid het om die Golf van Akaba oop te maak, maar hul wou hê dat Israel dit self doen. Die redes hiervoor was omdat Amerika alreeds intens betrokke was in Viëtnam en die Sentrale Intelligensie Agentskap (CIA) het bereken dat Israel, Egipte kon verslaan sonder enige hulp van buite. Dit het daarop neergekom dat McNamara Israel die groen lig gegee het om voort te gaan met militêre optrede teen Egipte.<sup>19</sup>

---

<sup>16</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, p. 9.

<sup>17</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, p.10.

<sup>18</sup> R.Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli War**, pp. 175-181.

<sup>19</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 240-241.



Die Sesdaagse Oorlog was een van die skouspelagtigste militêre oorwinnings in Israel se geskiedenis. Die oorlog is geloods op 5 Junie 1967 om 7h45 met 'n verrassingsaanval op die Egiptiese vliegvelde en dit het geëindig op 10 Junie met Israel wat beheer verkry het oor die Sinaï-skiereiland, die Wesoewer en die Golan-hoogland. Die Egiptiese lugmag is uitgewis in die bestek van een oggend. Daar is valse informasie aan die bondgenote van Egipte gestuur om hulle aan te moedig om deel te neem in die oorlog tussen Egipte en Israel. Teen 12h00 die middag van 5 Junie het die lugmagte van Sirië, Jordanië en Irak begin om spesifieke teikens in Israel aan te val. Binne twee uur het die lugmag van Israel die lugmag van Sirië, Irak en Jordanië vernietig. Egipte het van sy 340 vliegtuie 309 verloor, terwyl twee lugmagbasisse van Jordanië aangeval is en vyf Siriese basisse.<sup>20</sup>

Die VSA en USSR was beide ontevrede oor die uitbreek van die oorlog en het dadelik ooreengekom om saam te werk vir 'n wapenstilstand. USSR het die VSA gevra om sy invloed in Israel te gebruik om hulle te oorreed tot 'n wapenstilstand. President Johnson het egter gevra dat hulle in hul kapasiteit as supermoondhede uit die konflik moet bly, want dit kon lei tot direkte konfrontasie tussen hulle, en hulle moes liever 'n wapenstilstand aangespoor deur die Verenigde Nasies ondersteun.<sup>21</sup> Israel het tydens die verloop van die Sesdaagse Oorlog nie net teen Egipte te staan gekom nie maar moes aanvalle van Sirië, Jordanië en Irak afweer. Die Sesdaagse oorlog het net tien dae geduur en het op 10 Junie 1967 tot 'n einde gekom. Israel het groot suksesse behaal met die oorlog. Hulle het groot dele Arabiese grondgebied ingepalm en die grond wat hulle gekry het was drie en 'n half keer die grootte van Israel. Die Golan-hoogland, Gasa-strook en die Sinaï-skiereiland is deur Israel oorgeneem. Israel was in beheer van die Wesoewer van die Suez-kanaal en die Wesoewer van die Jordaanrivier. Een miljoen Arabiere was nou onder beheer van Israëli leierskap.<sup>22</sup>

Israel sowel as die Arabiese lande het verliese gely tydens die oorlog. Aan die kant van Israel is 983 soldate dood en 4 517 is gewond. Hulle het 40 vliegtuie en 394 tenks verloor. Ongeveer die helfte van die tenks kon reggemaak word en kon weer gebruik word vir operasionele doeleindes. Israel het ook 150 Russies vervaardigde tenks gebuit en kon dit insluit by hulle na-oorlogse voertuig inventaris. Aan die

---

<sup>20</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 240-241.

<sup>21</sup> S.D.Bailey: **Four Arab-Israeli Wars and the Peace Process**, pp. 222-225.

Arabiese kant het Egipte, Jordanië en Sirië altesaam 4 296 manne verloor en is 6 121 gewond. Tussen hulle is daar 444 vliegtuie verloor en 965 tenks. Die Arabiese lande het nie net die oorlog verloor nie maar ook wapens, soldate en veral aansien. Israel het op diplomatieke gebied ook verliese gelei. Sy verhouding met USSR het tot 'n stilstand gekom na die oorlog. Die Sekuriteitsraad van die VN het op 6 Junie 'n wapenstilstand aan die lande betrokke in die Sesdaagse Oorlog voorgestel en op 9 Junie het Jordanië, Egipte en Sirië ooreengekom om alle aanvalle teen Israel te beeindig. Daar was geen reaksie van Israel se kant nie en hulle het voortgegaan met aanvalle teen die Arabiese lande. Die USSR het op 8 Junie 'n verklaring uitgereik waarvolgens hy alle bande summier met Israel sou verbreek indien hulle nie dadelik aanvalle teen die Arabiese lande stop nie. Op 10 Junie het USSR alle diplomatieke bande met Israel verbreek. Israel se gebruik van die oorlog om beheer van die Golan-hoogland te verkry het hom nie net sy diplomatieke verhouding met USSR gekos nie maar het tot gevolg gehad dat die USSR se vriendskap met die Arabiese lande na die Sesdaagse Oorlog net versterk het.<sup>23</sup>

Na die Sesdaagse Oorlog het die betrokke lande alles in hul vermoë gedoen om tot 'n vredesooreenkoms te kom in die Midde-Ooste maar dit was nie so eenvoudig nie. Die Algemene Vergadering van die VN het later die kwessie na hul Sekuriteitsraad gestuur. Vier maande later op 22 November 1967 het die Raad resoluie 242<sup>24</sup> aangeneem. Die inleiding van die resoluie fokus op die onaanvaarbaarheid van die verkryging van grondgebied deur middel van geweld en die noodsaaklikheid om te werk na die verkryging van 'n regverdig en blywende vrede. Volgens artikel 1 van resoluie 242 moes die regverdig en blywende vrede gebaseer wees op die volgende twee beginsels:

1. Die onttrekking van die Israeli weermag van die gebiede wat tydens die Sesdaagse Oorlog beset is.
2. Respek vir die reg van elke staat in die Midde-Ooste om in vrede te leef binne veilige en erkende grense vry van enige bedreiging of vyandige aanvalle.

Die resoluie het ook die behoefte van vryheid van navigasie deur internasionale waterweë bevestig en 'n oproep gedoen vir 'n regverdig oplossing vir die Palestynse

---

<sup>22</sup> R.Slater: Golda: **The Uncrowned Queen of Israel**,p. 167.

<sup>23</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p. 250.

<sup>24</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

vlugteling kwessie. Daar is ook gevra om die onafhanklikheid van die lande te beskerm deur middel van gedemilitariseerde zones. 'n Behoefte is genoem om 'n verteenwoordiger van die Verenigde Nasies te kry wat in die Midde-Ooste moes werk om 'n aanvaarbare oplossing te kry vir die gebied met die hulp van die beginsels van resoluie 242. Op 23 November het U Thant, die sekretaris-generaal van die VN, aangekondig dat Gunnar Jarring, die Sweedse diplomaat, as die spesiale verteenwoordiger sou dien. Jarring was 'n diplomaat met baie jare se ondervinding, maar hy was egter nie in staat om die onderhandelinge tussen Israel en die Arabiese lande weer op dreef te kry nie. Die Arabiese magte het 'n totale onttrekking van Israeliese magte vereis en Israel het geeis dat sekere kwessies direk met die Arabiese magte bespreek moes word. Jarring se werk in die Midde-Ooste is beëindig in 1971 nadat geen sukses bereik is nie.<sup>25</sup>

Resoluie 242 het die Midde-Oosterse lande geen leiding gegee in die probleme en twispunte wat bestaan het tussen die Arabiere en Israelis nie. Egipte en Jordanië het die Resoluie met relatiewe min teenkating aanvaar terwyl Israel dit eers in 1970 onvoorwaardelik aanvaar het. In Januarie 1968 het Levi Eshkol, premier van Israel, 'n besoek aan die VSA gelewer. Die verhouding tussen die twee lande wou nie heeltemal op dreef kom nie en Eshkol het met die besoek probeer om die verhouding te verbeter. Israel was afhanklik van 'n supermoondheid se ondersteuning en wapenvoorziening en Amerika was die antwoord op hul wapenvoorraad probleme. Een van sy belangrikste oogmerke was om die Amerikaanse president te oortuig van Israel se groeiende behoefte aan wapens, veral die Phantom oorlogsvliegtuie. Hy het klem geplaas op die feit dat USSR besig was om Egipte en Sirië te herbewapen en het daardeur probeer druk op die VSA te plaas. Eshkol se argumente was nie suksesvol nie en die dominante gevoel by die VSA was dat Israel se militêre superioriteit nie bedreig word nie. Eshkol het volgehou dat Israel direk met die Arabiese lande wou onderhandel vir 'n ooreenkoms in die Midde-Ooste en dit het bygedra tot die spanning in die verhouding tussen Israel en Washington. President Johnson het Israel belowe dat hy hul verdedigingsbehoefte onder konstante en simpatiekgesinde hersiening sou oorweeg. Amerika het probeer om die wapenwedloop in die Midde-Ooste te vermy want dit sou in die Arabiese wêreld lei tot 'n groter politieke en militêre afhanklikheid van USSR en die VSA wou dit dit ten alle koste verhoed. Tydens die maande wat gevolg het, het die VSA se hoop om

---

<sup>25</sup> H.Kissinger: **The White House Years**, pp. 344-346.

wapenvoorsiening na die Midde-Ooste tot 'n minimum te beperk begin vervaag. Moskou was van die opinie dat daar eers 'n ooreenkoms tussen Israel en die Arabiese lande bereik moes word voordat 'n ooreenkoms tussen die supermoondhede en hul bondgenote in die Midde-Ooste in terme van wapenvoorsiening bereik kon word.<sup>26</sup>

Dit was duidelik dat Washington se behoefte om sy politieke invloed in die Midde-Ooste uit te brei deur middel van sy bondgenootskap met Israel parallel plaasgevind het met Moskou se behoefte om sy politieke invloed uit te brei veral in Sirië en Egipte. Daar was egter in 'n stadium onderliggende spanning tussen Israel en die VSA. Israel het die idee van direkte onderhandelinge met die Arabiese lande gesteun terwyl die VSA heeltemal daarteen gekant was. Amerika wou gehad het dat onderhandelinge deur die Verenigde Nasies moes plaasvind. Moshe Dayan het Israel gewaarsku dat hulle nie moet toegee aan die opinie van die VSA nie. Hy het gesê dat hulle gewoon moet word dat daar opinie verskille gaan wees tussen hulle en Washington. Hy het die Israeliese regering gewaarsku dat hul nie moes toelaat dat die VSA hul beleide bepaal nie. Die spanning tussen die VSA en Israel was baie duidelik na dié opmerking van Moshe Dayan.

Dit het egter begin lyk asof Israel besig was om sy opinie te verander in terme van direkte onderhandelinge met die Arabiese lande. Abba Eban het in Oktober 1968 in 'n toespraak by die Verenigde Nasies 'n baie meer gematigder houding ingeneem en het sy ondersteuning uitgespreek vir onderhandelinge met die Arabiese lande deur middel van Gunnar Jarring, die VN diplomaat. Vier en twintig uur na die toespraak het pres. Johnson die verkoop van *Phantom* vliegtuie aan Israel goedgekeur. Die besluit het 'n groot reaksie uitgelok in Amerika. Die VSA was op daardie stadium in die middel van 'n presidensiële verkiesing en sommige was van die opinie dat Johnson van besluit verander het om sodoende die ondersteuning te kry van die groot aantal Jode in Amerika. Daar was ook onenigheid in die Israeliese regering want daar was 'n groep wat gekant was teen die verandering van Eshkol se opinie oor die direkte onderhandelinge met die Arabiese lande. Israel het baie dringend vliegtuie nodig gehad en moes noodgedwonge aan die VSA se eise voldoen en Amerika se invloed in Israel het geleidelik vermeerder. In Oktober 1968 het die onderhandelinge tussen die VSA en USSR oor die beperking van wapens aan die lande in die Midde-Ooste

---

<sup>26</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp. 45-47.

ineengestort. Dit was duidelik dat daar nou nie meer einde aan die bewapening van Sirië en Egipte was nie. Die stap van Amerika om *Phantom* vliegtuie aan Israel te verkoop het gelei tot groot ontevredenheid by die Arabiese lande en dit het hul aangemoedig om verdere toenadering by USSR te soek. Die VSA het 'n afname in sy politieke invloed in die Arabiese wêreld in die gesig gestaar asook 'n toename van die konflik in die Midde-Ooste en die gevaar van 'n konfrontasie tussen die supermoondhede.<sup>27</sup>

Die opvolger van Johnson in die VSA was Richard Nixon. Hy het die presidentskap in Oktober 1969 oorgeneem en een dag na sy inhuldiging het hy die Midde-Ooste beskryf as 'n kruisvat wat in staat is om te lei tot 'n konfrontasie tussen die supermoondhede. Hy het ook gesê dat dit 'n area was waar die USSR en VSA saam kon werk vir 'n permanente vrede. Nixon het 'n belofte gemaak dat hy nuwe inisiatiewe sou loods om vrede te bewerkstellig in die gebied. Amerikaanse belange sou uitgebrei word in die gevalle waar hulle ekonomiese mag en militêre tegnologie verleen aan hul bongenote regdeur die wêreld. Die Koue Oorlog was in die sewentigerjare in die détente fase. Détente het bestaan uit die verplasing van die spanningsvolle kompetisie tussen die VSA en die USSR deur gematigder diplomatie wat gefokus was op die verkryging van vredevolle oplossings vir twispunte in plaas van gewelddadige metodes.<sup>28</sup>

Tydens 1969 het Washington 'n verdragingsstaktiek gebruik in die vredesonderhandelinge in die Midde-Ooste. Die USSR het hulle blameer vir die gebrek aan vooruitgang in die onderhandelinge nadat hulle ooreengekom het om alles in hul vermoë te doen om vrede te bewerkstellig. Tydens Nixon se eerste termyn was die volgende kwessies op hul agenda. Henry Kissinger, Amerikaanse Nasionale Sekuriteits Adviseur, en Nixon het ooreengekom om in 1969 die Amerikaanse troepe te onttrek uit Viëtnam, dat hulle sou werk na 'n ooreenkoms tussen die VSA en USSR in terme van die beperking van strategiese wapens. Daar is ook besluit dat die Amerikaanse regering sou werk vir 'n versterking van die Europese alliansie en die ontwikkeling van 'n vriendskap met China. Tydens Nixon

---

<sup>27</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp. 47-50.

<sup>28</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp.55-56.

se eerste termyn as president was die konflik in die Midde-Ooste egter nie hoog op die Amerikaanse agenda nie.<sup>29</sup>

Teen die einde van 1968 het daar ongeveer 1 000 grensinsidente plaasgevind tussen Israel en Jordanië. Tussen Egipte en Israel het daar 200 grensinsidente plaasgevind. Sporadiese gevegte tussen Israel met Sirië en Lebanon het plaasgevind en die konflik in die Gasa-strook het ook toegeneem. Die situasie het geleidelik verswak en geweld het toegeneem en die vooruitsig na vrede het al hoe skraler geword. Die Uitputtingsoorlog tussen Israel en Egipte het vorm aangeneem in Maart 1969 in die Suez-kanaal. In Julie het die Israeli lugmag sekere teikens in Egipte aangeval en sy superioriteit in die lug weereens bevestig. Die F4 Phantom vliegtuie van die VSA het ook in Israel aangekom en kon gebruik word om Egipte te stuit. Palestynse aktiwiteite het vinnig toegeneem in die grense tussen Israel en Jordanië en Lebanon.<sup>30</sup>

In Julie 1969 het die Israeli regering weer 'n aanvraag ingesit vir 100 A4 Skyhawk oorlogsvliegtuie en 25 F4 Phantoms maar die VSA het die aanvraag uitgestel. Die Amerikaanse regering het Israel laat weet dat hulle sal voortgaan om wapens te voorsien op voorwaarde dat Israels 'n groter politieke buigzaamheid toon teenoor die konflik in die Midde-Ooste. Die Arabiese lande en die USSR het die VSA beskuldig dat hulle nie meer wou saamwerk vir vrede in die Midde-Ooste nie en die USSR het gedreig dat hulle die wapenvoorsiening aan die Arabiese lande sou vermeerder indien Amerika sou voortgaan om wapens aan Israel te voorsien. Daar was ook nie eenheid in die Amerikaanse regering oor hul beleid teenoor Israel nie. Die staatsdepartement was gekant teen die wapenverkope aan Israel omdat dit bygedra het tot Egiptiese toenadering tot USSR. Die departement van verdediging het die staatsdepartement gesteun in die opsig dat die magsbalans in die Midde-Ooste in die guns van Israel was. Indien Amerika voortgaan om wapens aan hulle te voorsien sou dit net lei tot die toenemende ontevredenheid van die Arabiese lande. Kissinger het op daardie stadium die opinie gehad dat hulle op die uitbreiding van USSR se invloed moet antwoord met 'n onmiddellike vermeerdering van hul wapens aan Israel.

---

<sup>29</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp.55-56.

<sup>30</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp.55-62.

President Nixon het nie 'n konstante beleid gehandhaaf teenoor Israel nie en dit het bygedra tot die ontevredenheid tussen Israel en Washington.<sup>31</sup>

Die Amerikaanse staatsdepartement was ook ten gunste van 'n benadering waar Amerika 'n aktiewe rol speel in die verkryging van 'n politieke ooreenkoms wat gebaseer moet wees op die beginsels van VN resoluie 242. Op 9 Desember 1969 het William Rogers, Staatsekretaris, sy vredesplan vir die Midde-Ooste aan die Amerikaanse regering voorgelê. Die Rogers plan was gebaseer op resoluie 242 en dit het die volgende in die vooruitsig gestel, nl. dat Israel sou terugkeer na die internasionale grense met sy bure, daar is enkele veranderings gemaak vir die wedersydse veiligheid tussen Israel en sy bure en dat daar 'n oplossing gevind moet word vir die Palestynse vlugtelingprobleem. Die Rogers plan het Israel heeltemal onkant gevang en hulle was heftig gekant daarteen. Israel het die Rogers plan beskou as 'n bewys dat USSR en die VSA saamwerk om 'n vredesplan op Israel en die Arabiese lande af te dwing. Dit het aanleiding gegee tot spanning in die verhouding tussen Amerika en Israel. Israel het besluit om volskaal aan te gaan met die oorlog teen Egipte.<sup>32</sup>

Tydens die Uitputtingsoorlog was daar baie spanning in die verhouding tussen Israel en Amerika en was daar 'n algemene gevoel van wantroue van beide kante. Die USSR het voort gegaan om wapens aan Arabiese lande te voorsien en dit het op sy beurt weer bygedra tot spanning tussen USSR en Amerika. Rogers het op 19 Julie 1970 'n tweede plan voorgestel om vrede te bewerkstellig en dit het bekend gestaan as die Rogers B plan. Die plan het bestaan uit 'n drie maande lange wapenstilstand op die Egiptiese front, 'n gesamentlike verklaring van Israel, Egipte en Jordanië waarin hulle resoluie 242 aanvaar en laastens 'n ooreenkoms van Israel dat hy bereid sou wees om na die wapenstilstand sou deelneem aan onderhandelinge met Egipte en Jordanië onder beskerming van Gunnar Jarring. Volgens die Rogers B plan is Egipte en Israel nie toegelaat om hul missiele nader aan die Suez-kanaal te skuif nie. Egipte en Jordanië het die Rogers B plan ondersteun maar Golda Meir, premier van Israel, wou eers seker maak dat die tweede Rogers plan nie 'n skans was vir die eerste Rogers plan nie. Nixon het in 'n brief aan Golda Meir belowe dat die eerste Rogers Plan iets van die verlede was en dat hulle dit nie op Israel sou

---

<sup>31</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp.67-70.

<sup>32</sup> R. Nixon: **The memoirs of Richard Nixon**, pp. 478-479.

afdwing nie. Op 31 Julie het die Israeli Kabinet uiteindelik ten gunste van die Rogers B plan gestem en op 7 Augustus 1970 het die wapenstilstand in werking getree. Die oorlog was nou verby maar die politieke stilstand in die Midde-Ooste het nog voortgeduur.<sup>33</sup>

Teen September 1970 was daar twee kwessies wat meer aandag as die politieke stilstand gekry het. Eerstens was dit die burgeroorlog in Jordanië en tweedens was dit die dood van die president van Egipte, Gamal Abdel Nasser. In Jordanië het die Palestynse guerilla organisasies probeer om 'n nuwe staat binne Jordanië te stig. Die bewegings was verban uit Israel en hulle het dus in die omliggende lande probeer om hul basis te stig en daarvan te werk. Koning Hussein het met sy weermag die mag van die guerillabewegings gebreek en baie Palestyne het gesterf in die stryd en 'n groot aantal het uit die land gevlug. Toe die krisis op sy hoogste was is Jordanië deur Sirië binnegeval en het dit gelyk asof hul die Palestyne wou help in hul stryd teen die regering van Jordanië. Koning Hussein het dadelik na Washington gedraai vir hulp. Die Amerikaanse regering het die belofte gemaak dat indien Egipte sou voortgaan met gevegte in die suide van Israel dat die VSA alle militêre hulp wat hul sou nodig hê aan Israel sou verleen. Israel het sy lugmag en weermag op 'n gereedheidsgrondslag gebring. Optrede vanaf Israel was egter nie nodig gewees nie want die regering van Jordanië het self teen Sirië opgetree. Die krisis het geëindig met 'n Palestynse nederlaag, die weermag van Sirië het onttrek uit Jordanië en Koning Hussein was weereens stewig gevestig op die troon van Amman. Tydens die krisis was Israel heelyd in kontak met die VSA en die regering van Israel. Koning Hussein was ook baie dankbaar vir die hulp vanaf Amerika in die krisis.<sup>34</sup>

In Desember 1970 na onderhandelinge met die VSA het Israel ingestem tot onderhandelinge met Egipte onder leiding van Jarring. Egipte was ook bereid om in te stem tot 'n vredesooreenkoms met Israel. Die eise wat Egipte egter gestel het was vir Israel onaanvaarbaar en die onderhandelinge het weereens tot 'n stilstand gekom. In die periode tot en met die 1973 oorlog tussen Israel en Egipte het die VSA en tot 'n mindere mate USSR probeer om 'n oplossing te vind vir die konflik in die Midde-Ooste. Die eise wat Egipte en Israel egter aan mekaar gestel het kon nie deur die ander aanvaar word nie. Amerika het deur middel van die onderhandelinge van

---

<sup>33</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 291-296.

<sup>34</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 298-299.



Kissinger gepoog om tot 'n ooreenkoms te kom. Tydens die presidentskap van Nixon was dit duidelik dat Israel se verhouding met die VSA gegroei het tot 'n hegte strategiese vriendskap.<sup>35</sup>

Washington se onsuksesvolle betrokkenheid in Suid-Oos Asië het bygedra tot die formulering van die Nixon Doktrine. Volgens dié doktrine moes die VSA alle direkte militêre ingryping in die Derde Wêreld vermy. Hul moes liewer fokus op hul verhouding met die shah van Iran en Israel in die Midde-Ooste. In die konteks van die Nixon Doktrine het Israel die rol gekry vir die behoud van die streekbalans ten gunste van die Amerikaanse belange. Daar moes dus verseker word dat die Arabiese radikalisme onderdruk word en die uitbreiding van Russiese invloed in die gebied moes nou dopgehou word. Die Midde-Ooste was 'n gebied wat altyd in die middel was van die konflik tussen die supermoondhede. In kontras met die beleid van die VSA in die vyftigerjare het Amerika vanaf die 1970's Israel beskou as 'n strategiese bate in die Midde-Ooste.<sup>36</sup>

Washington was nou meer as ooit oortuig om die VSA–Israel bondgenootskap te sien as die sleutel om die USSR se invloed in die Midde-Ooste te stuit. Nixon het ook vanaf 1970 'n wapentransaksie van 90 miljoen dollar aan Israel goedgekeur. Die openbare mening in Amerika was ook baie meer ten gunste van 'n beleid waarvolgens Amerika 'n meer aktiewe rol speel in die Midde-Ooste. In Januarie 1971 het die VSA 'n oordrag van 500 miljoen dollar goedgekeur. Teen die einde van Nixon se eerste termyn het die Nixon administrasie 'n totaal van 1,5 biljoen dollar gespandeer in ekonomiese en militêre hulp aan Israel. Daar kan duidelik gesien word dat dié verhouding geleidelik sterker en sterker geword het.<sup>37</sup>

## **2.2 Die verhouding tussen Egipte en die VSA**

Die VSA het voor 1948 'n neutrale houding in die Midde-Ooste gehandhaaf. Hulle wou nie een land bo die ander uitsonder nie omdat dit kon lei tot die verswakking van hul verhouding met van die ander lande in die gebied. Die VSA se erkenning van die staat Israel het gelei tot 'n afkoeling in die verhouding tussen Egipte en die VSA. Egipte wou nie sy verhouding met die VSA heeltemal beëindig nie omdat hulle

---

<sup>35</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 299-309.

<sup>36</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp. 309-310.

finansieel nog afhanklik was van hulle. 'n Belangrike faktor in die VSA se verhouding met die Midde-Ooste was die invloed wat die Amerikaanse Zioniste op die VSA se binnelandse openbare mening gehad het. Die Zioniste het 'n groot invloed gehad op die resultate van die presidensiële verkiesings. Die meerderheid Amerikaanse presidente het gesorg dat hul die steun van die Amerikaanse Zioniste het en dit het bygedra tot die tendens dat daar aan die eise van Israel voldoen is om sodoende die steun van die Zioniste te behou. Diè houding van die VSA het groot teenkanti gkry van Egipte. Egipte het soos die verhouding tussen die VSA en Israel hegter geword het net meer toenadering gesoek tot USSR. Amerika wou dit verhoed en het baie versigtig te werk gegaan sodat sy verhouding met Egipte nie sou skipbreuk lei as gevolg van sy hegte vriendskap met Israel nie. Dit was moeilik vir Washington om sy verhouding met Egipte te behou omdat die Amerikaanse Zioniste dadelik hul teenkanti g uitgespreek het indien die VSA te veel aandag aan Egipte gee.

In die vroeë vyftigerjare het Egipte die VSA en Brittanje genader vir finansiële hulp vir die bou van die Aswandam. Nasser het geglo dat die bou van die Aswandam 'n era van moderne tegnologie sou inwy vir Egipte. Die VSA het die aanvraag vir finansiële hulp baie deeglik oorweeg voordat hul 'n antwoord gegee het. Amerika was nie seker wat die reaksie van die ander lande in die Midde-Ooste sou wees as hul op groot skaal hulp verleen aan Egipte nie. Daar is gevolglik besluit dat die VSA net 56 miljoen dollar en Brittanje 14 miljoen dollar tydens die eerste fase van die konstruksie sou gee en dat dit later kon vermeerder tot 200 miljoen dollar. Die Wêreldbank was bereid om 200 miljoen dollar aan Egipte te leen.

Soos verwag het die Amerikaanse Zioniste die lening van geld aan Egipte ten sterkste teengestaan. In 1956 het verhouding tussen Egipte en Brittanje baie verswak en die verhouding tussen Egipte en die VSA het ook agteruit gegaan. Op 27 April 1956 het Nikita Chroestjof, die Russiese leier, met 'n besoek aan Brittanje hom ten gunste van 'n wapenverbod met die Midde-Ooste uitgespreek. Hy het ook USSR se ondersteuning gegee indien die verbod deur die Verenigde Nasies uitgevoer word. Nasser het dadelik gedink dat dit sy wapens van die USSR sou bedreig en het dadelik Kommunistiese China erken. Die VSA en Brittanje was baie ontsteld oor die stap van Nasser en het begin dink om 'n coup teen Nasser uit te

---

<sup>37</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp. 73-76.

voer. Brittanje het eers gedink dat hy 'n mate van invloed oor Egipte kon behou as hulle sou voortgaan met die finansiering van die Aswandam. Teen 1956 het hulle egter van opinie verander. Die VSA het sy houding teenoor Egipte ook verander omdat dit duidelik was dat Nasser meer toenadering gesoek het tot USSR. Amerika het begin wonder of dit regtig nog die moeite werd was om finansiële hulp aan Egipte te gee en hulle was al hoe meer bewus van die las wat die finansiering van die Aswandam op hulle geplaas het. Die Britse Kabinet het op 20 Julie die besluit aangekondig dat hulle hul finansiële hulp aan Egipte dadelik gaan beëindig.<sup>38</sup>

Amerika se pogings om 'n neutrale beleid in die Midde-Ooste te handhaaf het al hoe moeiliker geword. USSR het 'n besluit geneem om nie net aan Egipte wapens te voorsien nie maar ook aan Sirië en Irak en dit het die vrees van Amerika dat die USSR sy mag en invloed in die Midde-Ooste wil uitbrei weereens bevestig. Die vrees van die VSA dat hul konflik met Egipte sou bydra tot 'n dieper penetrasie van die USSR in Egipte het waar geword toe Egipte wapens van Tsjeggieslowakye gekry het in die tyd toe die Weste geweier het om wapens te voorsien aan Egipte. Egipte het toe op 'n gereelde basis wapens van USSR gekry terwyl daar al hoe meer druk op die VSA geplaas is om wapens aan Israel te voorsien.<sup>39</sup>

Die VSA se reaksie op die Sinaiï-krisis in die Midde-Ooste in 1956 was baie heftig. Hy was baie ontsteld oor die optrede van Israel asook Brittanje en Frankryk en dat hulle nie die VSA ingelig het van hul beplande aanval teen Egipte nie. As gevolg van die druk van die supermoondhede was die betrokke lande verplig om hul optrede te staak. Die VSA wou ten alle koste 'n neutrale beleid handhaaf tydens die krisis. Amerika wou nie sy verhouding met die Arabiese lande negatief beïnvloed nie maar hul het in die geheim 'n wapenooreenkoms tussen Wes-Duitsland en Israel in 1961 ondersteun. Die VSA was bang dat die wapens wat die USSR aan die Arabiese lande voorsien gaan lei tot 'n wapenwanbalans in die Midde-Ooste en hul wou dit verhoed. 'n Jaar later tydens die Yemen Oorlog het die VSA egter wapens aan Israel voorsien en hulle het wapens aan Jordanië en Saudi Arabië ook gestuur. In 1963 het Egipte 'n groot wapenaanvraag van USSR gekry en Washington was geleidelik onder druk om meer wapens aan Israel te stuur. Teen 1966 was die VSA meer gretig om 'n groter wapenverskaffer van Israel te word. Dit het direk aanleiding gegee tot meer

---

<sup>38</sup> R.Ovendale: **The Origins of the Arab-Israeli Wars**, pp. 139-144.

<sup>39</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp.6-7.

spanning in die verhouding tussen die VSA en Egipte. Amerika het ook teen die einde van 1966 graanverskepinge na Egipte gestop.<sup>40</sup>

Die VSA se poging om stabiliteit in die Midde-Ooste te bewerkstellig sonder om betrokke te raak in die Israel–Arabiese konflik is teen die begin van 1967 bedreig. Tydens die Sesdaagse Oorlog het die VSA 'n beroep op die USSR, Egipte en Israel gedoen om alles in hul vermoë te doen om die konflik te beëindig. Die spanning in die verhouding tussen die VSA en Egipte het verder toegeneem. In antwoord op die VSA se pleidooi vir vrede het Egipte laat weet dat hul ook vir vrede werk maar wou weet of die vrede beteken dat hulle regte van die Palestynse Arabiere moes ignoreer. Die VN het 'n aantal resolusies aangeneem in die guns van die Palestyne. Israel het dit egter geïgnoreer en nie geïmplementeer nie en Amerika het niks gedoen om die optrede van Israel aan te spreek nie. Egipte het die VSA beskuldig dat die Amerikaanse senatore, die Huis van Verteenwoordigers en die media ten gunste van Israel was en dat hul Egipte en die Palestynse kwessie heeltemal geïgnoreer het. Die Westerse lande is verder beskuldig dat hul net van vrede gepraat het as Israel bedreig word en dat dit dus duidelik is dat die Westerse lande 'n alliansie gevorm het teen Egipte en die ander Arabiese lande. Nasser was verkeerd in die opmerking omdat daar nie 'n aptelike alliansie bestaan het tussen Israel en die ander Westerse lande nie. Die VSA het meer hulp verleen aan Israel maar het nog steeds probeer om 'n goeie verhouding met Egipte te behou. Soos Egipte se verhouding met Moskou hefter geraak het, het die bondgenootskap tussen Israel en die VSA sterker geword. Nasser was tydens die Sesdaagse Oorlog seker dat die VSA met Israel saamgespan het en daarom het Nasser besluit om diplomatieke bande met die VSA te verbreek. Nasser was ook oortuig daarvan dat Amerikaanse vliegtuie aan die oorlog deelgeneem het. Onder die invloed van Egipte het Sirië, Algerië, Soedan, Yemen en Irak ook hul diplomatieke bande met Amerika verbreek. Saudi Arabië, Koeweit, Libië en die Persiese Golf lande het nie diplomatieke bande met Amerika verbreek nie maar het wel olieversendings na die VSA en Brittanje tydelik gestaak. Die intensiteit van die Israeliese aanval teen Egipte het bygedra tot die aantyging van Egipte dat die VSA en Brittanje Israel bygestaan het tydens die oorlog. Brittanje en Amerika het die aantyging egter ten sterkste ontken.<sup>41</sup>

---

<sup>40</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp.6-7.

<sup>41</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp.229-230.

Israel en Egipte het altwee na hul bondgenote gedraai toe hul diplomatieke en militêre hulp nodig gehad het. Anwar Sadat wat by Nasser oorgeneem het, het geglo dat President Johnson 'n noue bondgenootskap met Israel gehad het en dat Egipte deur Israel aangeval is onder aanmoediging van Johnson. Die Uitputtingsoorlog het die verhouding tussen Egipte en die VSA verder versleg. Nixon het voortgegaan met sy beleid dat hy wapens sal verskaf aan die vriendelike state soos dit hul behoefte was. Almal in die Amerikaanse regering het egter nie saamgestem oor die beleid van Nixon nie. Die Staatsdepartement was ten gunste van 'n meer gematigde beleid teenoor die Arabiese state. Nixon het egter die oorhand gekry en die VSA se bondgenootskap met Israel het sterker geword ten koste van hul verhouding met Egipte. Egipte het die VSA gewantrou en voor die uitbreek van die 1973 oorlog het dit nie gelyk asof die verhouding sou verbeter nie.<sup>42</sup>

### **2.3 Die bondgenootskap tussen Egipte en die USSR vanaf 1948 tot 1973**

Voor 1948 het USSR 'n mate van belangstelling gehad in die Midde-Ooste. Daar word deur sommige Westerse kommentators gereken dat die ontstaan van USSR se belangstelling in die Midde-Ooste begin het met die Russiese inval van Afganistan. Russiese belang het ook gegroei as gevolg van die hawens in die gebied en ook in hul poging om beheer te behou oor die Russiese vloot wat wyd verspreid was in die gebied. Die USSR wou ook toegang verkry het tot die waters van die Swart See en hul wou ook meer beheer gehad het oor hul suidelike grense. In die periode tussen die Eerste en Tweede Wêreldoorloë was dit egter duidelik dat USSR nie 'n aktiewe belangstelling in die gebied behou het nie. Hul verhouding was grootliks bepaal deur hul verhouding met die Europese lande. Op ekonomiese gebied het die Kremlin ook nie veel belange gehad in die Midde-Ooste wat hy bevorder nie.<sup>43</sup>

Na die Tweede Wêreldoorlog het die USSR se houding geleidelik begin verander teenoor die Midde-Ooste. Teen die middel vyftigerjare het USSR begin om 'n meer aktiewe rol te speel in die gebied. Die intrede van USSR in die Midde-Ooste is moontlik gemaak deur die ineenstorting van die imperiale beheer in die gebied, die onttrekking van Brittanje en die opkoms van 'n Derde Wêreldse neutrale filosofie. Die Arabiese wêreld het USSR nie as 'n imperialistiese mag gesien nie maar as 'n

---

<sup>42</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, p. 67.

<sup>43</sup> E.J.Feuchtwanger: **The Soviet Union and the Third World**, pp. 117-118.

mag wat lande bystaan in hul anti-imperialistiese stryd.<sup>44</sup> In die jare 1953-1954 het USSR die anti-Britse houding van Egipte ondersteun en in Januarie 1954 het die Egiptiese adjunk-minister van verdediging 'n besoek aan die USSR gelewer. USSR het ook in Januarie 1954 in die Sekuriteitsraad van die VN die kant van Egipte gekies in die kwessie van die Jordaanrivier. Hulle het ook vir die eerste keer hul veto stem gebruik in die Israel-Arabiëse stryd. Hulle het 'n resolusie geveto wat Israel sou toelaat om die Suez-kanaal te gebruik. USSR het geleidelik meer steun aan Egipte verleen en dit het bygedra tot die wapenooreenkoms tussen Egipte en Tsjeggeslowakye in September 1955. Egipte was nou op 'n punt waar hul alle kontak met Brittanje wou verbreek en dit het die deur oopgemaak vir die invloed van die USSR.<sup>45</sup>

Daar was sekere duidelike redes waarom USSR meer betrokke wou word in die Midde-Ooste. Die Russiese buitelandse beleid is na die Stalin era hersien. Daar was nou meer geleentheid vir die Kremlin om betrokke te raak en hul wou die groeiende invloed van die VSA in die gebied stuit. Soos reeds genoem het die verhouding tussen Egipte en die VSA teen die middel vyftigerjare baie versleg. Amerika wat geweier het om wapens aan Egipte te voorsien in 1955 het bygedra tot Egiptiese toenadering tot die USSR. USSR het nie dadelik in al die eise van Egipte voldoen nie, maar die Suez-krisis was die eerste krisis wat Egipte en USSR saam aangepak het. Die verhouding tussen Egipte en die USSR was nooit 'n stabiele bondgenootskap nie, daar was tye wat die verhouding gegroei het en ander tye wat dit baie stormagtig was. Daar was twee oorweginge wat USSR in gedagte gehou het met die Suez-krisis. Eerstens kon USSR die Suez-krisis gebruik om sy invloed en posisie in die Midde-Ooste uit te brei deur middel van sy verhouding met Egipte. Tweedens was dit baie belangrik om 'n direkte konfrontasie met die VSA ten alle koste te vermy. Die rede daarvoor was dat Amerika op daardie stadium strategiese kern superioriteit in die Midde-Ooste gehad het sowel as streeks superioriteit.<sup>46</sup>

USSR het nie dadelik Egipte tydens die Suez-krisis ondersteun nie, hy wou eers seker maak dat dit die regte stap sou gewees het. USSR het ook sy invloed gebruik om te kyk of hulle nie die konflik op 'n vredevolle wyse kon beëindig nie. Moskou het baie sterk beklemtoon dat hulle deel wou wees van enige onderhandelinge wat

---

<sup>44</sup> K.London: **The Soviet Union in World Politics**,p. 112.

<sup>45</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East**,pp. 44-45.

plaasgevind het. Dit was duidelik dat die USSR tydens die konflik stappe geneem het wat daarop gewys het dat hulle nie van plan was om direk betrokke te raak in die konflik nie. USSR het 45 Ilushin-28 vliegtuie wat aan Egipte gegee is tesame met hulle instrukteurs verwyder uit Egipte en verplaas na Sirië. Hulle het verder 380 Russiese en Tsjeggiese adviseurs na Soedan gestuur om hul later terug USSR toe te neem. USSR was dus nie bereid om op politieke of militêre gebied direk betrokke te raak nie. Die Russiese politieke maatstawwe wat hul geneem het was indirek en hul was selfs bereid om 'n Amerikaanse resoluëie by die Verenigde Nasies te ondersteun. Die USSR het hul tyd geneem voordat hulle 'n ultimatum aan die Weste gestel het. Hulle het die ultimatum net gestel toe hul seker was dat dit nie sou lei tot 'n direkte konfrontasie met Amerika nie. Dit was duidelik dat USSR direkte konfrontasie met Amerika wou vermy daarom het hul so lank geneem voordat hul enige aksie geneem het. Die Kremlin se eerste objektief was om die Russiese posisie in die Arabiese wêreld te verbeter en die tweede objektief was om konfrontasie met Washington te vermy.<sup>47</sup>

Egipte was nie baie tevrede met die optrede van USSR tydens en na die Suez-krisis nie. USSR het probeer om die krediet te neem vir die nederlaag van die Weste in die konflik. Daar is geen verwysing dat Egipte hoegenaamd vir USSR bedank het vir hul aandeel in die konflik nie. Egipte was baie ontevrede oor die stadige optrede wat hulle van USSR gekry het. USSR het nege dae geneem om te besluit wat hul optrede tydens en na die Suez-krisis moes wees. Sadat se ontnugtering met USSR het toe al begin vorm aanneem.

Egipte het meer aansien na die oorlog gehad en een van die gevolge van die oorlog was dat die VSA die Eisenhower beleid van stapel gestuur het wat bygedra het tot 'n groter verbintenis van Washington in die Midde-Ooste. Die reaksie van USSR na die oorlog was nie 'n reaksie wat Egipte noodwendig sou kies nie. Die Russiese reaksie was in die vorm van 'n voorstel in Februarie 1957. Die voorstel was vir 'n gesamentlike Russies-Amerikaanse benadering in die gebied, 'n wapenverbod en 'n vredevolle oplossing vir die konflik tussen Israel en die Arabiese lande. Egipte was nie heeltemal te vinde vir die ooreenkoms tussen Amerika en USSR nie en daar was twee punte waarmee Nasser glad nie tevrede was nie. USSR was huiwerig om

---

<sup>46</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East**, pp.46-47.

dadelik in al die behoeftes van Kaïro te voorsien en dit het gelei tot spanning tussen Egipte en die USSR. Die tweede punt was dat USSR huiwerig was om die opsie van oorlog te steun en dat hulle politieke metodes bo dië van militêre metodes verkies het en dit was as gevolg van hul bekommernis oor 'n direkte Russies-Amerikaanse konfrontasie.<sup>48</sup>

Die verhouding tussen Egipte en die USSR het geleidelik verbeter. In Januarie 1958 het USSR 'n bedrag van \$175 miljoen dollar aan Egipte geleen vir die bou van die Aswandam. Nasser het USSR in dieselfde jaar twee keer besoek en het 'n groot aantal wapens van USSR gekry. Die unifikasie van Egipte en Sirië in die Verenigde Arabiese Republiek het egter gelei tot 'n krisis in die verhouding tussen die USSR en Egipte. USSR was bang dat die VAR 'n bedreiging sou word vir sy bande wat hy met Sirië gehad het. Nasser het 'n Kommunistiese oorname in Sirië gevrees en het gevolglik alles in sy vermoë gedoen om dit te keer. Die Kommunistiese Partye in Egipte en Sirië is op groot skaal onderdruk en dit het gelei tot groot ontevredenheid van USSR. In die tyd tussen 1959-1961 het daar 'n mate van afkoeling plaasgevind in die Russies-Egiptiese verhouding. Ten spyte van die verandering in die verhouding het die USSR voortgegaan om finansiële hulp aan Egipte te gee. Teen 1961 het die verhouding tussen Moskou en Egipte weer verander. 'n Belangrike faktor was die opbreek van die Verenigde Arabiese Republiek. USSR het ook sy hawe in Albanië verloor en dit was sy enigste hawe wat hy gehad het in die Mediterreense See. Moskou het nou weer toenadering tot Egipte gesoek. In die periode tot en met die Sesdaagse Oorlog het die verhouding tussen Egipte en Moskou gegroei en laasgenoemde het voortgegaan om wapens en ammunisie aan Egipte te voorsien en hulle het ook 'n groot deel van Egipte se skuld aan hulle gekanselleer.<sup>49</sup>

Tydens die sestigerjare was USSR se hoofbelangstelling in die Midde-Ooste die verkryging van vloot- en lugmagbassise en hul fokuspunt in die gebied was Egipte. Die Sesdaagse oorlog van 1967 was 'n keerpunt op militêre en politiese gebied vir die invloed van USSR in die Midde-Ooste. Die USSR het voor die uitbreek van die oorlog Egipte se eis dat die Verenigde Nasies sy troepe uit die Sinaï moes onttrek

---

<sup>47</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East**,pp.47-51.

<sup>48</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East**,pp. 50-53.

<sup>49</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East**,pp.54-55.



ondersteun. Dit was deurgaans duidelik dat die aggresiewe daade van Egipte deur USSR goedgekeur is. Tydens 'n besoek van Badran, Egipte se minister van verdediging, aan USSR op 28 Mei 1967 is daar aan hulle belowe dat USSR se vloot opgeroep sou word indien dit sou nodig wees, tot hulp van Egipte. Die beleid van die USSR was egter nie dieselfde tydens die oorlog nie. Later is daar deur USSR geargumenteer dat hulle net hul troepe sou oproep in die geval van 'n direkte aanval deur die VSA. Die houding van USSR het egter verander. Hulle het Egipte begin maan om meer beperkend te wees in hul optrede teenoor Israel. Die USSR het ook op militêre gebied meer voorkomende maatreëls uitgevoer. Russiese versterkings is gestuur na die konflik gebied, maar hulle was egter meer as 500 myl verder van waar die Amerikaanse versterkings gestasioneer was. USSR het ook hul vliegtuie uit die konflik gebied verwyder. Dit was baie duidelik vir die VSA dat USSR nie beplan het om direk in die konflik betrokke te raak nie en dat hulle ook nie tussenbeide sou tree nie.<sup>50</sup>

Kortliks na die uitbreek van die oorlog het USSR die hulp van Amerika gesoek sodat hulle 'n wapenooreenkoms kon bereik in die Midde-Ooste en om die onttrekking van die Israeliese magte te bewerkstellig. Die objektief van die Kremlin was om lewensverlies aan die kant van die Arabiese lande tot 'n minimum te beperk. Deur middel van gesamentlike pogings van Washington en USSR vir die totstandkoming van 'n wapenstilstand wou die USSR 'n direkte konfrontasie met Amerika vermy. Op 7 Junie het Israel die Egiptiese weermag in die Sinaï verslaan en die USSR het Israel gewaarsku dat as hul nie die wapenooreenkoms nakom nie dat hul alle diplomatieke bande met Israel sou verbreek en indien nodig dat hul ander noodsaaklike stappe sou oorweeg. Moskou het egter op dieselfde dag 'n aanvraag van wapens van Egipte geweier met die verskoning dat daar nie grond was om die vliegtuie te land nie. Moskou het ook geweier om wapens via Irak en Soedan te stuur. Die aktiewe rol wat die VSA in die oorlog gehad het en die teenwoordigheid van die Amerikaanse vloot in die Midde-Ooste het vir USSR daarop gedui dat indien hul tussenbeide sou tree in die oorlog dat dit sou lei tot 'n direkte konfrontasie tussen dié twee supermoondhede. Daar was duidelik geen teken dat die Kremlin bereid was om die risiko te loop vir sy Arabiese vriende nie.<sup>51</sup>

---

<sup>50</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East**, pp.58-61.

<sup>51</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East**, pp.63-65.

Tydens die Sesdaagse oorlog het daar 'n aantal probleme wat die USSR in die Midde-Ooste ervaar het duidelik na vore gekom. Eerstens was dit die onstabiliteit van Moskou se bondgenote en die gebrek aan beheer wat hul oor die bondgenote gehad het. Tweedens was dit die onstabiliteit van die gebied self en die risikos verbonde aan 'n oorlog en die gevaar van die verspreiding van die konflik. Laastens was daar die bedreiging van 'n konfrontasie tussen die supermoondhede. Die oorlog het die Russiese beeld en kredietwaardigheid asook hul reputasie in terme van die kwaliteit van hul wapens en weermagopleiding groot skade berokken. Die bereidwilligheid van USSR om een van sy Derde Wêreldse bondgenote in 'n krisis situasie te help het ook skade gelei. Die Sesdaagse oorlog het ook bygedra tot hernieude Amerikaanse belang en betrokkenheid in die konflik in die Midde-Ooste. USSR kon nou die verskoning gebruik dat hulle Egipte moes help om sy weermag te herbou om sodoende meer invloed in die gebied te verkry. Na die Sesdaagse Oorlog moes die USSR sy eer in die Midde-Ooste herstel en hy het gevolglik besluit om militêre adviseurs na Egipte te stuur. Teen die einde van 1967 was daar ongeveer 4 000 adviseurs in Egipte. Moskou het adviseurs en simpatiseerders gestuur om die Egiptiese weermag, polisie, sekuriteitsdepartemente, politieke en regeringsorganisasies te infiltrer om sodoende voldoende kontrole te hê. Moskou het beperkings geplaas op sy invloed in die Midde-Ooste want hy het geweier om 'n formele ooreenkoms met Egipte te onderteken. Tydens die onderhandelinge na die Sesdaagse Oorlog was dit duidelik dat daar weer spanning in die verhouding tussen Egipte en USSR ingetree het. Moskou was ten gunste van internasionale onderhandelinge hetsy dit tussen die supermoondhede was of by die Verenigde Nasies. Hulle was ten gunste van onderhandelinge wat apart moes plaasvind van die direkte onderhandelinge tussen die Arabiese lande en Israel. Die Arabiese lande was egter heeltemal gekant hierteen.<sup>52</sup>

Die USSR het die uitdaging gehad om sy Arabiese bondgenote te bewapen maar om hul te beperk tot net politieke aksie en niks anders nie. Tydens die ontstaan van die Uitputtingsoorlog is Egipte deur USSR ondersteun asook die dae van geweld wat hul teen Israel gepleeg het. USSR het ook sekere wapens spesifiek vir daardie doel aan hul gestuur. Dit was nie lank nie of die USSR het pogings aangewend om Nasser se dae te beperk en is hul aangemoedig om 'n wapenooreenkoms te teken. Dit het op sy beurt aanleiding gegee tot 'n verswakking in die verhouding tussen

---

<sup>52</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East**, pp.68-71.

Egipte en USSR. Moskou het egter nie opgehou om wapens aan Egipte te gee nie. Die samesprekings tussen die VSA en USSR het ook tot stilstand gekom en dit kon bydra tot die die houding van USSR waar hul weer meer toenadering gesoek het tot Egipte. USSR het nou 'n meer militante houding ingeneem in hul benadering van die konflik in die Midde-Ooste. In Januarie 1970 het Nasser Moskou besoek en tydens die besoek het Moskou verantwoordelikheid geneem vir die lugverdediging van Egipte. Amerika het tydens daardie tydperk baie gedoen vir die vredesproses en dis moontlik dat die USSR die benadering gevolg het om sodoende meer invloed in die gebied te hê.<sup>53</sup>

Die verhouding tussen Egipte en die USSR wou nie vlot verloop nie want Moskou het Egipte heeltyd gemaak tot 'n wapenstilstand terwyl Egipte sy aanvalle teen Israel wou vermeerder. Die Russiese beleid was nie stabiel nie en het bygedra tot ontevredenheid van Egipte. Na die dood van Nasser het dit gelyk asof die verhouding aan die verbeter was. Daar het 'n aantal besoeke plaasgevind tussen die leiers van Egipte en die USSR in 1971. Hulle het ook 'n formele ooreenkoms onderteken. Die ooreenkoms was 'n inisiatief van USSR in die lente van 1971 en is moontlik deur Moskou aangevoer omdat hul onseker was oor Anwar Sadat, die opvolger van Nasser.

Dit het begin lyk asof Sadat meer pro-Amerikaans was tot groot ontevredenheid van USSR. Sadat het egter in Maart besluit om meer aanvalle teen Israel te loods en het die USSR genader vir militêre hulp. Hulle was egter nie suksesvol nie. Die USSR was bang dat indien hul meer militêre voorraad aan Egipte gee dat dit sou lei tot groter konflik tussen hulle en die VSA. Dit was die begin van die era van die détente beleid tussen die supermoondhede en USSR wou nie iets doen wat dit negatief sou beïnvloed nie. In die tyd toe die détente beleid net van die grond gekom het, het Sadat USSR gekonfronteer met die ultimatum dat hul Russiese hulp verag in die Egiptiese beweging tot oorlog anders moes hul die risiko loop dat hul, hul bondgenootskap met Egipte sou verloor ten koste van Amerika. Sadat het al hoe meer ontevrede geraak in hul verhouding met die USSR. USSR het telkemale wapens aan Egipte belowe maar hulle het nie altyd die beloftes nagekom nie. Gevolglik het Sadat in Julie 1972 ongeveer 20 000 Russiese adviseurs uit Egipte verban. Die bondgenootskap tussen die USSR en Egipte het feitlik tot 'n stilstand

---

<sup>53</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East**, pp.71-73.

gekom. Die redes wat Sadat gegee het vir die stap van Egipte was dat Moskou geweier het om 'n aanvraag van missiele en vliegtuie aan Egipte te stuur vir laasgenoemde se plan om Israel aan te val. Dit het gelyk asof USSR se belange in die détente beleid sterker was as hul belange in Egipte en Sadat kon nie die houding van die USSR aanvaar nie.

USSR het heelyd belowe dat die wapens wat van Egipte aangevra is voorsien sal word maar dit het nooit plaasgevind nie. Die verhouding tussen die USSR en VSA het ook gevorder en hul het 'n communique wat gevra het vir 'n militêre ontspanning in die Midde-Ooste uitgevaardig. Dit was die laaste wat Sadat kon hanteer en het gevolglik besluit om die adviseurs uit Egipte te sit. USSR het nie net sy adviseurs onttrek nie maar ook alle ander personeel en militêre instruksies wat in Egipte gewerk het. Die Russiese ambassadeur is ook uit Kairo onttrek.

## HOOFSTUK 3

### Die uitbreek en verloop van die Oktober-oorlog van 1973

#### 3.1 Die verloop van die Oktober-oorlog van 1973

Die kompleksiteit van die Israel-Arabiese konflik het met die jare toegeneem en dit het duidelik geword dat die konflik uit meer faktore as net die verhouding tussen die Israelis en die Arabiere bestaan het. Die Oktober-oorlog van 1973 en die gebeure daarna was 'n duidelike bewys op bogenoemde stelling. Die Arabiese wêreld en hul beeld is tydens die Sesdaagse oorlog 'n groot knou toegedien en hulle het die tyd tussen 1967-1973 gebruik om hul krag te herwin na die nederlae wat hul gelei het. Tot en met die uitbreek van die Oktober-oorlog het vele partye gepoog om deur middel van internasionale diplomاسie 'n oplossing te vind vir die konflik, maar die pogings was nie geslaagd nie. Die invloed van die VSA in die Arabiese State het 'n nuwe laagtepunt bereik na die Sesdaagse oorlog. Nasser het aan die Arabiese wêreld gesê dat Amerika se militêre magte, veral hulle lugmag, tydens die Sesdaagse oorlog saam met Israel aan aanvalle teen Egipte deelgeneem het. Die Arabiese state het gevolglik alle diplomatieke bande met die VSA verbreek. Die verhouding tussen die USSR en Arabiese lande het noodgedwonge sterker geword aangesien USSR sy invloed in die Midde-Ooste wou uitbrei en die Arabiese lande was afhanklik van militêre toerusting en voorraad van 'n supermoondheid.<sup>1</sup>

Een van die hooforsake van die Oktober-oorlog van 1973 was dat Egipte en Sirië die grondgebied wat hulle in die Sesdaagse oorlog verloor het wou terugneem. Hulle het eers deur middel van onderhandelinge gepoog om die grondgebied terug te kry maar hulle pogings was onsuksesvol. Tussen 1968-1973 het die militêre konflik tussen Israel en Egipte 'n nuwe fase ingegaan. Die Israeli weermag het aan die oostekant van die Suez-kanaal vaste verdedigingsposisies ingeneem teen die bedreiging van Egipte. Die Suez-kanaal is nie meer net vir kommersiële doeleindes gebruik nie, dit het 'n versterkte grag geword wat twee vyandige nasies nou van mekaar geskei het. Egipte het na die Sesdaagse oorlog al hoe sterker op die USSR gesteun vir militêre hulp en beskerming teen Israel. Egipte se verhouding met die

---

<sup>1</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, pp. 180-181.

VSA was iets van die verlede en USSR was nou die enigste supermoondheid wat Egipte as bondgenoot wou hê. In Oktober 1968 het Egipte Israeli vestings teenaan die Suez-kanaal hewig aangeval en Israel het swaar verliese gelei. Israel het in reaksie geantwoord met aanvalle tot diep in Egipte. Die Israeli weermag het begin om 'n reeks van versterkings langs die Suez-kanaal op te rig wat hul sou beskerm teen Egipte en die verdedigingslyn het bekend gestaan as die Bar-Lev-Lyn.<sup>2</sup> Vir Egipte het die Bar-Lev-Lyn die superioriteit van Israel versimboliseer en dit het vir Egipte 'n uitdaging geword om die lyn oor te steek om sodoende Israel se mag te breek.<sup>3</sup>

Die Uitputtingsoorlog tussen Egipte en Israel het voortgeduur tot en met die eerste helfte van 1970. Tydens die oorlog het USSR op toenemende mate wapens, gevorderde tegnologie en militêre personeel aan Egipte voorsien. Dit het bygedra tot die versterking van die verhouding tussen Egipte en die Moskou.<sup>4</sup> Die Uitputtingsoorlog is beëindig met 'n voorstel vir 'n wapenstilstand van William P. Rogers, Amerika se staatsekretaris. Hy het ook aanbeveel dat daar begin moet word met onderhandelinge vir die verkryging van 'n regverdige en blywende vrede in samewerking met resoluie 242. Ambassadeur Gunnar Jarring was verantwoordelik om toe te sien dat die onderhandelinge tussen die betrokke lande moes plaasvind. William Rogers, het ook voorgestel dat Israel, Egipte en Jordanië betrokke moes wees in die vredesonderhandelinge in die Midde-Ooste. Daar is tot 'n wapenstilstand ooreengekom op 7 Augustus vir 'n periode van 90 dae. Egipte het die dag toe die wapenstilstand in werking getree het die ooreenkoms verbreek deur middel van die verskuiwing van missiel lanseringsgebiede teenaan die Suez-kanaal. Amerika het in antwoord ingestem om Phantom vliegtuie en finansiële hulp aan Israel te gee. Israel het ook besluit om te onttrek van die vredesonderhandelinge onder leiding van Gunnar Jarring. Die oorlog is beëindig maar die politieke stilstand het nog voortgeduur. Tot en met die einde van 1971 het Gunnar Jarring pogings aangewend om die betrokke lande sover te bring om die wapenstilstand te eerbiedig en saam te werk om resoluie 242 te implementeer. Egipte en Jordanië was bereid om die resoluie te aanvaar terwyl Sirië en Israel egter nie so maklik daarvoor te vinde was nie. Israel het geweier om resoluie 242 onvoorwaardelik te implementeer omdat hulle sekere gebiede wou behou. Hulle het veral belang gestel in dele van Oos-

---

<sup>2</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, pp.183-184.

<sup>3</sup> B.Tibi: **Conflict and War in the Middle East 1967-1991**, p.113.

Jerusalem, Sharm el-Sheikh wat ongeveer by die ingang van die Straat van Tiran was asook die Golan-hoogland. Na vele onsuksesvolle pogings het Jarring in Maart 1972 heeltemal onttrek van die onderhandelinge in die Midde-Ooste.<sup>5</sup>

Die jare 1971-1973 was moeilike jare vir die presidentskap van Anwar Sadat. Ten spyte van die feit dat Sadat die onttrekking van Israel uit die besette gebiede vereis het, het Israel hul nie veel gesteur aan die eise nie. Israel se houding was dat die gebiede wat in hul besit was 'n mate van sekuriteit aan hulle gebied het. Die VSA het ook geen bereidwilligheid getoon om toe te sien dat die Rogers plan uitgevoer word nie. Die Rogers plan het onder andere bestaan uit die onttrekking van Israel uit die Sinaï gebied. Die USSR het ook geweier om die wapens aan Egipte te voorsien wat dit moontlik vir hulle sou maak om Israel aan te val oor die Suez-kanaal. Die sewentigerjare was die dekade van détente en gemeenskaplike samewerking tussen die USSR en VSA. Die verhouding tussen Sadat en USSR het geleidelik agteruit gegaan as gevolg van die feit dat USSR wapens aan Egipte belowe het maar nooit dit voorsien het nie. Gevolglik het president Sadat die Russiese militêre adviseurs in Julie 1972 uit Egipte verban. Dié stap van Sadat was baie gewild onder die Egiptiese samelewing, veral onder die weermag. Egipte het egter 'n probleem gehad met hul wapenvoorrade en was hulle afhanklik van 'n supermoondheid om in die behoefte te voorsien.<sup>6</sup>

Teen die einde van Maart 1973 kon Egipte en Israel nog steeds nie 'n ooreenkoms bereik nie. Israel het geweier om uit die besette gebiede te onttrek voordat daar nie 'n vredesooreenkoms bereik kon word nie. Egipte het geweier om aan die onderhandelinge deel te neem voordat Israel nie ooreenkom om uit die besette gebiede te onttrek nie. Nixon en Brezhnev het in Mei 1973 'n ooreenkoms aangegaan waarvolgens hulle besluit het om nie direk in te gryp in die konflik in die Midde-Ooste nie. Dié ooreenkoms het die verhouding tussen die USSR en Egipte verder negatief beïnvloed aangesien Egipte direkte hulp van USSR nodig gehad het. In die Maart 1973 is die Israëli weermag op volle gereedheidsgrondslag geplaas omdat Egipte besig was om sy weermag op groot skaal te mobiliseer. Daar het egter niks gekom van die mobilisasie nie. Ten spyte van die feit dat daar niks gebeur

---

<sup>4</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, pp.184-185.

<sup>5</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, pp.184-185.

<sup>6</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, pp.185-186.

het nie was Egipte nog steeds besig om hulself voor te berei vir oorlog. Israel en die VSA was die heelyd onder die indruk dat hulle net besig was met interne oefeninge en het nie veel aandag daaraan gegee nie.<sup>7</sup> Die vals alarm van Maart 1973 het die Israeli leiers in so 'n mate beïnvloed dat toe hulle berigte gekry het dat Sirië en Egipte 'n gesamentlike aanval teen Israel beplan hulle weer gedink het dat dit net weer 'n vals alarm is.<sup>8</sup>

Die verhouding tussen Egipte en USSR het tot 'n stilstand gekom met die verbanning van die Russiese adviseurs uit Egipte. President Assad van Sirië het pogings aangewend om onderhandelinge tussen die twee nasies weer op die been te bring. Egipte het onderneem om onderhandelinge te heroorweeg net as USSR bereid was om die wapens aan Egipte te voorsien wat hulle nodig gehad het vir 'n oorlog teen Israel. Egipte het voortgegaan en sy minister van oorlog wat heeltemal gekant was teen hul verhouding met die USSR te vervang. Daar was tekens dat Egipte weer begin moeite doen het om die verhouding met USSR te verbeter. Sadat het nou ernstig begin om sy land gereed te kry vir oorlog. Ahmad Ismail, die nuwe minister van oorlog, is deur Sadat opdrag gegee om die nodige verdedigingsdyke teen die Egiptiese kant van die Suez-kanaal te maak in hul voorbereiding vir die oorlog. In Februarie 1973 het Sadat besluit om die aanval teen Israel te loods in een van die volgende maande, nl. Mei, Augustus, September of Oktober 1973. Die taktiek wat Egipte beplan het was om voor te gee asof hulle besig was met net militêre oefeninge en dan 'n verrassingsaanval teen Israel te loods.

Sadat het nie voortgegaan met die offensief in Mei nie as gevolg van die mobilisasie van Israel en ook as gevolg van die vertraging in die wapenvoorraad van USSR. As gevolg van die flukturende verhouding tussen die USSR en Egipte was USSR nie in direkte kontak met Sadat nie en was hulle self nie seker wanneer Egipte die offensief teen Israel sou loods nie. Die USSR het later deur Sirië te hore gekom van die planne van Sadat om Israel in 1973 aan te val. Egipte was afhanklik van die wapens van USSR en die verhouding tussen hulle het geleidelik verbeter soos die wapenvoorraad van die USSR na Egipte vermeerder het. Sadat het ook weer Russiese adviseurs in Egipte toegelaat.<sup>9</sup>

---

<sup>7</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, pp.185-186.

<sup>8</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, p.186.



Egipte se strategie om 'n verrassingaanval teen Israel te loods onder die dekmantel van militêre oefeninge was baie suksesvol. Met Egipte se voorbereidings vir die oorlog in Oktober 1973 het Israel en die VSA weereens gedink dat dit net oefeninge was en het hul nie veel aandag daaraan gegee nie. 'n Luitenant in die Israeliese weermag wat teenaan die Suez-kanaal gestasioneer was, het op 1 Oktober en weer op 3 Oktober 'n dokument aan sy bevelvoerder gegee waarin hy gewaarsku het dat die sogenaamde militêre oefeninge aan die Egiptiese kant van die Suez-kanaal net 'n front was vir 'n werklike aanval teen Israel. Intelligensie bronne van Israel en die VSA het nie ooreengestem met die bevinding nie en niemand het dus die waarskuwing belangrik geag nie. Golda Meir, die Israeliese premier, het egter begin onrustig raak oor die mobilisasie van die Egiptiese weermag teenaan die Suez-kanaal maar haar ministers het haar verseker dat dit net militêre oefeninge was waarmee hulle besig was. 'n Gebeurtenis wat haar vermoede van 'n naderende oorlog verder versterk het was die stappe wat die USSR geneem het om Russiese personeel uit Egipte te onttrek gedurende die nagte van 4 en 5 Oktober. Daar was berigte van nuusagentskappe dat Russiese vliegtuie in Sirië en Egipte geland het vermoedelik om Russiese personeel en afhanklikes uit die lande te ontruim. Daar was ook berigte dat die Egiptiese weermag tot laat in die nag gewerk het aan die Egiptiese kant van die Suez-kanaal.<sup>10</sup>

Die hooftrekke van die oorlog en die gebeure na die oorlog kan in vyf fases verdeel word:

1. Die verloop van die Oktober-oorlog, 6-26 Oktober 1973.
2. Byeenroeping van die Geneva Vredeskonferensie, 27 Oktober 1973-14 Januarie 1974.
3. Onttrekkings ooreenkomste uit Sinaï en die Golan- hoogland, 15 Januarie-31 Mei 1974.
4. Tweede Sinaï onttrekkings ooreenkoms, 1 Junie 1974-10 Oktober 1975.
5. Sadat se besoek aan Jerusalem, die Camp David konferensie, en die Egipties-Israeliese vredesooreenkoms, 11 Oktober 1975-26 Maart 1979.

Op 6 Oktober 1973 om 4h30 die oggend het Golda Meir en Moshe Dayan, Israeliese minister van verdediging, oproepe ontvang waarin hulle ingelig is dat Egipte en Sirië

---

<sup>9</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East from World War II to Gorbachev**, pp. 82-84.

'n gesamentlike aanval teen Israel beplan vir die aand van 6 Oktober. Golda het dadelik haar Kabinet bymekaareroep en ook die VSA laat weet van die aanval. Sadat het egter Vladimir Vinogradov, die Russiese ambassadeur, eers op 6 Oktober teen 11h30 laat weet van die aanval wat hul beplan het vir die aand.<sup>11</sup>

Daar word na die Oktober-oorlog van 1973 ook verwys as die Jom Kippur oorlog en die Ramadan oorlog. Die Israelis gebruik die benaming Jom Kippur omdat die oorlog uitbreek het op dié Joodse dag van versoening wat amptelik gevier word op 6 Oktober en dis ook 'n amptelike vakansiedag. Die Moslems gebruik graag die term die Ramadan oorlog omdat dit ook in die tyd van die Islamitiese fees, Ramadan, plaasgevind het. In sekere kringe staan die oorlog ook bekend as die vierde Israel-Arabiese oorlog.<sup>12</sup>

In Israel op 6 Oktober word die dag van versoening of die Jom Kippur soos dit algemeen bekend staan gevier. Die dag van Jom Kippur of versoeningsdag het sy ontstaan uit die Bybelse tye toe die Israeliete uit Egipte deur die woestyn na die land Kanaän getrek het. Die doel van die dag was vir die suiwering van elke persoon van sy sonde. Algemene gebruike van die Jode op die versoeningsdag was dat almal moes vas en kerkdienste bywoon.<sup>13</sup> Ramadan, die Islamitiese fees, is terselfdertyd in oktober gevier. Volgens die fees was alle Moslems verplig om te vas vanaf sonsopkoms tot die son in die aande gesak het elke dag van Ramadan. Dit was ook 'n tyd waar hulle die aangesig van hulle God gesoek het.<sup>14</sup>

Henry Kissinger, Amerikaanse staatsekretaris, het dadelik nadat hy ingelig is van die dreigende Egiptiese aanval Anatoly Dobrynin, Russiese ambassadeur in Amerika, laat weet van Israel se voorneme dat hulle vrede met Egipte ondersteun en dat Israel nie eerste 'n aanval teen Egipte gaan loods nie. Mohamed El-Zayyat, die Egiptiese minister van buitelandse sake, was op daardie stadium in die VSA vir die sitting van die Algemene Vergadering van die Verenigde Nasies. Kissinger het dadelik aan El-Zayyat die boodskap gegee van Golda Meir waarin Israel dit duidelik maak dat hulle nie die aggressor gaan wees in die vierde Israel-Arabiese oorlog nie. Ten spyte van

---

<sup>10</sup> R.Slater: **Golda: The Uncrowned Queen of Israel**, pp. 236-239.

<sup>11</sup> R. Nixon: **The memoirs of Richard Nixon**, pp. 920-921.

<sup>12</sup> J.Isaacs & T.Downing: **Cold War**, p. 298.

<sup>13</sup> J.I. Packer, M.C. Tenney: **Illustrated Manners and Customs of the Bible**, pp. 399, 405.

die goeie voorneme van Israel het Egipte voortgegaan en op die 6de Oktober 'n klag by die VN ingedien waarin hulle Israel beskuldig daarvan dat hulle eerste 'n aanval teen Egipte geloods het. Daar is ook vir 'n tyd algemeen geglo dat Israel wel die aggressor was van die oorlog wat uitbreek het op 6 Oktober 1973. Die dag daarna het Israel op sy beurt 'n klag by die Sekuriteitsraad van die VN ingedien waarin hulle weer aandui dat hulle die slagoffer was van 'n Egiptiese aanval. Die sekretaris-generaal van die VN het ten tye van die klagtes dit openbaar gemaak dat dit Egipte was wat majoor-generaal Ensio Siilasvuo, hoof van die VN waarnemers kommissie in die Midde-Ooste, gevra het om sy waarnemers uit die gebied te onttrek. Egipte moes 'n rede gehad het hoekom hulle tot die stap oorgegaan het.<sup>15</sup>

Die VSA het dadelik na die uitbreek van die oorlog aan USSR voorgestel dat hulle as supermoondhede moet saamwerk in die Sekuriteitsraad vir vrede tussen hulle as bondgenote. Tot die ontsteltenis van Sadat is hy tydens die aand van die 6de Oktober deur Vinogradov, die Russiese ambassadeur in Egipte, ingelig dat die Russiese ambassadeur in Damaskus, die hoofstad van Jordanië, die vorige Donderdag alreeds ingelig is van die oorlog deur President Assad van Sirië. Hulle het ook USSR gevra om binne twee dae van die uitbreek van die oorlog aktief te begin werk vir 'n wapenstilstand. Sadat kon nie glo dat President Assad voor die uitbreek van die oorlog al vir USSR kon vra om 'n wapenstilstand te bewerkstellig nie. Assad het die aantygings dadelik ontken toe Sadat in 'n telegram die waarheid van Assad wou weet. Vinogradov het egter van Sirië 'n aansoek gekry om 'n wapenstilstand te bewerkstellig en die kwessie het bygedra tot 'n afname in die goeie verhoudinge tussen Kaïro en Damaskus tydens die oorlog. Na die versoek van Kissinger aan USSR dat hulle moet saamwerk om vrede te bewerkstellig in die Midde-Ooste het USSR egter negatief op die versoek geantwoord.<sup>16</sup>

Die grootse gedeelte van die Israeli weermag se reserviste was by die huis by hul families op 6 Oktober omdat hulle Jom Kippur gevier het. Om 14h00 die middag van 6 Oktober het die Egiptiese weermag strategiese gebiede agter die Bar-Lev-Lyn begin aanval en troepe het begin om die Suez kanaal oor te steek na die Israeliese grondgebied. Olie installasies aan die suide van die Sinaï is aan die brand gestee.

---

<sup>14</sup> <http://www-lib.usc.edu/~jnawaz.ISLAM/PILLARS/FastFiqh.html>

<sup>15</sup> H.Kissinger: **Years of Upheaval**.pp. 453-455.

<sup>16</sup> H.Kissinger: **Years of Upheaval**.pp. 497-499.

Teen Sondag middag, 7 Oktober, het 90 000 Egiptiese soldate, 850 tenks en 11 000 ander militêre voertuie geland aan die oos bank van die Suez-kanaal. Dieselfde tyd toe Israel in die suide aangeval is deur Egipte het Sirië 'n aanval geloods in die noorde van Israel. Israel is dus gelyk op beide van sy grense aangeval. Jordanië het nie 'n derde militêre front teen Israel gevorm nie maar 'n aantal eenhede van die weermag van Jordanië is na die Siriese weermag gestuur om onder die leierskap van Sirië deel te neem aan die oorlog. Aan die begin van die oorlog het die lugmag van Israel swaar verliese gelei. Dit was veral die Phantom jets van Israel wat deurgeloopt het onder die grond-na-lug SAM-2 en SAM-3 missiele. Teen Maandag die 8ste Oktober was nie Israel of Egipte al gereed vir 'n wapenstilstand nie. Sir Laurence McIntyre, die president van die Verenigde Nasies se Sekuriteitsraad, wou vir eers nie 'n sitting van die Sekuriteitsraad reël totdat hul verseker was van 'n suksesvolle oplossing vir die konflik in die Midde-Ooste nie. Israel het ook laat weet dat hulle nog nie reg was vir 'n sitting van die Sekuriteitsraad nie. Die Russiese ambassadeur by die Sekuriteitsraad is ingelig deur sy leiers dat hy niks moes doen wat konflik in hul verhouding met die VSA sou toelaat nie. Dit wys dat die USSR miskien die détente beleid tot 'n sekere mate ernstig opgeneem het en dat hul nie enigiets sou doen vir hul Egiptiese bondgenoot nie. Die stap van die Russiese leierskap toon die prioriteite van die USSR op daardie stadium aan. Kissinger het in sy dagboek geskryf dat USSR tydens die Oktober-oorlog niks gedoen het wat diplomatiek offensief of 'n verleentheid vir Amerika kon wees nie.<sup>17</sup>

Die Siriese weermag het met sy eerste aanval die radar toring bo-op die berg Hermon in Israel aangeval. Ag honderd Siriese tenks, gevolg deur drie infanterie divisies het deur sekere gedeeltes in die Israelse verdedigingslyn gebreek en die Israel beheerde Golan-hoogland is betree. In die suide van Israel het die Egiptiese weermag van 600 000 man gevolg deur 2 000 tenks, 160 SAM missiel batterye en 2 300 artillerie wapens 'n hewige aanval teen Israel geloods regoor die Suez kanaal. Binne vier en twintig uur het 5 Egiptiese infanterie divisies Israelse verdedigingsmagte uitoorlê en het hulle voortbeweeg in die besette Sinaï skiereiland. Die Egiptiese stafhoof was so opgewonde oor hul militêre suksesse dat hy geglo het dat die eer van die Arabiese lande aan hulle teruggee is.<sup>18</sup>

---

<sup>17</sup> S.D. Bailey: **Four Arab-Israeli Wars and the Peace Process**, pp.306-313.

<sup>18</sup> J.Isaacs & T.Downing: **Cold War**, p. 298.

Daar bestaan gewoonlik twee doelwitte tydens oorloë. Eerstens is dit 'n militêre oorwinning asook om die vyand te dwing tot onvoorwaardelike oorgawe. Die situasie agter die oorloë is egter baie meer kompleks as net een of twee doelwitte. Volgens S.D.Baily was Sadat se hoofdoel met die oorlog om 'n nuwe diplomatieke situasie te bewerkstellig, om die Sinaï-skiereiland terug te neem van Israeli besetting en ook om nader te beweeg aan 'n oplossing vir die Palestynse vraagstuk. Sadat se doel met die oorlog volgens Kissinger was sielkundig en diplomaties. Daarteenoor was Sirië se hoofdoelwit met sy deelname aan die oorlog om die Golan-hoogland terug te neem van Israeli besetting. Daar was 'n groot aantal mense wat nooit kon vrede maak met die bestaan van 'n Joodse staat nie en hul sou veg tot die bittereinde vir die vernietiging van die Joodse staat<sup>19</sup>

Die Siriese weermag het 'n offensief teen Israel geloods met ongeveer 1 400 troepe om die Golan-hoogland, wat Israel tydens die Sesdaagse oorlog beset het, terug te kry. Vanaf 6-10 Oktober het die weermag van Sirië die opperhand gehad in die oorlog en hulle was volgens getalle 'n baie groot en werklike bedreiging vir Israel. Die Siriese weermag het dit reggekry om oor die Golan-hoogland te vorder tot en met 'n paar myl van die 1949 wapenstilstand skeidingslyn. USSR het voortgegaan en op 10 Oktober 'n groot getal militêre voorraad aan Egipte en Sirië gestuur. Tussen 10-13 Oktober het die laaste Israeli posisies aan die Oos bank van die Suez-kanaal oorgegee. Die keerpunt in die oorlog tussen Israel en Egipte het plaasgevind op 13 Oktober. Israel het tydens die eerste vyf dae van die oorlog swaar verliese gelei en USSR het op sy beurt 'n groot aantal wapens aan Egipte voorsien om vir hulle 'n oorwinning te verseker teen Israel.

Die USSR het soos reeds genoem op 9 Oktober begin om voorraad aan Egipte te voorsien. Per dag het USSR 30 groot Antonov-12 vliegtuie na Damaskus en Kairo gevlieg met duisende wapens en tonne ammunisie. Kissinger en Nixon het 2 dae later ook besluit dat hulle in reaksie genoeg wapens aan Israel moet voorsien om die verloop van die oorlog te verander, dat USSR 'n les geleer moet word en om Washington genoeg diplomatieke mag en invloed te gee sodat hulle in beheer kon wees van die onderhandelinge na die oorlog. Groot vragvliegtuie soos die C-130 en C-5 en tenks, helikopters, elektroniese steuring toerusting en groot voorrade bomme is deur die VSA aan Israel voorsien. Soos die militêre voorraad van Israel

---

<sup>19</sup> S.D. Baily: **Four Arab-Israeli Wars and the Peace Process**, p. 310.

toegeneem het, het hulle 'n groot offensief teen Sirië geloods en hulle het deur die vyandige Siriese weermag gebreek en gevorder tot en met 22 myl van die voorstede van Damaskus. USSR het egter gedreig dat hulle sou optree indien Damaskus bedreig word. Die Israeli weermag het ag gegee op die dreigement en het nie verder gevorder nie.<sup>20</sup>

Die VSA het besluit om die situasie te stabiliseer deur genoeg hulp aan Israel te gee sodat hulle 'n Egiptiese oorwinning kon verhoed. Met die hulp van die Amerikaanse wapens was dit vir Israel moontlik om 'n offensief te loods tussen die Tweede en Derde Egiptiese Divisies en het hulle beweeg tot en met die Wesbank van die Suezkanaal suid van Ismailia. Teen 12 Oktober was die weermag van Sirië teruggedryf tot agter die 1967 wapenstilstand grens en het die Israeli weermag tot 6 myl binne die Siriese grondgebied ingegaan. Die Israeli weermag was ook vandat hulle beheer oorgeneem het van die Golan-hoogland betrokke in hewige gevegte soos hulle beweeg het na Damaskus. Israel het wel te staan gekom teen hewige teenkanting van Sirië soos hulle vorentoe beweeg het.<sup>21</sup>

Op 14 Oktober het die grootste tenk geveg sedert die Tweede Wêreldoorlog plaasgevind. Die Israeli weermag het in 'n groot geveg met 'n Egiptiese Bataljon in die Sinai-skiereiland suksesvol uit die stryd getree en Egipte het swaar verliese gelei. Na die tenkgeveg het Kosygin na Egipte gevlieg en Sadat gevra om in te stem tot 'n wapenstilstand. Gedurende hul samesprekings het die Israeli weermag die Suezkanaal oorgesteek naby Ismailia en hulle het 'n vastrapplek aan die westelike deel van die Suezkanaal verkry en dit het die Egiptiese Derde Divisie afgesny van die res van die Egiptiese weermag.<sup>22</sup>

Abba Eban, Israeli minister van buitelandse sake, het teen die 14de Oktober 'n duidelike verandering in die gemoedere van die Israeli soldate opgemerk. Die Israeli bevolking was weer opgeruimd, positief en gevul met hoop. Saad Mamoun, die bevelvoerder van die Tweede Divisie van die Egiptiese weermag, het egter 'n ineenstorting gehad en alle aanvalle van die Egiptiese weermag is vir eers gestop. Sadat het ook vir Shazly, die Egiptiese stafhoof, opdrag gegee om die moraal van die

---

<sup>20</sup> J. Isaacs & T. Downing: **Cold War**, p. 298.

<sup>21</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, p. 188.

<sup>22</sup> J. Isaacs & T. Downing: **Cold War**, p. 298.

soldate teen die oorlogsfront te probeer lig. Die oorlog het nou 'n besliste wending geneem in die guns van Israel.

Die supermoondhede het vanaf die uitbreek van die oorlog pogings aangewend om 'n wapenstilstand te bewerkstellig. Vanaf 16 Oktober was Moskou gereed om druk op Egipte te plaas vir 'n wapenstilstandooreenkoms. Dit was duidelik dat die VSA en USSR op hul senuwees geraak het en dat hulle 'n gesamentlike toenadering tot die VN nie net moontlik wou maak nie maar ook onvermydelik. Die supermoondhede wou ten alle koste 'n einde bring aan die oorlog en hul moes nou net hul bondgenote oortuig van die noodsaaklikheid daarvan. Leonid Brezhnev het amptelik gesê dat détente en goeie verhoudinge tussen die twee supermoondhede nog steeds die hoeksteun was van die Russiese buitelandse beleid. Die USSR was deeglik bewus van die groot verliese wat Egipte gelei het ten spyte van die feit dat Sadat dit probeer wegsteek het. Om verdere verliese te voorkom moes Egipte dus instem tot 'n wapenstilstand ooreenkoms.<sup>23</sup>

Alexei Kosygin het op 16 Oktober in Kaïro aangekom om Sadat te oorreed tot 'n wapenstilstand ooreenkoms. Sadat het egter nie baie gehou van Kosygin nie, hy was te aggressief volgens Sadat. Die verliese wat Egipte gelei het, het egter al hoe swaarder op Sadat begin leun en teen die 18de was Sadat meer gereed om in te stem tot 'n wapenstilstand ooreenkoms. Die toestroom van wapens en ander voorraad van die VSA na Israel het Sadat oorreed om toe te stem tot 'n wapenstilstand want Sadat het besef dat hul kans tot 'n militêre oorwinning al hoe skraler word. Kosygin se voorstel vir 'n wapenstilstand, die versekering van die supermoondhede van 'n Israeli onttrekking uit vyandelike gebiede asook die byeenkoms van 'n vredeskonferensie onder leiding van die Verenigde Nasies het Sadat oorreed. Nixon het van die VSA se kant Israel aangemoedig om in te stem tot 'n wapenstilstand. Golda Meir, Israeli premier, het 'n eed afgelê waarin sy belowe het dat die oorlog sal eindig in 'n vredesooreenkoms. Ten spyte van die beweging na 'n wapenstilstand ooreenkoms het die gevegte tussen die soldate van Israel en Egipte egter voortgegaan.<sup>24</sup>

---

<sup>23</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 367-368.

<sup>24</sup> S.D. Bailey: **Four Arab-Israeli Wars and the Peace Process**, pp.322-326.

Ten spyte van die pogings van die supermoondhede het beide nog steeds hul bondgenote voorsien van wapens. USSR het 300 Russiese militêre personeel na Egipte gestuur met die doel om die disintegreerende Egiptiese verdedigingslyn te herkonstrueer. Die supermoondhede is geleidelik al verder ingesuij in die konflik in die Midde-Ooste. Teen die 19de Oktober het die diplomatieke pogings van Kissinger nie veel sukses opgelewer nie. Die druk van die Joodse stemme in die VSA saam met die ander druk het die spanning laat toeneem tussen Washington en USSR asook tussen die VSA en Israel.<sup>25</sup>

Henry Kissinger het op 21 Oktober op versoek van Leonid Brezhnev 'n besoek aan die USSR gelewer. Die rol van die supermoondhede was eers net in die hoedanigheid van bystanders wat verander het na wapenvoorsieners en nou met die besoek van Kissinger aan USSR het dit ontwikkel na dié van arbiters. Die laaste rol wat nou oorgebly het vir hulle was om direk by die konflik betrokke te raak.<sup>26</sup> Kissinger was bang dat die suksesse van Israel die USSR gaan verneder voor die hele Arabiese wêreld en Kissinger wou alles in sy vermoë doen om dit te verhoed.<sup>27</sup>

Op 22 Oktober 1973 het die twee supermoondhede op 'n teks ooreengekom wat uiteindelik resolusie 338<sup>28</sup> geword het. Die implementering van resolusie 242 is ook aangemoedig om Egipte gelukkig te hou, daar is besluit om ter wille van Israel ooreen te kom tot vredesonderhandelinge en die organisering van 'n konferensie onder leiding van die VN om te verseker dat die supermoondhede 'n rol het in die proses van vredesonderhandelinge. Die USSR het 'n belofte gemaak dat hulle genoeg druk op Egipte en Jordanië sou uitoefen sodat hulle alle oorlogsgevangenis van Israel sou vrylaat. Egipte het ook besef dat hul militêre posisie in die Wesbank nie baie goed was nie. Sadat was nou bereid om in te stem tot 'n wapenstilstand ooreenkoms. Golda Meir het ook 'n boodskap van Nixon gekry waarin hy die implementering van 'n wapenstilstand aan Golda voorgestel het. Meir het die Verenigde State van Amerika om 15h00 op 22 Oktober ingelig van hul instemming tot die wapenstilstand. Assad van Sirië het egter by Sadat gepleit dat hulle nie die wapenstilstand moet aanvaar nie en dat die Arabiese weermag hul vegtende gees

---

<sup>25</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, p. 370.

<sup>26</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, p. 373.

<sup>27</sup> J. Isaacs & T. Downing: **Cold War**, p. 297.

<sup>28</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>



moes behou. HERNIEUDE GEVEGTE HET PLAASGEVIND TEN SPYTE VAN DIE WAPENSTILSTAND EN 'N AANTAL LUGGEVEGTE HET BYGEDRA TOT GROOT VERLIESE AAN BEIDE KANTE.<sup>29</sup>

Op aandrang van USSR en Amerika het die Sekuriteitsraad van die VN tydens die aand van 22 Oktober 'n spesiale sitting gehad. Tydens die sitting is daar 'n beroep gedoen dat die wapenstilstand inwerking moet tree nie later as 12 uur na die aanvaarding van resoluie 338 nie, in die posisies wat elkeen op daardie oomblik besit het. Daar is gevra vir die implementering van resoluie 242 in al sy dele en dat vredesonderhandelinge moes plaasvind. Die voorstel van die supermoondhede is aanvaar as resoluie 338 met 14 stemme teenoor 0 en China het nie gestem nie.

China het nie deelgeneem aan die stemming nie omdat die resoluie die dade van aggressie wat deur die Israeli Zioniste plaasgevind het, volgens China, nie verwerp het nie. China het nie besef dat die Resoluie Egipte se enigste kans was om met 'n mate van waardigheid uit die stryd te tree nie. Deelnemende partye in die Midde-Ooste het die resoluie aanvaar, Sirië met dien verstande dat Israel uit alle gebiede wat in die 1967 beset is sal onttrek en dat die wettige regte van die Palestynse Arabiere beskerm sal word. Israel en Egipte het die Sekuriteitsraad se versoek tot 'n wapenstilstand op Maandag 22 Oktober aanvaar. Kissinger moes egter herhaaldelik Israel verseker dat die VSA nie 'n geheime ooreenkoms met die USSR gehad het nie en ten spyte daarvan het Israel hulle nie geglo nie. Hoe meer Kissinger die voordele uitgespel het hoe meer het Israel geglo dat daar 'n geheime ooreenkoms tussen Washington en USSR was. In 'n poging om die Israeli's te paai het Kissinger hulle laat weet dat in die voorstel van USSR daar nie eers melding gemaak is van die regte van die Arabiese Palestyne nie.

Kissinger het aan Golda Meir probeer verduidelik dat die belangrikste doelwit van die USSR was om te verhoed dat Egipte 'n volslae verlies lei en dit was ook Amerika se belangrikste doelwit. Die wapenstilstand moes gevolg word deur onderhandelinge vir 'n permanente vredesooreenkoms. Kissinger het Sadat se posisie erken maar hy het dit duidelik gestel dat onderhandelinge van aangesig tot aangesig moes plaasvind. Volgens die onderhandelinge moes Israel van die grootse gedeelte van die gebied wat hul beset het teruggee. Kissinger het die belangrikheid uitgelig dat beide kante aansienlike opofferings moes maak. Hy het dit ook duidelik gemaak dat die twee

---

<sup>29</sup> S.D. Bailey: **Four Arab-Israeli Wars and the Peace Process**, p.326.

supermoondhede die onderhandelingsproses moes koördineer. Israel het nie saamgestem daarmee nie. Die suksesse van die Israëli weermag het nou toegeneem en USSR kon nie net toekyk terwyl sy bondgenoot, Egipte, besig was om swaar verliese te lei nie. Amerika was deeglik bewus van die benarde posisie waarin USSR homself bevind het en geleidelik is die supermoondhede meer direk ingetrek in die oorlog.<sup>30</sup>

Tydens 'n byeenkoms tussen USSR en Amerika het Moskou 'n taamlik vyandige houding ingeneem teenoor die VSA. Die USSR het gewaarsku dat hy nie 'n herhaling van 1967 sal aanvaar nie en om dit te verhoed sal hulle dit oorweeg om meer direk betrokke te raak selfs al is dit met onvoorsienbare gevolge. Kissinger het nie veel aandag gegee aan die houding van Moskou nie en het glad nie verwys daarna met die volgende dag se vergaderings nie. Brezhnev het ook glad nie weer verwys na sy dreigement nie en teen Sondagaand na net 10 uur van onderhandelinge het die VSA en Moskou ooreengekom tot 'n wapenstilstand ooreenkoms.<sup>31</sup>

Golda Meir het nou soos Sadat ook agtergekom dat détente vir die supermoondhede belangriker was as die bevordering van hul bondgenote se politieke doelwitte. Meir het tot die besef gekom dat indien hulle, hul doelwitte wou bereik dat hulle self die geleentheid moes aangryp terwyl hulle nog kon.<sup>32</sup>

Israel sou graag nog 'n paar dae wou gehad het net om die totale grondgebied te beset waarop hulle beplan het. 'n Paar Israëli generaals was van die opinie dat die wapenstilstand juis op die spesifieke tydstip in werking getree het omdat dit voordelig sou wees vir Egipte. Met die intree van die wapenstilstand het nie Egipte of Israel dadelik daarby gehou nie. Ten spyte van die wapenstilstand waarop ooreengekom is het hewige gevegte teen die Suez front plaasgevind tussen 23-24 Oktober. Gevegte het plaasgevind op beide kante van die kanaal en veral in die suide van die kanaal. Egipte het op 23 Oktober 'n versoek aan die Sekuriteitsraad gerig waar hulle gevra het vir 'n vergadering waar Israel se verbreking van die wapenstilstand bespreek kon word.<sup>33</sup> Daar kan nie duidelik bevestig word wie eerste die ooreenkoms oortree het

---

<sup>30</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 377-378.

<sup>31</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 377-378.

<sup>32</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 388-389.

<sup>33</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, p. 188.

nie want Israel stel dit duidelik dat Egipte 'n aanval teen Israel geloods het en Israel moes noodwendig antwoord op die aanval. Egipte se teenargument is dat Israel eerste aangeval het en dat Egipte hulself moes beskerm teen Israëli aggressie. Eban het dié optrede verwag want hy het al te veel gesien dat dit 'n tyd neem vir 'n wapenstilstand om in werking te tree, want beide kante wil altyd eers hul militêre posisies versterk sodat hulle veilig was teen 'n aanval van die vyand.<sup>34</sup>

Die Sekuriteitsraad van die Verenigde Nasies het 'n noodvergadering belê op 23 Oktober as gevolg van die gevegte wat voortgeduur het tussen Egipte en Israel. Hulle het 'n versoek ingedien waarin hulle gevra het vir spesiale VN waarnemers om na die gebied te gaan en die wapenstilstand te monitor. USSR het nou gevra dat beide kante onttrek na die posisies wat beide magte beset het op 22 Oktober en nie meer dié van 5 Junie 1967 nie. Egipte was vas oortuig dat Israel nie die wapenstilstand gevolg het nie en dat die VSA hulle gehelp het om hulle laaste militêre doelwitte te bereik. Die grootste vraag was nou of USSR saamgestem het met die mening van Egipte.<sup>35</sup>

Die twee grootste politieke probleme wat die Israëli regering op 24 Oktober in die gesig gestaar het was die tweede wapenstilstand ooreenkoms en die aanvraag vir nie-militêre voorrade van die Egiptiese Derde Divisie wat op daardie stadium omsingel was deur die Israëli weermag. Die Egiptiese Derde Divisie het bestaan uit twintig duisend soldate en tweehonderd tenks. Die Egiptiese magte veral die Derde Divisie se voorraad roetes is nou beheer deur die Israëli weermag. Daar was geen manier waarop hulle nou voorrade soos ammunisie, kos en water in die hande kon kry nie en hulle was oorgelaat aan die genade van die Israëli magte.<sup>36</sup>

Tydens 'n vergadering van die Sekuriteitsraad van die VN het USSR hul ontevredenheid teenoor Israel uitgespreek in hul verbreking van die wapenstilstand. Yakov Malik, die Russiese afgevaardigde, het ook gesê dat die enigste manier om die situasie te red Israel se aanvaarding van die wapenstilstand ooreenkoms was. Daar is ook verwag van die VSA dat hy sy rol as permanente lid van die Sekuriteitsraad en as ondersteuner van die VN resolusies moes vervul. Dit het beteken dat daar troepe na die konflik gebied gestuur moes word en in hierdie aspek

---

<sup>34</sup> S.D. Bailey: **Four Arab-Israeli Wars and the Peace Process**, pp.327-329.

<sup>35</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, p. 404.

het Moskou geen probleem gehad nie. Daar is ook van die VSA verwag om sy troepe beskikbaar te stel indien nodig. John Scali, die Amerikaanse ambassadeur vir die VN, het nie gehou van dié implikasie nie. Volgens Scali sou die direkte betrokkenheid van die supermoondhede se weermagte in die konflik nie bydrae tot die vredesproses nie. Op 25 Oktober was die los punte van die konflik in die Midde-Ooste en die diplomatie van die supermoondhede heeltemal ineengestrem en was die wêreld skielik bewus van die dreigende konflik nie net tussen Israel en Egipte nie maar ook tussen die twee supermoondhede. Washington was op daardie stadium ook in die middel van 'n interne krisis, naamlik die Watergate skandaal. Die Watergate skandaal het bestaan uit 'n aantal verkiesing en nasionale sekuriteits onreëlmatighede wat Presiden Nixon sy presidentskap gekos het in 1972.<sup>37</sup>

Die reaksie van Amerika en USSR op hierdie stadium van die konflik sou lei tot die grootste krisis tydens die Oktober-oorlog. Sadat het 'n versoek aan die USSR en VSA gestuur om militêre magte na die konflik gebied te stuur sodat hulle self kon sien op watter wyse Israel die wapenstilstand ooreenkoms oortree het. Kissinger was vasberade om te voorkom dat die militêre magte van die supermoondhede deel word van die konflik in die Midde-Ooste en hy wou hulle ten alle koste uit die gebied hou. Hy het 'n boodskap opgestel vir Nixon wat aan Sadat gestuur moes word waarin die VSA dit duidelik maak dat hul enige voorstel van die Sekuriteitsraad sal veto indien hulle buitelandse magte in die gebied voorstel. Dobrynin het te hore gekom van die dreigement van die VSA. Boodsappe van die VSA aan Israel het ook toegeneem en Amerika het al meer ongeduldig met Israel geword. Die krisis het verder toegeneem toe die USSR dit duidelik maak dat hul eensydig sou optree indien die supermoondhede nie tot 'n vergelyk kon kom nie. Nixon het Brezhnev dadelik gewaarsku dat 'n eensydige optrede van die USSR kon lei tot onvoorsienbare gevolge. Onder leiding van Kissinger in 'n vergadering van die Washington Spesiale Aksie Groep is daar besluit om die Amerikaanse weermag op die hoogste vlak van gereedheid te plaas om enige optrede van USSR te stuit. Die Amerikaanse intelligensie agentskappe het verslag gegee dat sewe Russiese lugmag divisies op gereedheidsgrondslag geplaas is en dat ag Russiese *Antonov* vliegtuie gereed was om van Boedapest na Egipte te vlieg.<sup>38</sup>

---

<sup>36</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 397-398.

<sup>37</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 404-405.

<sup>38</sup> H. Kissinger: **Years of Upheaval**, pp. 576-591.

Een van die redes hoekom die VSA sterk opgetree het teen die dreigement van die Moskou was die feit dat 'n aantal Russiese missiele op 'n basis 'n paar kilometer oos van Kaïro geplaas is. Daar was ook gerugte dat kernplofkoppe na Egipte versend is. Die VSA wou hulle veiligheid en dié van Israel verseker en daarom is daar besluit om op die dramatiese wyse op te tree.<sup>39</sup> Nixon het alle Amerikaanse soldate regoor die wêreld op volle militêre gereedheidsgrondslag geplaas omdat hy bang was dat die USSR 'n optrede sou loods in die Midde-Ooste omdat die VSA geweier het om Amerikaanse troepe na die Midde-Ooste te stuur. Hy het gehoop dat dié aksie van Amerika die USSR sou laat afsien van militêre optrede.<sup>40</sup>

Daar is besluit om die Amerikaanse weermag op verdedigingskondisie 3 te plaas wat een stap bo normaal was en een onder die kondisie waartydens die weermag was tydens die Kubaanse Missiel krisis. Daar bestaan vyf kondisies van militêre gereedheid in die Amerikaanse weermag: 5) Weermag is nie op gereedheidsgrondslag, troepe benodig opleiding, 4) Normale vredestoestand heers terwyl troepe opleiding ontvang, 3) Troepe op gereedheidsgrondslag geplaas, wag vir verdere instruksies, alle verlof gekanselleer, 2) Troepe gereed vir oorlog, 1) Troepe ontplooi. Daar is besluit om alle Amerikaanse soldate wêreldwyd op gereedheidsgrondslag te plaas en dit het 2,2 miljoen soldate ingesluit.<sup>41</sup>

In 'n nota aan Brezhnev wat deur Kissinger opgestel is, is USSR deur die VSA gewaarsku dat hulle nie direkte militêre optrede deur die USSR in die Midde-Ooste sou duld nie en enige poging van hulle om Russiese troepe in die gebied te ontplooi sal die proses vir wêreldvrede in die wiele ry. Kissinger het ook gevra vir 'n gesamentlike optrede deur die Verenigde Nasies. Die hele wêreld het teen die oggend van die 25ste Oktober geweet van die gereedheidsgrondslag waarop die Amerikaanse troepe geplaas is. Die meerderheid van die Amerikaanse samelewing was geskok dat die beleid van détente so gou kon verander in 'n kernbedreiging. Kissinger het ten alle koste probeer om die konfrontasie so klein as moontlik te laat lyk. Hy het ook nie spesifieke aantygings teen USSR gemaak nie. Hy het wel gesê dat sekere optredes en kommunikasie van die USSR dubbelsinnig is en daarom het

---

<sup>39</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 412-413.

<sup>40</sup> R. Nixon: **The memoirs of Richard Nixon**, pp. 936-941.

<sup>41</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, p. 413.

Nixon 'n spesiale vergadering belê vir die Nasionale Sekuriteitsraad om 3h00 die oggend om sekere voorsorgmaatreëls te bespreek.<sup>42</sup>

Hy het ook gesê dat die VSA en USSR se kernarsenale só ingerig is dat dit beide in staat gestel het om die hele mensdom uit te wis. Dit is die plig van beide om te verseker dat die konfrontasie tussen hulle en hul bondgenote nie hand uitruk nie. Kissinger het gesê dat die supermoondhede 'n spesiale verhouding het. Hulle is terselfdertyd vyande en vriende in die stryd vir wêreldvrede. Hy het voortgegaan en Brezhnev duidelik laat verstaan dat die VSA die mag het om die nodige te doen om te verseker dat Israel die wapenstilstand nakom. Die Sekuriteitsraad was as gevolg van die spanning tussen die USSR en die VSA tot laat die Woensdagnag in sitting en was ook die grootste gedeelte van die Donderdag in sitting. Na die sitting van die Sekuriteitsraad het Scali, Amerikaanse ambassadeur by die VN, aan Washington berig dat die entoesiasme vir militêre ingryping deur die supermoondhede aansienlik afgekoel het. Sadat het 'n versoek ingedien waarin hy gevra het vir 'n tydelike Verenigde Nasies Mag om die gebeure te monitor. Op versoek van Sadat is ooreengekom dat die 5 permanente lede van die Sekuriteitsraad nie lidmaatskap sou hê in die Spesiale Mag nie. Daar is ooreengekom tydens die sitting dat die VN se Spesiale Mag geen troepe van die 5 permanente lede, Amerika, USSR, China, Brittanje en Frankryk, sou ontvang nie.<sup>43</sup>

Die krisis is uiteindelik opgelos deur die Veiligheidsraad wat resoluie 240 op 25 Oktober 1973 aanvaar het waarin vereis word dat 'n onmiddellike wapenstilstand in die Midde-Ooste aanvaar en geïmplementeer moet word. Resoluie 240 het ook vereis dat Egipte en Israel moes terugkeer na die posisies wat hul gehad het op 22 Oktober 1973.<sup>44</sup>

Die VSA het toenemende druk op Israel geplaas om hul houvas en omsingeling van die Derde Divisie van die Egiptiese weermag te verslap en dat hul moes toelaat dat mediese voorrade kon deurgaan na die troepe toe. Die VSA kon nie toelaat dat die Derde Divisie van die wêreld afgesny word as gevolg van militêre optrede deur die Israëli weermag na die aanvaarding van die wapenstilstand nie. Die troepe het dringende mediese voorraad en kos nodig gehad. Die VSA kon egter nie

---

<sup>42</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 414-415.

<sup>43</sup> H. Kissinger: **Years of Upheaval**, pp. 593-596.

tussenbeide tree as USSR beplan het om voorrade vir die Derde Divisie uit die lug neer te laat nie. Israel het die wapenstilstand op 'n Kabinetsvergadering op 25 Oktober aanvaar. Onder druk van die VSA het hulle toegelaat dat voorrade na die Derde Divisie kon deurgaan. USSR het in plaas van militêre ingryping 70 waarnemers gestuur om deel uit te maak van dié waarnemers van die Verenigde Nasies. Nixon het aan Brezhnev voorgestel dat die samestelling van die VN waarnemers kommissie aan die VN sekretaris-generaal oorgelaat moes word. Hulle het ook ooreengekom dat beide supermoondhede 'n groep van 36 waarnemers sal voorsien. Die gereedheidsgrondslag waarop die Amerikaanse troepe geplaas is het om middernag, 25 Oktober tot 'n einde gekom.

Tydens die Oktober-oorlog is dit bewys dat die supermoondhede nie vrede tussen hul bondgenote in die Midde-Ooste self kon bewerkstellig sonder om direk betrokke te raak by die konflik nie.

### **3.2 Die reaksie van die Europese lande op die oorlog**

Tydens die Oktober-oorlog was die verhouding tussen die Europese lande en die VSA gekenmerk aan grootskaalse onenigheid. 'n Britse diplomaat het na die Sesdaagse oorlog in 1967 vir Amerika gewaarsku dat hulle vrede in die Midde-Ooste moes bewerkstellig anders sou daar weer 'n oorlog in die gebied uitbreek. Amerika is dus gewaarsku deur sy Europese vriende maar het nie gehoor gegee aan die waarskuwing nie. Die houding van die Europese lande tydens die oorlog was dat hul wel die VSA gewaarsku het, maar dat hul nie gehoor gegee het daaraan nie. In die lig van die gebeure het Amerika dus nie die ondersteuning gehad van die lande in Europa nie. Vrede in die Midde-Ooste het volgens Brittanje beteken om Israel op 'n logiese wyse of deur geweld te oorreed om resoluie 242 te erken soos die res van die wêreld dit verstaan het. En indien Israel na die oorlog nie resoluie 242 aanvaar en erken nie sal daar weer 'n oorlog uitbreek. Brittanje het herhaaldelik hul opinie gelug teenoor Washington want dit was net Amerika wat die mag gehad het om Israel te oorreed. Die algemene gevoel in Europa is dat net Amerika werklik invloed in Israel het en dat dit dus Amerika se probleem is. Die kernbedreiging tydens die oorlog was die breekpunt in die verhouding tussen Europa en die VSA. Die

---

<sup>44</sup> J.R. Gainsborough: **The Arab-Israeli Conflict**, p.189.

Europese lande wat die VSA toestemming verleen het om hul basisse te gebruik en wat op gereedheidsgrondslag geplaas is as gevolg van die kernbedreiging het die VSA duidelik laat verstaan dat hulle heeltemal gekant was teen die stap. Hulle het die kernbedreiging gesien as 'n gebrek aan beraadgewing. Amerikaanse amptenare in die Staatsdepartement en die Pentagon was baie ontevrede oor die houding van hul Europese bondgenote en die feit dat hulle nie meer ondersteuning aan die VSA gegee het nie. Amerika kon nie verstaan dat die Europese lande selfs in die openbaar hul ontevredenheid met die wyse waarop die VSA die konflik in die Midde-Ooste hanteer het kon bekend maak nie.<sup>45</sup>

Daar was duidelike verskille in opinie tussen die verskillende Europese lande. Meeste Europese lande het Israel geblameer dat hul nie meer moeite gedoen het om vrede te bewerkstellig met sy Arabiese bure nie. Nederland was van al die Europese lande die enigste land wat Israel die meeste ondersteun het en Frankryk was die meeste gekant teen Israel. Met die uitbreek van die oorlog het daar 'n algemene gevoel onder die Europese lande bestaan dat Amerika 'n aandeel gehad in die konflik in die Midde-Ooste en dat hulle die enigste Westerse land was wat 'n werklike invloed op die gebeure in die gebied kon uitoefen. Net na die uitbreek van die oorlog het Brittanje 'n beleid aangeneem wat daarop aangedring het dat 'n onmiddellike wapenstilstand onderteken moes word. Kissinger het in reaksie 'n versoek aan Brittanje gerig waarin hy gevra het dat Brittanje die beleid moes laat vaar en dat hul Amerika moes toelaat om die konflik te hanteer. 'n Franse diplomaat het geglo dat Kissinger aan die Engelse gesege geglo het dat kinders gesien en nie gehoor moet word nie en dat die Europese lande in dié geval die kinders verteenwoordig. Die Midde-Ooste is vir so lank deur die Europese lande beheer dat dit eintlik snaaks vir hulle gevoel het om nie 'n aandeel en invloed in die gebeure daar te hê nie. Hulle was egter bly om nie direk betrokke te wees nie veral nie na al die verliese wat menigte lande al in die Midde-Ooste gelei het nie.<sup>46</sup>

Europa het meer as 80% van hul olie ingevoer van die Arabiese lande terwyl die VSA net omtrent 11% van hul olieverbuiik van die Arabiese lande ingevoer het. 'n Olieverbod deur die Arabiese lande kon menigte Europese ekonomieë vernietig, terwyl dit skaars 'n invloed op die Amerikaanse ekonomie sou hê. Europa kon nie 'n

---

<sup>45</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, p. 421.

<sup>46</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, p. 422.



olieverbod bekostig nie en het dus 'n beleid ingeneem waar hulle 'n baie lae profiel gehandhaaf het in die konflik in die Midde-Ooste. Brittanje het as gevolg van die beleid tydens die eerste week van die oorlog besluit om geen militêre voorrade na die betrokke lande te stuur nie en dit het meer skade gedoen aan Israel as aan Egipte.<sup>47</sup>

Frankryk was een van die enigste Europese lande wat die Arabiese lande goedgesind was. Hulle was ook ten gunste van die onmiddellike beëindiging van die oorlog. Die kwessie van 'n Amerikaanse lugbrug na Israel was 'n sensitiewe kwessie vir die Europese lande. Amerika sou toestemming vra vir die lande waar hulle bassise gehad het om in hul lugruim te vlieg en om moontlik te land. Die lande kon nou een van twee opsies kies. Eerstens kon hul toestemming verleen aan Amerika om hul basisse te gebruik en sodoende in onguns by die Arabiese lande kom. Die ander opsie was om die VSA se versoek teen te staan en weer in onguns by Washington te raak. Die meeste lande het die laaste opsie gekies. Teen 9 Oktober 1973 was Spanje afhanklik van 90% van hul olie van die Arabiese lande. Hulle het dus aan Amerika laat weet dat hul hoop dat die VSA nie 'n versoek vir die gebruik van hul lugruim aan hul sou stuur nie. Op 11 Oktober het Italië dieselfde gedoen asook Griekeland en Turkye. Die verhouding tussen Amerika en Brittanje was op daardie stadium so swak dat die VSA nie eers vir Brittanje gevra het of hul, hul lugruim kon gebruik nie.<sup>48</sup>

Willy Brandt, Kanselier van Wes-Duitsland, het toegelaat dat die VSA se lugbrug kon plaasvind tussen die Amerikaanse weermagbasis in Ramstein wat in die Rynland was en Israel. Dié basis was een van Amerika se hoofbasisse in Europa. Meeste van die militêre voorrade het van Amerika gekom en met die gebruik van die lugmagbasis in Ramstein het die meeste van die voorrade via die Duitse lugmagbasis na Israel gegaan. Binne drie dae van die lugbrug het die Arabiese lande druk op Wes-Duitsland begin plaas. Op 16 Oktober het Walter Scheel, die Wes-Duitse minister van buitelandse sake, vriendelik dog ernstig Martin Hillebrand, die Amerikaanse amassadeur in Bonn, gevra dat die lugbrug binnekort beëindig moes word. Teen 23 Oktober kon Duitsland die druk nie meer hanteer nie en het hulle Amerika laat weet dat die lugbrug vanaf hul Duitse basis dadelik beëindig moes word. Hillebrand het hom verseker dat dit alreeds gestop het en Scheel het dadelik

---

<sup>47</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 422-423.

<sup>48</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 423-424.

die nuus aan die Arabiese lande oorgedra. Die Wes-Duitse regering het egter die volgende dag deur 'n berig in 'n koerant uitgevind dat twee Israëli vliegtuie besig was om voorrade te laai onder die beskerming van die Amerikaanse militêre polisie. Toe Duitsland hul ontsteltenis wys het Hillebrand se adjunk-ambassadeur laat weet dat hy gedink het dat hul wel toestemming van die Wes Duitse regering gekry het. Die Arabiese lande was onder die indruk dat Duitsland vir hulle gejoj het. Met die kernbedreiging tussen die VSA en USSR het Duitsland breekpunt bereik in hul verhouding met Amerika. In 'n streng bewoorde boodskap aan Amerika is hulle gevra om dadelik alle verskeping van militêre voorrade na Duitsland wat bestem is vir Israel te stop.<sup>49</sup>

Amerika was nie baie gelukkig oor die reaksie van die Europese lande nie. Met 'n besoek van 'n groep Europese parlamentslede in Wasington het Kissinger hulle aangemaan oor hul houding. Kissinger het aan hul gesê dat terwyl die VSA belangrike besluite moes neem het die Europese lande gemaak asof die Noord-Atlantiese Alliansie nie bestaan het nie. Dit het vir Amerika gelyk asof die Europese lande meer belang gestel het in hul individuele voordele wat verkry kon word tydens die oorlog as wat hulle belang gestel het om as 'n verenigde front op te tree teen die vyandelike magte. Europa was egter afhanklik van die olie van die Arabiese lande en hulle is baie fyn dopgehou om te sien wat hulle optrede sou wees. Die Europese lande kon nie bekostig om van die olievoorsiensers afgesny te word nie. Dit het die Europese lande in 'n baie moeilike posisie geplaas. Die VSA kon nie die argument van die Europese lande verstaan nie. Meeste Europese lande het gedink dat Washington en veral Kissinger arrogant was. Ten spyte van die skade wat die kernbedreiging berokken het tussen Amerika en die Europese lande het dit die akkomodasie faktor tussen die USSR en die VSA versterk. Beide supermoondhede het nou gewet tot watter punt beide bereid was om te gaan in tye van konflik. 'n Vraag wat nog nie beantwoord is nie, is die mate van beheer wat beide supermoondhede gehad het op hul bondgenote in die Midde-Ooste ten tye van 'n konflik. En hoeveel invloed hul werklik het op Israel en Egipte.<sup>50</sup>

---

<sup>49</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 424-425.

<sup>50</sup> A. Deutsch: **The Yom Kippur War**, pp. 425-426.

## HOOFSTUK 4

### **Die reaksie en optrede van die supermoondhede in die Midde-Ooste na die Oktober-oorlog van 1973 tot en met die Camp David Ooreenkomste van 1978**

#### **4.1 Die Geneva Konferensie - Desember 1973**

Alle oorloë wat tussen Israel en 'n Arabiese land voor 1973 plaasgevind het is opgevolg deur 'n politieke stilstand. Die Oktober-oorlog van 1973 was die eerste oorlog wat nie net opgevolg is deur 'n politieke stilstand nie maar ook deur 'n politieke skikking. Die volgende drie redes verduidelik hoekom dit juis die geval was na die Oktober-oorlog.

Eerstens was dit die indrukwekkende militêre vertoning van Egipte in die begin van die oorlog. Egipte het in 'n verrassingsaanval nie net die Suez-kanaal oorgesteek nie maar hulle het oor die Bar-Lev-Lyn tot diep in die Sinai beweeg. Die Siriese weermag het terselfdertyd die Golan-hoogland aangeval en Israel is dus gelyk aangeval aan sy twee fronte wat bygedra het tot swaar verliese in die Israeli weermag. Die aanvalle het bewys dat Israel nie onoorwinbaar is nie en dit het die Arabiese wêreld genees van die trauma van die Sesdaagse oorlog in 1967. Die militêre suksesse van Egipte en Sirië het die Arabiese eer en selfvertroue herstel en was hulle nie meer in 'n minderwaardige posisie teenoor Israel nie. Dit alleen was egter nog nie genoegsaam vir 'n politieke skikking nie.<sup>1</sup>

Israel se optrede in die oorlog het ook 'n bydrae gelewer tot die politieke skikking na die oorlog. Hulle was totaal onbewus dat Egipte besig was om 'n oorlog teen hulle te beplan. Met die uitbreek van die oorlog is hulle verras en het hul swaar verliese gelei. Israel het dit reggekry om sy balans te herwin en het 'n hewige teenaanval teen die Egiptiese en Siriese weermagte geloods. Die Arabiese magte het die eerste rondte van die oorlog gewen met Israel wat die tweede rondte gewen het. Teen die einde van die oorlog was daar egter nie 'n duidelike wenner wat uit die stryd getree het nie. Beide die Israeliese en Egiptiese weermagte het swaar verliese gelei in die

oorlog en dit dui op die groot verskil tussen die Oktober-oorlog en die Sesdaagse oorlog van 1967. Die Israeli oorwinning tydens die Sesdaagse oorlog was so deurslaggewend dat die Arabiese leiers Israel nie oor 'n onderhandelingsstafel in die oë kon staar nie. Die resultate van die Oktober-oorlog was baie meer gebalanseerd tussen die Israeli en Arabiese magte. Beide kante het na die oorlog 'n meer realistiese houding teenoor die ander gehad en dit het die basis geskep vir 'n meer positiewe fondasie vir onderhandelinge en die pad na 'n politieke ooreenkoms.<sup>2</sup>

Derdens was dit die invloed en betrokkenheid van Amerika in die gebeure direk na die oorlog wat bygedra het tot die politieke skikking in die Midde-Ooste. Die Amerikaanse beleid tot en met die Oktober-oorlog het grootliks bestaan uit hulle ondersteuning vir Israel en die handhawing van die status quo. Die oomblik toe die status quo verbreek is het Kissinger met 'n merkwaardige spoed beweeg om 'n Arabiese dimensie by die Amerikaanse buitelandse beleid te voeg. Sy doelwit was om die vloeibare situasie na die oorlog te gebruik om die betrokke partye stap vir stap te help om by 'n politieke ooreenkoms uit te kom.<sup>3</sup>

Intense diplomatieke onderhandelinge tussen die VSA, Israel, Egipte en Sirië het plaasgevind in die periode tussen November 1973 en September 1978. Die Oktober-oorlog het 'n keerpunt gebring in die beleidsbenadering wat die VSA gevolg het in die Midde-Ooste. In September 1973 is Henry Kissinger aangestel as die nuwe Amerikaanse staatssekretaris terwyl hy ook nog die posisie van Nasionale Sekuriteitsadviseur beklee het. Na die Oktober-oorlog was hy een van die sentrale figure in 'n diplomatieke veldtog vir vrede in die Midde-Ooste. Die 23 maande wat gevolg het op die oorlog het bekend gestaan as die Vredesproses en in dié tyd het die politieke klimaat van die Midde-Ooste heeltemal verander. Onder aanvoering van Henry Kissinger het die VSA begin met 'n diplomatieke proses wat die stap-vir-stap diplomatie genoem is. Die stap-vir-stap diplomatie was strategies deur Washington gebruik om die betrokke lande in die Midde-Ooste te oorreëde om eers ooreen te kom oor die minder belangrike kwessies rakende die gebied. Washington het gereken dat dit die weg sou baan na die meer belangrike kwelpunte en dat die lande meer geredelik sou saamwerk vir 'n oplossing na die kernprobleme. Israel en die Arabiese

---

<sup>1</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p. 320.

<sup>2</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,pp. 320-321.

<sup>3</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p. 321.

lande moes daardeur sien dat dit nie onmoontlik is om op 'n vreedsame wyse tot 'n vergelyk te kom nie. Volgens Kissinger sou die stap-vir-stap diplomاسie lei tot 'n momentum in onderhandelinge tussen Israel en die Arabiese lande wat sou lei tot die oplossing van die kernaspekte van die konflik. Die VSA was verbind tot die proses om 'n finale oplossing te kry in die Midde-Ooste en die rol wat hulle besluit het om in te neem was dié van 'n derde party en fasiliteerder vir die betrokke partye. Daar was 'n algemene siening onder die mense in Israel en die Arabiese lande dat daar nie maklik 'n einde aan die konflik tussen hulle sou kom nie en dit was asof daar 'n sielkundige hindernis tussen hulle en 'n vredesoplossing gestaan het. Die stap-vir-stap diplomاسie van Kissinger sou egter bydra om die hindernis geleidelik te verwyder.<sup>4</sup>

Daar bestaan 'n algemene siening dat Kissinger die mees dominante politieke figuur en argitek in die diplomاسieke proses tussen die lande in die Midde-Ooste was in die ag maande wat gevolg het op die Oktober-oorlog. Die feit dat USSR geen strategiese of ekonomiese mag of invloed in die Midde-Ooste gehad het nie het duidelik in Amerika se guns getel.

Die kern van die USSR se buitelandse beleid in Egipte het net bestaan uit die voorsiening van wapens aan die Egiptiese weermag. Voor die Oktober-oorlog was Egipte in die middel van 'n ekonomiese krisis en hulle het 'n groter behoefte gehad vir ekonomiese hulp as wat hulle wapens nodig gehad het. Sadat het definitiewe politieke doelwitte met die oorlog teen Israel nagestreef. Hy het ten volle beseft dat die USSR net 'n beperkte oorlog kon ondersteun en hy het daarom besluit om deur middel van die oorlog 'n totale verandering in sy beleid te bewerkstellig sodat hy 'n sterker strategiese basis kon hê vir politieke onderhandelinge met ander belangrike rolspelers. Tydens die omsingeling van die Egiptiese weermag se Derde Divisie deur Israeli magte het Sadat van die VSA verwag om 'n einde te bring aan die omsingeling deur middel van druk wat Amerika op Israel moes plaas. Sadat het onderneem dat indien die VSA in die eis voldoen dat hy 'n meer pro-westerse beleid sou volg en dat hy sou instem tot gesprekke met Israel in verband met die demilitarisering van die konflik. Kissinger het weer op sy beurt sy eie agenda gehad. Sy doelwitte was om die voorsiening van wapens van USSR na die Midde-Ooste stop te sit, om te keer dat Israel die Arabiere verneder voor die hele wêreld en om toe te sien dat bilaterale

---

<sup>4</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp. 76-77.

gesprekke tussen Israel en sy vyande plaasvind. Die voertuig wat hulle gebruik het om dié doelwitte te bereik was Kissinger se stap-vir-stap diplomاسie.<sup>5</sup>

Een van die prioriteite in die Nixon administrاسie was om direk betrokke te wees in die vredesproses in die Midde-Ooste. Kissinger se stap-vir-stap diplomاسie het die volle ondersteuning van Nixon gehad en hulle kon begin met die implementering daarvan. Indien Washington 'n definitiewe vredesplan sou voorstel kon dit die gevolg hê dat dit hulle verhouding met Israel, pro-Israeli drukgroepe, Arabiese lande en die USSR nadelig kon beïnvloed afhangende van hulle voorstel. Die stap-vir-stap diplomاسie het dit moontlik gemaak dat hulle, hul nie hoef te verbind tot 'n enkele vredesplan nie. Hulle kon elke ooreenkoms afsonderlik hanteer en daardeur verseker dat hulle die guns van die meerderheid kon behou. Daar was lande wat 'n omvattende vredesplan kon sien as 'n plan om die Amerikaanse belange te bevoordeel in die Midde-Ooste. Die voordeel van die stap-vir-stap diplomاسie was dat Kissinger dit reggekry het om beperkte ooreenkomste te sluit tussen betrokke partye. Die nadeel van die strategie was dat hulle die pad gevolg het wat die minste teenstand gebied het. Hulle was nie bereid om 'n kans te waag en 'n definitiewe standpunt inneem nie. Ten spyte van die ooreenkomste wat gesluit is het die onderliggende kern aspekte van die konflik in die Midde-Ooste net meer kompleks geraak en het dit nie gelyk asof hulle nader aan 'n oplossing was nie. Na die Oktober-oorlog het die Nixon administrاسie hul buitelandse beleid in die Midde-Ooste in heroorweging geneem. Tydens die hersiening van die Amerikaanse buitelandse beleid het die Watergate skandaal 'n groot deel van die Amerikaanse besluitnemers en publiek se aandag opgeneem en dit het daartoe aanleiding gegee dat die Midde-Ooste nie baie hoog geag is op die prioriteitslys van Washington nie. Die oorlog wat die lewens geneem het van meer as 2 500 Israeli soldate was 'n groot skok vir die ondersteuners van Israel regoor die wêreld en hulle was meer as ooit gemotiveerd om Israel te beskerm teen vyande, wat die vernietiging van Israel wou teweegbring.<sup>6</sup>

Daar was egter ook 'n aanduiding van nuwe geleenthede vir die VSA in die Midde-Ooste. Net voor die uitbreek van die Oktober-oorlog was daar tekens dat Sadat al hoe meer die moontlikheid ondersoek het om sy verhouding met die VSA te verbeter wat direk 'n nadelige invloed op hul verhouding met USSR sou hê. Volgens Dan

---

<sup>5</sup> B.Tibi: **Conflict and War in the Middle East 1967-1991**, pp.126-127.

<sup>6</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, p.77.

Tschirgi, het Sadat voor die oorlog in kommunikasie met Kissinger dit duidelik gemaak dat hy net beperkte militêre doelwitte vir die oorlog gehad het. Kissinger het dit geïnterpreteer as 'n uitnodiging van Sadat aan Washington dat hulle nie net moes deelneem aan die vredesproses nie maar ook dat hulle die vredesproses wat na die oorlog sou plaasvind moes lei. Sadat was na die oorlog heeltemal ontnugter met die onvoldoende ondersteuning wat hulle ontvang het van USSR en Sadat het die USSR as bondgenoot nie meer vertrou nie. Daar kon duidelik gesien word dat die eertydse beongenootskap tussen Egipte en USSR besig was om agteruit te gaan. Egipte wou die hulp van die VSA nie net gebruik vir die beëindiging van die oorlog met Israel nie maar het ook hul hulp nodig gehad om die stagnante ekonomiese toestand wat vir 'n geruime tyd in Egipte geheers het te beëindig. Kissinger het ook met die stap-vir-stap beleid probeer om Moskou uit die diplomatieke proses in die Midde-Ooste te hou. Die VSA wou keer dat USSR se invloed weer in die gebied versprei.<sup>7</sup>

Aan die begin van November 1973 het Kissinger op 'n uitgebreide toer van Noord Afrika, die Midde-Ooste en Asië gegaan in 'n poging om 'n einde te bring aan die voortgaande geweld. Met sy besoek aan Egipte het Sadat en Kissinger ooreengekom dat hulle die diplomatieke bande wat in 1967 verbreek is tussen Egipte en die VSA weer moes herstel. Kissinger het teen die einde van November begin beplan vir die Geneva Konferensie wat geskeduleer was om in Desember 1973 plaas te vind. Hy was ten gunste daarvan dat die diplomatieke onderhandelinge deur middel van bilaterale Israel-Arabiese werksgroepe moes plaasvind. Daar bestaan die siening dat die Geneva Konferensie vir Kissinger niks meer as net 'n simboliese daad was nie. Die Konferensie is so uiteengesit dat Amerika se deelname en invloed in die Midde-Ooste moes toeneem terwyl dié van USSR moes afneem.<sup>8</sup>

Die Geneva Konferensie is byeengeroep deur Kurt Waldheim, sekretaris-generaal van die VN, en een van die hoofpunte op die agenda was die samesprekings rakende die implementering van resoluie 242 en die vestiging van 'n blywende vrede in die Midde-Ooste. Die VSA en USSR was gesamentlike voorsitters van die Konferensie. Dit was 'n groot diplomatieke prestasie vir USSR omdat dit die eerste internasionale erkenning van sy status as supermoondheid in die Midde-Ooste was.

---

<sup>7</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**,p.78.

<sup>8</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**,pp.84-85.

Die lande is elk verteenwoordig deur hul ministers van buitelandse sake. Sirië en die Palestynse Arabiere het egter beide geweier om die Konferensie by te woon.

Die Konferensie het begin op 21 Desember 1973 met toesprake van Kurt Waldheim, Henry Kissinger, Gromyko, die Russiese minister van buitelandse sake, die ministers van buitelandse sake van Israel, Egipte en Jordanië. Kissinger was sterk ten gunste daarvan dat hulle vinnig moes beweeg in die rigting van die praktiese implementering van die onderhandelinge. By die Konferensie het hy die standpunt beklemtoon. Hy het die betrokke partye aangemoedig om die verlede te vergeet en hy het 'n Arabiese spreekwoord aangehaal: Illi fat mat – “Dit wat in die verlede is, is dood”.<sup>9</sup>

Gromyko het in sy toesprake die belangrikheid en dringendheid van 'n politieke ooreenkoms beklemtoon. Hy het verder gesê dat indien die hooforsaak van die konflik in die Midde-Ooste nie opgelos word nie dat daar gedurig oorloë in die gebied sou plaasvind. Ten spyte van die feit dat die spanning in die gebied vir meer as 25 jaar al aan die gang was, was Gromyko van opinie dat die kern van die probleem die Israeli besetting van Arabiese grondgebied was wat teen daardie tyd toe al ses jaar aan die gang was. USSR het die klem geplaas op die kwessie waarvoor daar 'n oplossing gevind kon word en het glad nie verwys na die meer komplekse kwessies nie. In 'n gesprek tussen Abba Eban en Gromyko het laasgenoemde nie die komplekse kwessies aangespreek nie en het sover gegaan deur te sê dat hulle miskien hul ondersteuning van die PBO gaan heroorweeg. Daar kan nie met sekerheid gesê word of dit 'n taktiese beweging van die USSR was of nie. Dis egter belangrik om te let op die houding wat Moskou ingeneem het teenoor die Palestynse Arabiere in sy uitsprake. Hy het egter gesê dat Palestynse verteewoordigers wel teenwoordig moet wees as die onderhandelinge oor die Palestynse vraagstuk plaasvind en wanneer hulle besluite neem wat hulle direk raak.<sup>10</sup>

Gromyko het voorgestel dat 'n konkrete program in werking gestel moet word vir die implementering van resoluie 242. Hy het ook aanbeveel dat al die besluite wat geneem word op skrif gestel moes word en dat die dokumente die fondasie moes wees vir die vreedsame naasbestaan van die lande in die Midde-Ooste.<sup>11</sup>

---

<sup>9</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, p. 321.

<sup>10</sup> G.Golan: **Yom Kippur and After**, pp. 160-161.



Daar is besluit op die volgende dag dat samesprekings tussen Israel en Egipte moes voortgaan in subkomitees. Na drie dae van toesprake en werksessies is die Konferensie beeindig. Hulle het weer saamgekom in die eerste week van Januarie 1974 maar hulle is uitmekaar sonder om 'n datum vas te stel vir hulle volgende ontmoeting.<sup>12</sup> Die Geneva Konferensie was nie sonder enige betekenis nie. Dit was die eerste keer waartydens Israel en Egipte 'n onderhandelingsstafel gedeel het. Dit het ook die kompleksiteit van die pad na 'n omvattende vredesplan uitgelig. Jordanië het egter die VSA gewantrou. Hulle was van mening dat Kissinger nie van plan was om die toe te sien dat resoluie 242 ten volle geïmplementeer word nie. Hulle het vermoed dat Washington van plan was om Jordanië heeltemal van die bord te vee en dat hulle 'n aparte ooreenkoms tussen Egipte en Israel wou verseker waarvan Amerika dan die volle krediet sou neem. Die afwesigheid van Sirië en die Palestynse Arabiere tydens die Konferensie asook die toenemende steun wat die VSA van Egipte gekry het, het die klem laat val op die vermindering van USSR se posisie en invloed in die diplomatieke prosesse in die Midde-Ooste.<sup>13</sup>

Kissinger het na die Konferensie die leiding geneem in die praktiese vredesonderhandelinge in die Midde-Ooste en het daarmee USSR se invloed en rol in die gebied begin beperk. Hy het persoonlik na die Midde-Ooste gegaan om aktief deel te neem aan die onderhandelinge. Henry Kissinger het op 'n gereelde basis tussen Egipte en Israel gereis met sy onderhandelingspogings en dit het gelei tot die ontstaan van die term shuttle diplomatie. Hy het sy goeie oortuigingsvermoë gebruik om te verseker dat die eerste Israel – Egiptiese onttrekkings ooreenkoms op 18 Januarie 1974 onderteken word.

#### **4.2 Die Israel-Egiptiese Onttrekkings Ooreenkoms – Januarie 1974**

Die Israel-Egiptiese verdrag is op 18 Januarie 1974 deur Generaal Abdul Gani al Gamasy, die Egiptiese weermag se stafhoof, en David Elazar, die Israeli weermag se stafhoof, onderteken by Kilometer 101 wat op die Suez-Kaïro pad geleë was. Die ooreenkoms is teen 12h00 die middag deur die leiers onderteken onder die toesig van Generaal Siilasvuo, die United Nations Emergency Force (UNEF) kommandeur.

---

<sup>11</sup> G.Golan: **Yom Kippur and After**, pp.164-165.

<sup>12</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, p. 322.

<sup>13</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp.85-86.

Israel en Egipte het ooreengekom om alle militêre optredes te staak die oomblik as die ooreenkoms onderteken is. Die UNEF mag het bestaan uit die nie-permanente lede van die Verenigde Nasies se Sekuriteitsraad.<sup>14</sup>

Daar is ooreengekom dat Israel sy magte sal onttrek van die westelike bank van die Suez-kanaal tot ongeveer 15 myl oos van die Suez. Alle Israeli magte moes dus terugkeer tot die Sinaï gebied. Teen die oosbank van die Suez-kanaal is 'n gebied van 30 km wyd in 3 verskillende zones verdeel. Egipte het die deel teen die kanaal gekry en hulle is toegelaat om 7 000 soldate, 30 tenks en 36 artillerie wapentuig daar aan te hou. Die zone in die middel was beheer deur die Verenigde Nasies. Die oostelike zone het aan Israel behoort en het tot teenaan die Sinaï bergpas gestrek en Israel is ook toegelaat om 7 000 soldate, 30 tenks en 36 artillerie wapentuig in hulle gebied te hê.<sup>15</sup> Egipte het in geheim met Israel ooreengekom om die Suez-kanaal oop te stel vir Israeli siviele skepe en dat hulle siviele nedersettings teen die kanaal sal hervestig. Daar is ooreengekom dat die VN net uit hulle gebied sal onttrek as beide Egipte en Israel daartoe instem. Bogenoemde punte is uiteengesit in 'n geheime memorandum tussen Israel en die VSA met die verstandhouding dat Amerika nog ten volle verbind is om in al Israel se militêre behoeftes te voorsien.<sup>16</sup>

Daar is ooreengekom dat die militêre verteewoordigers van Israel en Egipte saam sal werk aan die gedetailleerde implementering van die onttrekking van hulle magte en hulle sou gesamentlik die stappe in die proses bepaal. Die taak moes binne 5 dae voltooi word en die onttrekking sou nie later as 48 uur begin nadat die verteewoordigers die onttrekkingsplan gefinaliseer het nie. Die onttrekking van die Israeli en Egiptiese troepe moes binne 7 dae vanaf die ondertekening van die ooreenkoms begin en die onttrekkingsproses moes klaar wees binne 40 dae na die ondertekening van die ooreenkoms. Daar is ook duidelik gestel dat die militêre ooreenkoms tussen Egipte en Israel net die eerste stap was in die rigting van 'n regverdige en blywende vrede in ooreenstemming met die Sekuriteitsraad se resolusies 242 en 338.<sup>17</sup>

---

<sup>14</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

<sup>15</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p. 322.

<sup>16</sup> D. Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp. 86-87.

<sup>17</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

Sadat het die situasie tydens die ondertekening van die verdrag met Israel beskou as die begin van 'n vriendskap met die VSA wat gebaseer is op 'n wedersydse verstandhouding en USSR se reaksie op die vriendskap was dat dit die einde van hul bondgenootskap met Egipte beteken het. Sadat het Israel baie duidelik laat verstaan dat hy 'n einde wil bring aan die algemene siening dat net Israel, Amerikaanse belange in die Midde-Ooste verteenwoordig. Hierin het hy duidelik 'n beroep op Israel gedoen vir direkte onderhandelinge. Egipte en die VSA het amptelik diplomatieke bande tussen hulle herstel in Maart 1974. Op 1 Maart 1974 is die Amerikaanse ambassade in Kairo oopgemaak en is die Amerikaanse vlag weer gehys in die Egiptiese stad. Gromyko, die Russiese minister van buitelandse sake, het op dieselfde tyd toe Kissinger die openingseremonie bygewoon het op 'n besoek aan Egipte aangekom. Hy het egter nie daarin geslaag om die ekonomiese en militêre adviseurs wat Egipte aangevra het saam te bring nie. USSR het vir eers besluit om alle vorme van hulp aan Egipte te beëindig tot en met dit duidelik was wat die toekoms van hul verhouding met Egipte sou wees.<sup>18</sup>

Sadat het op 19 Januarie 1974 'n reis afgelê na sy Arabiese bondgenote om sy buitelandse beleid met hulle te bespreek. Sy eerste besoek was aan President Assad van Sirië. Daar was gerugte dat President Assad glad nie gelukkig was met die nuwe rigting wat die Egiptiese buitelandse beleid ingeslaan het nie en dat hulle dit miskien oorweeg het om diplomatieke bande met Egipte te verbreek. In dieselfde tyd wat Sadat sy Arabiese bondgenote besoek het, het Fahmi 'n besoek aan Moskou gelewer waar hy moes verduidelik hoekom daar 'n geheime ooreenkoms binne die onttrekkings verdrag was waarvolgens hulle ingestem het dat hulle die Suez kanaal sou oopmaak vir siviele verkeer. Moskou was ook nie gelukkig met die ooreenkoms dat Egipte en Israel weer hulle magte in sekere gebiede kon ontplooi nie. Daar was ook die kwessie dat daar vir 'n geruime tyd nie meer 'n Russiese ambassadeur in Egipte was nie en hoe langer dit voortgeduur het hoe meer stresvol het die situasie en verhouding tussen hulle geword. Ander belangrike kwessies wat bespreek is was die houding van Sirië, die Palestynse vraagstuk en die aktiewe rol wat Amerika op die diplomatieke front gespeel het in die Midde-Ooste. Die grootste argument wat Egipte teen die USSR gehad het was die feit dat USSR telkemale wapens en ander toerusting aan Egipte beloof het en dit nie voorsien het nie. In die oë van Egipte het USSR sy kredietwaardigheid heeltemal verloor. Die besoek het dus uitloop op 'n

---

<sup>18</sup> B.Tibi: **Conflict and War in the Middle East 1967-1991**, pp.128-129.

omvattende herevaluering van die verhouding tussen Egipte en USSR. Die besoek van Fahmi was egter nie baie suksesvol nie te oordeel aan die feit dat beide USSR en Egipte besluit het om hulle bondgenootskap te heroorweeg.<sup>19</sup>

#### **4.3 Die Israeli-Siriese Onttrekkings Ooreenkoms – Mei 1974**

Die volgende op Kissinger se agenda was 'n onttrekkings ooreenkoms tussen Israel en Sirië. Die onderhandelinge vir hierdie ooreenkoms was baie moeiliker as wat die geval was met die ooreenkoms tussen Egipte en Israel. Dit het Kissinger 32 dae geneem om Sirië en Israel sover te kry om 'n onttrekkings ooreenkoms te sluit. Sirië was op daardie stadium nog 'n bondgenoot van USSR en het nog steeds wapens van hulle ontvang.<sup>20</sup> Sirië het eers enige sprake van onderhandelinge met Israel sterk teengestaan. Hernieude geweldpleginge het ook tussen Israel en Sirië plaasgevind op Israel se noordelike grens. Die troefkaart wat Sirië nog gehad het was die Israeli oorlogsgevangenis wat nog in Sirië gehou was. Khaddam, Sirië se minister van buitelandse sake, het ook gesê dat hulle 'n Uitputtingsoorlog teen Israel sou voortsit om sodoende die Israeli reserviste besig te hou en om te verseker dat Israel se ekonomie lamgelê word.

Die vooruitsigte vir 'n ooreenkoms tussen Israel en Sirië was baie skraler as 'n ooreenkoms tussen Israel en Egipte. Aan die einde van 1973 was Sirië op groot skaal afhanklik van USSR en na die Oktober-oorlog wou hulle gehad het dat die USSR hulle met die volgende aspekte moes help. Hulle het hulp nodig gehad om hul beskadigde olie installasies te herstel, hul hawens was op groot skaal gebombardeer en moes herstel word en hul weermag het swaar verliese gelei en moes weer op die been gebring word. Die Siriese lugmag het 'n groot aanvraag gehad vir nuwe en meer gesofistikeerde vegvliegtuie. Op hierdie stadium het Sadat aan die Arabiese wêreld gewys dat die mees effektiewe manier om druk op Israel te plaas deur middel van Washington moes plaasvind. Soos die verhouding tussen USSR en Egipte agteruit gegaan het, het die Kremlin besef dat hul wapenvoorsiening aan Sirië die enigste manier was waarop hulle 'n houvas nog in die Midde-Ooste kon behou. Die Kremlin het teen die begin van 1974 sy houvas op die Midde-Ooste geleidelik verloor ten spyte van die feit dat die Arabiese lande nog die beste uit die Oktober-oorlog

---

<sup>19</sup> A. Sella: **Soviet Political and Military Conduct in the Middle East**, pp. 112-113.

<sup>20</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p. 322.

gestap het as enige ander oorlog. Dit het baie duidelik geword dat dit Kissinger was wat die inisiatief in die Midde-Ooste geneem het terwyl die USSR 'n sekondêre rol ingeneem het.<sup>21</sup>

Dit het nou begin lyk asof Sirië die plek van Egipte sou inneem as USSR se sterkste bondgenoot in die Midde-Ooste en tydens die onderhandelinge vir 'n onttrekkings ooreenkoms tussen Israel en Sirië het Brezhnev vir Kissinger duidelik laat verstaan dat die USSR 'n aandeel moet hê aan dié onderhandelinge. Teen die einde van April het Kissinger en Gromyko mekaar in Geneva ontmoet waar hulle 'n dokument opgetrek het oor 'n gesamentlike poging om vrede in die Midde-Ooste te bewerkstellig. Hewige gevegte het voortgeduur op die Golan-hoogland en dis moontlik gemaak deur die wapenvoorsiening van USSR. Die VSA wou nou weet of USSR regtig homself verbind het vir vrede in die Midde-Ooste want dit het nie so gelyk nie. Daar was positiewe tekens van Sirië dat hulle wel begin belang stel het in onderhandelinge met Israel. Aan die begin van Mei 1974 het Gromyko 'n besoek aan Sirië gelewer en dit was amptelik 'n besoek wat gerig was op die onttrekking van militêre magte en die beëindiging van die konflik in die Midde-Ooste.<sup>22</sup>

In Februarie en Maart 1974 het verteenwoordigers van Israel en Sirië 'n besoek aan Washington gelewer om elk hul standpunte in terme van 'n onttrekkings ooreenkoms te gee. Kissinger het alles in sy vermoë gedoen om Sirië en Israel oor te haal om 'n onttrekkings ooreenkoms te sluit. In die periode tussen 8 - 27 Mei het Kissinger Damaskus nie minder nie as 13 keer besoek. Tussen 8 - 18 Mei het Kissinger Damaskus besoek met twee dae intervalle. Die eerste deurbraak het gekom op 18 Mei 1974 en op 21 Mei het Kissinger aangekondig dat die tyd amper reg is vir die ondertekening van 'n ooreenkoms. Op 28 Mei, dieselfde dag toe Gromyko in Damaskus opgedaag het, het Kissinger aangekondig dat 'n ooreenkoms bereik is op die meeste kwessies rakende die onttrekking van die troepe. Die regering van Israel het op 29 Mei die voorgestelde ooreenkoms aanvaar en op 31 Mei 1974 is die onttrekkings ooreenkoms onderteken in Geneva.<sup>23</sup>

Volgens die onttrekkings ooreenkoms tussen Israel en Sirië is daar ooreengekom dat Israel die Siriese grondgebied wat hulle tydens die Oktober-oorlog beset het moes

---

<sup>21</sup> A. Sella: **Soviet Political and Military Conduct in the Middle East**, pp. 114-117.

<sup>22</sup> A. Sella: **Soviet Political and Military Conduct in the Middle East**, pp. 128-129.

teruggee aan Sirië. Die Golan-hoogland is in drie afsonderlike dele verdeel. Die Siriese en Israelse gedeeltes is geskei met 'n gebied wat deur die Verenigde Nasies beheer is. Sirië en Israel is toegelaat om 'n beperkte militêre teenwoordigheid in hulle gebiede te hê. Israel het die dorp Kuneitra in 1967 oorgeneem en een van die bepalinge in die verdrag was dat hulle dit moes teruggee aan Sirië. Die omliggende berge is egter nog steeds deur Israel beheer. Israel en Sirië het elkeen ooreengekom dat hulle die wapenstilstand ten volle sal gehoorsaam en dat hulle alle militêre optrede tussen mekaar sou beëindig. Daar is ooreengekom dat 'n gedetailleerde plan vir die onttrekking van magte deur die militêre verteenwoordigers van Israel en Sirië in 'n militêre werksgroep van Egipte en Israel uitgewerk sal word. Daar is besluit dat die plan binne vyf dae afgehandel moes wees en dat die onttrekking daarna binne 24 uur moes begin. Die proses van onttrekking moes binne 20 dae afgehandel word vanaf die ondertekening van die ooreenkoms. 'n Waarnemingsgroep van die Verenigde Nasies is saamgestel om die ooreenkoms tussen Sirië en Israel te monitor. Alle oorlogsgevangenes van beide Israel en Sirië moes nadat die werksgroep die gedetailleerde plan vir die onttrekking afgehandel het terug na hul lande gestuur word. Die liggeme van soldate wat gesneuwel het tydens die oorlog moes teruggestuur word na hul geboorteland binne tien dae nadat die ooreenkoms onderteken is. Dis baie duidelik gemaak dat die ooreenkoms tussen Israel en Sirië nie 'n vredesooreenkoms is nie maar dat dit net 'n stap nader aan 'n regverdig en blywende vrede in die Midde-Ooste is wat gebaseer is op resoluëie 338 van 22 Oktober 1973.<sup>24</sup>

Beide Sirië en Israel het ingestem tot Amerikaanse waarnemingsvlugte oor hulle grondgebied asook dat die Waarnemingsgroep van die VN net mag onttrek as Israel en Sirië daartoe instem. President Assad het ook sy versekering gegee dat hy nie sal toelaat dat Palestynse guerilla vegters Israel binneval oor die ontrekkingsgrense nie. Die VSA het sy ondersteuning aan Israel gebied in dié opsig dat indien hy binnegeval word dat hul met Washington se ondersteuning kon terugslaan. Dis belangrik om daarop te let dat Amerika se invloed besig was om op groot skaal uit te brei in die Midde-Ooste en veral in die Arabiese lande. Saudi Arabië en Egipte het

---

<sup>23</sup> A. Sella: **Soviet Political and Military Conduct in the Middle East**, p.129.

<sup>24</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

Sirië aangemoedig om buigbaar te wees in die hoop om te sien dat die shuttle diplomatie suksesvol is.<sup>25</sup>

Yitzhak Rabin het op 3 Junie 1974 die nuwe premier van Israel geword. Hy was een van die eerste Israeli leiers wat in Israel gebore is en hy het opbeweeg in die leiers posisies van die weermag en nie die Arbeiders Party soos in die geval van die meeste ander Israeli leiers. Sy siening van die Israel-Arabiese konflik is grootliks gevorm deur sy ondervinding as soldaat en diplomaat. Rabin het die gebeure in die Midde-Ooste gesien deur die perspektief van die sekuriteit van Israel omdat hy so lank in die Israel weermag was. Hy was ook vir vyf jaar amassadeur in die VSA en dit het hom gekondisioneer om die VSA te beskou deur die perspektief van die spesiale verhouding tussen Israel en Amerika. Daar was twee kwessies wat vir Rabin as premier top prioriteit was en dit was Israel se sekuriteit en hulle verhouding met Washington. Rabin en sy nuwe kabinet moes nou besluit of hulle verdere vredesonderhandelinge met óf Egipte óf Jordanië moes navolg. Die eerste ontmoeting tussen Israel en Jordanië het plaasgevind op 28 Augustus 1974. Hussein van Jordanië het die voorstel gemaak dat Israel sy militêre teenwoordigheid ongeveer 8 km aan beide kante van die Jordaanrivier moes onttrek. Rabin het die voorstel dadelik van die hand gewys.<sup>26</sup>

Shimon Peres het ook 'n voorstel gehad ten opsigte van die Palestynse probleem. Sy voorstel was dat daar drie verskillende entiteite moet wees; Israel, Jordanië en 'n Palestynse gebied wat deur beide beheer word. Die Palestynse gebied moes bestaan uit die Wesbank en Gasa, dit moet heeltemal gedemilitariseerd wees en onder geen enkele soewereiniteit val nie. Israeli burgers sou vir die Knesset in Jerusalem stem en dié met paspoorte van Jordanië moes vir die parlement in Jordanië stem. Die inwoners van die Gasa-strook moes paspoorte van Jordanië kry. Peres het ook voorgestel dat die drie entiteite 'n enkele ekonomiese eenheid moes vorm met die vrye beweging van goedere, persone en idees. Hy het ook gesê dat sy plan miskien te veel na 'n fantasie klink maar dit al wyse gaan wees hoe hul die probleem sou kon oplos. Hussein het die voorstel verwerp want hy wou meer fokus op die hede, wat volgens hom eers net 'n militêre onttrekkings ooreenkoms sou beteken. Nog 'n voorstel van Israel was dat Jerigo oorgegee moes word aan

---

<sup>25</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**, pp.87-88.

<sup>26</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp.325 - 332.

Jordanië sodat hulle 'n siviele administrasie daar kon opstel. Maar Hussein was ook nie daarmee tevrede nie en die ontmoeting tussen die twee lande het tot 'n einde gekom sonder 'n ooreenkoms.<sup>27</sup>

'n Tweede ontmoeting tussen Israel en Jordanië het plaasgevind op 19 Oktober 1974. Koning Hussein het van opinie verander en hy was nou ten gunste van die Jerigo plan. Maar hy wou ook hê dat 'n gedeelte rondom Jerigo ook aan Jordanië moet behoort wat vir hulle toegang sou gee tot Ramallah. Hussein het die Jerigo plan beskou as 'n wyse waarop hy sy invloed kon uitbrei oor die hele Wesbank. Rabin het egter die voorstel van Jordanië verwerp en die tweede ontmoeting tussen die twee lande het weer tot 'n einde gekom sonder 'n ooreenkoms.<sup>28</sup>

#### **4.4 Arabiese Bond Spitsberaad - Oktober 1974**

In Oktober 1974 het 'n Arabiese Bond byeenkoms in Rabat die hoofstad van Marokko plaasgevind. Jordanië het 'n nederlaag gelei in dié opsig dat die Palestynse Bevrydings Organisasie erken is as die enigste amptelike verteenwoordiger van die Palestynse Arabiere. Tydens die Spitsberaad is die reg van die Palestynse bevolking erken om onder die leiding van die PBO 'n onafhanklike nasionale outoriteit te stig op enige bevryde gedeelte van Palestina. Dit het beteken dat die grondgebied wat in die 1967 oorlog geannekseer was nou regmatig nie aan Jordanië maar aan die Palestynse Arabiere behoort waar hulle 'n eie onafhanklike staat kon stig.

'n Maand na die Spitsberaad is Yasser Arafat genooi om die byeenkoms van die Algemene Vergadering van die VN te adresseer en die Verenigde Nasies het gevolglik 'n resoluëie aangeneem wat die reg van die Palestyne vir nasionale selfdeterminasie erken het. Israel het ten spyte van die besluite geweier om direk met die PBO te onderhandel en wou nie die nuwe internasionale legitimiteit van die Palestynse bevolking aanvaar nie. Rabin het by hulle besluit gehou dat hul net met Koning Hussein sal onderhandel as dit kom by kwessies wat die Palestynse bevolking raak. Jordanië was nie baie gelukkig met Israel in die opsig dat hulle nie moeite gedoen het om nader te beweeg aan 'n onttrekkings ooreenkoms nie. Hussein se posisie het verder verswak toe hy by die Spitsberaad in Rabat nie na

---

<sup>27</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp.325, 331-333.

<sup>28</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp.331-333.



enige vordering kon wys waarmee hy besette grondgebied teruggekry het nie. Toe die Arabiese leiers besluit om die PBO te erken as die amptelike verteenwoordiger van die Palestynse bevolking kon Hussein nie anders as om die besluit te erken nie. Koning Hussein was baie ongelukkig dat Israel geweier het om 'n onttrekkings ooreenkoms met hulle aan te gaan en dit het veroorsaak dat daar 'n mate van spanning in die verhouding tussen Israel en Jordanië ingetree het. Rabin was nie so ernstig om 'n ooreenkoms met Jordanië aan te gaan soos in die geval van Egipte. Volgens Rabin was die probleem met Jordanië en die Palestyne nie so dringend soos die onttrekkings ooreenkoms met Egipte nie en dat die hart van die konflik in die Midde-Ooste die verhouding tussen Egipte en Israel is.<sup>29</sup>

#### **4.5 Onderhandelinge tot en met die Sinaï II Ooreenkoms**

Die Israeli span wat die interim onderhandelinge met Egipte gelei het was Rabin, Allon en Shimon Peres. Onderhandelinge het nie direk met Egipte plaasgevind nie maar Henry Kissinger was afgevaardig om direk met Sadat te onderhandel namens Israel. Kissinger het sy shuttle diplomاسie tussen Jerusalem en Kaïro in Maart 1975 voortgesit. Teen hierdie tyd het Richard Nixon, Amerikaanse president, sy amp bedank en het Gerald Ford die leierskap oorgeneem. Kissinger, Ford en Yitzhak Rabin het saamgestem dat 'n algehele oplossing vir die konflik in die Midde-Ooste nog nie binne hul bereik was nie en dat hulle vir eers net 'n tussentydse ooreenkoms tussen Egipte en Israel moes sluit. Tydens samesprekings het Rabin vir Kissinger gevra om by Sadat uit te vind of hul nie bereid was om 'n volledige vredesooreenkoms met Israel te sluit in ruil vir die grootste gedeelte van die Sinaï gebied. Die antwoord van Sadat was dat hy nie 'n aparte vredesooreenkoms met hulle kon sluit nie. Die hoofwispunt tussen Egipte en Israel op daardie stadium was die Sinaï bergpasse. Rabin het 'n voorstel gehad dat Israel bereid was om tot die oostelike deel van die Sinaï bergpas te onttrek indien Egipte ooreenkom om nie oor die westelike deel van die bergpas te vorder nie. Rabin het ook daarop aangedring dat Egipte in die openbaar sal verklaar dat hulle nie oorlog teen Israel sal verklaar nie. Die voorstel was egter heeltemal onaanvaarbaar vir Sadat.<sup>30</sup>

---

<sup>29</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.333.

<sup>30</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,pp.334-336.

Kissinger het Rabin blameer vir die dooie punt in die onderhandelings en het swaar druk op Israel begin toepas. Washington het Israel gedreig dat as hulle met hul houding aangaan dat die Geneva konferensie herbelê moet word met die samewerking van USSR. President Ford het op 21 Maart 1975 'n ernstige boodskap aan Rabin gestuur waarin hy hulle waarsku dat die mislukking van Kissinger se vredes pogings verrykende gevolge kon hê in die Midde-Ooste asook in die verhouding tussen Israel en Amerika. Kissinger se pogings om vrede te bewerkstellig het misluk en Israel is daarvoor blameer. Ford het na die mislukking van die onderhandelinge aangekondig dat hulle die Amerikaanse beleid teenoor Israel in hersiening gaan neem. Dit was die begin van een van die moeilikste periodes in die verhouding tussen Israel en die VSA. Vir die volgende ses maande tussen Maart tot September 1975 het Washington geweier om 'n nuwe wapentransaksie met Israel te sluit, hulle het egter nog met kontrakte voortgegaan wat voor die uitbreek van die krisis aangegaan is.<sup>31</sup>

In Junie 1975 het Yitzhak Rabin 'n besoek aan die VSA gelewer en die doel van die besoek was om die verhouding met Washington te herstel. Tydens die besoek van Rabin het 'n pro-Israeli groep 'n openbare veldtog geloods ten gunste van Israel. 76 Senatore het in 'n dokument aan pres. Ford 'n oproep gedoen dat daar verseker word dat Israel verdedigbare grense het en dat die VSA op groot skaal ekonomiese en militêre hulp aan Israel moet verleen. President Ford het na aanleiding van die openbare druk twee opsies aan Rabin gestel. Eerstens kon hul besluit om weer die Geneva Konferensie te belê en dat hulle 'n duidelike oplossing kry vir die kernprobleem van die konflik in die Midde-Ooste of hulle kon weer probeer om net eers 'n interim ooreenkoms met Egipte te sluit. Die tweede opsie is deur Rabin gekies en onderhandelinge tussen Egipte en Israel deur die bemiddeling van Kissinger het weer voortgegaan.<sup>32</sup>

Die tweede rondte van onderhandelinge is aangevoer deur Kissinger en dit het plaasgevind vanaf 21 tot 31 Augustus 1975. Die Israeli Kabinet, Knesset, het die tweede Sinai ooreenkoms op 1 September 1975 goedgekeur en die ooreenkoms is amptelik op 4 September onderteken. Die Sinai ooreenkoms, ook bekend as Sinai II, tussen Israel en Egipte het baie ooreengestem met die verdrag van 18 Januarie

---

<sup>31</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p.336.

<sup>32</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp.336-337.

1974. Wat wel verskil het was die Amerikaanse rol in terme van die ooreenkoms en in hul verhouding met Israel. Israel het ooreengekom om te onttrek van die Abu Rodeis olievelde en die bergpasse maar hulle sou in beheer bly van 'n aantal heuwels teen die oostelike deel van die Gidi Pas. Hulle kon ook die gesofistikeerde waarskuwingstasie by Um Hashiba behou. Washington het ooreengekom om vir Egipte 'n elektroniese waarskuwingstasie te bou en saam met die Israëli waarskuwingstasie sal dit die Sinai Field Mission wees en dit sal streng beman word deur Amerikaanse personeel. Beide stasies moes beman word deur nie meer as 250 tegniese en administratiewe personeel nie. Daar is ook ooreengekom om drie waarskuwingstasies ter ondersteuning van die ander stasies op te rig in die Mitla en Giddi Passe en sou beman word deur Amerikaanse siviele persone. Die stasies en olievelde het deel uitgemaak van 'n gedemilitariseerde buffer zone wat deur die Verenigde Nasies beheer sou word. Toegang tot die buffersones is deur die United Nations Emergency Force beheer.<sup>33</sup> Aan albei kante van die VN buffersone was daar 'n beperkte gewapende gebied waarin beide partye toegelaat is om 8 standaard infanterie bataljons, 75 tenks, 72 artillerie wapens en 8000 personeel aan te hou. Daar is ooreengekom dat die UNEF gereelde inspeksies sou doen om toe te sien dat Egipte en Israel by die bepalings hou.<sup>34</sup>

Die ooreenkoms sou vir 'n tydperk van drie jaar duur met jaarlikse verlengings van die mandaat van die UNEF. Artikel 1 van die ooreenkoms het verklaar dat die konflik tussen Israel en Egipte nie op 'n militêre wyse opgelos gaan word nie maar dat vredevolle pogings aangewend gaan word vir die doel. Daar is ooreengekom dat beide partye nie sou teruggaan na geweld en militêre blokkades teen die ander nie. Die Suez kanaal sal oopgestel word vir nie-militêre skepe van Israel. Daar is ooreengekom dat hulle sal voortgaan om die wapenstilstand te gehoorsaam op land, see en in die lug. Volgens Artikel 8 is die ooreenkoms gesien as 'n belangrike stap in die rigting van 'n regverdige en blywende vrede in die Midde-Ooste. Dit is egter nog nie 'n finale vredesooreenkoms nie. Die partye het ooreengekom dat hulle sou voortgaan in hulle pogings om 'n finale vredesooreenkoms te sluit binne die raamwerk van die Geneva Konferensie en resoluie 338 van die Sekuriteitsraad van die VN.<sup>35</sup>

---

<sup>33</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

<sup>34</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

Rabin het in duidelike terme Amerika laat verstaan dat die Israeli Kabinet die Sinai ooreenkoms sal bekragtig net as daar 'n aparte ooreenkoms tussen Israel en Amerika ook gesluit word. Amerika het in die ooreenkoms volgehoue steun aan Israel toegesê en het onderneem om op militêre en ekonomiese gebied grootskaalse hulp te verleen wanneer nodig. Hulle het die versoek van Israel vir F-16-vegvliegtuie en Pershing missiele met konvensionele kernploffkoppe gunstig oorweeg. Die VSA het ook beloof dat hulle nie die Palestynse Bevrydings Organisasie sal erken of onderhandelinge met hul hê voordat daar nie met Israel gekonsulteer word nie en voordat die PBO nie die bestaan van Israel erken nie. Washington het onderneem dat hul nie sal afwyk van resolusies 242 en 338 as die basis vir vredesonderhandelinge in die Midde-Ooste nie.<sup>36</sup> Enige bedreigings van 'n wêreldmag sou baie ernstig deur die VSA beskou word en in die geval waar 'n bedreiging sou materialiseer sou Amerika dadelik met Israel gesprek voer oor die hulp, hetsy diplomaties of ander, wat hul kon verleen. Die ooreenkoms tussen Israel en Washington het ook bepaal dat Egipte nie weer die opsie van oorlog teen Israel kon oorweeg sonder om gekronfonteer te word deur die Israel-Amerikaanse bondgenootskap nie.<sup>37</sup>

Amerika het in 'n aparte ooreenkoms met Egipte ooreengekom dat hulle moeite sou doen om verdere onderhandelinge tussen Egipte en Israel te verseker en indien Israel nie hou by die bepalings van die ooreenkoms met Egipte nie dat die VSA op sy beurt met Egipte in verbinding sal tree. Washington het Sadat ingelig dat hul graag hulp wou verleen op ekonomiese gebied maar dit was onderhewig aan die goedkeuring van die Amerikaanse Kongres.<sup>38</sup> Binne 5 dae vanaf die ondertekening van die tweede Sinai ooreenkoms moes die verteenwoordigers van Israel en Egipte in 'n militêre werksgroep bymekaarkom in Geneva waar hulle die gedetailleerde stappe vir die implementering van die ooreenkoms moes begin uitwerk. Die werksgroep moes dit binne 2 weke klaarmaak. Israel het die Sinai ooreenkoms as van onskatbare waarde beskou op die pad na vrede met Egipte. Israel moes een-sewende van die Egiptiese grondgebied wat hulle beset het prysgee asook strategiese berpasse en olievelde. In ruil hiervoor het Rabin 'n blaaskans van drie

---

<sup>35</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

<sup>36</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.338.

<sup>37</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**,p.94.

<sup>38</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**,p.95.

jaar gehad waarin hy geen drastiese politieke besluite hoef te geneem het nie en waarin hy die nuwe status quo kon konsolideer. In die ooreenkoms is egter glad nie verwys na die Golan-hoogland en die Wesoewer nie en het Israel geen melding gemaak dat hul bereid is om oor die gebiede te onderhandel nie.<sup>39</sup>

Israel het groot voordeel getrek uit die tweede Sinaï ooreenkoms. Hulle was nog steeds in besit van 'n groot deel van die Sinaï-skiereiland en het beloftes van Amerika gekry dat hul op groot skaal ekonomiese, politieke en militêre hulp aan Israel sou verleen. Terseldertyd het die ooreenkoms tot gevolg gehad dat Egipte afgesny is van 'n groot deel van sy eertydse Arabiese bondgenote. Sadat het van sy olievelde in die Sinaï-skiereiland teruggekry en Israel moes tot diep in die woestyn terugtrek. Met Amerikaanse hulp kon Egipte sy ekonomie weer op die been bring en begin met die heropbou van dorpe en stede. Sirië, Irak, Libië en die PBO het openlik die tweede Sinaï ooreenkoms verwerp en het bande met Egipte verbreek. Daar was 'n gevoel onder die Arabiese lande dat Sadat die kans verminder het dat Israel sal onttrek van die ander gebiede wat hul in 1967 beset het. Koning Hussein van Jordanië het nie die ooreenkoms verwerp soos sy Arabiese buurlande nie maar het dit ook nie openlik erken nie. Amerika het voordeel getrek uit die feit dat sy verhouding met Egipte verbeter het en dat die Sinaï ooreenkoms nog 'n oorwinning was vir die stap-vir-stap diplomatie.<sup>40</sup>

#### **4.6 Vredesonderhandelinge van 1976 tot voor die Camp David Beraad**

Yitzhak Rabin het in Januarie 1976 'n besoek aan President Ford gelewer. Ford het van die geleentheid gebruik gemaak om Rabin aan te moedig om verdere stappe te neem sodat die vredesonderhandelinge verder kon vorder. Rabin het in sy toespraak in die Kongres gesê dat Israel bereid was om onderhandelinge te voer met enige Arabiese land maar hul was nog nie bereid om onderhandelinge met die Palestynse Bevrydings Organisasie te voer nie. Die pad vir onderhandelinge tussen Israel en Sirië was egter geslote aangesien Israel bereid was om net geringe veranderinge in die grens van die Golan-hoogland te maak en dit was van geen belang vir Sirië nie. Onderhandelinge tussen Israel en Sirië het nie gou weer plaasgevind nie.<sup>41</sup>

---

<sup>39</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,pp.338, 340.

<sup>40</sup> D.Tschirgi: **The American Search for Mideast Peace**,p.96.

In die periode tussen April 1975 en Desember 1976 was daar nie noemenswaardige vordering in die onderhandelinge van die Israel-Arabiese konflik nie. Israel en Sirië was besig gehou met die Burgeroorlog van Lebanon want beide lande het tot 'n sekere mate belange gehad in die gebied. Die probleem het ontstaan as gevolg van die interne politieke situasie in Lebanon en 'n magstryd tussen die Maronite Christene, die Druze, die Shiïtes en die Sunni Moslems. Na die 1948 oorlog in Israel het 'n groot aantal Palestynse Arabiese vlugteling in Lebanon toe gevlug en na die onderdrukking van die PLO in Jordanië in 1970 het hulle ook hul toevlugting geneem in Lebanon. 'n Staat binne 'n staat is gevorm deur die Palestynse Bevrydings Organisasie wat hulself gevestig het in Beirut en die suide van Lebanon. Meeste van die onderskeie groepe in die magstryd het ondersteuning gehad van lande buite Lebanon. Die gefragmenteerde samelewing in Lebanon en die Lebanese staat wat nie baie sterk was nie het nie net inmenging van buite toegelaat nie maar dit was 'n ope uitnodiging gewees. Israel en Sirië het die vrees gehad dat Lebanon beheer sou word deur die ander se vyand en hul wou dit ten alle koste vermy. Sirië wou Israel omring en wou nie toelaat dat Israel húl omring nie. Israel op sy beurt wou verhoed dat hy Siriëse troepe aan beide van sy grense in die gesig moes staar. Die burgeroorlog in Lebanon het 'n belangrike kwessie geword in inter-Arabiese politiek. Die Arabiese Bond het in Oktober 1976 die legitieme teenwoordigheid van Sirië in Lebanon erken en hulle is die verantwoordelikheid gegee om wet en orde in die gebied te herstel en om 'n wapenstilstand in die naam van die Arabiese Bond te implementeer. Tot groot kommer van Israel is die eenhede van die PLO verskuif na die suide van Lebanon. Sirië kon nie die mag van die Palestyne breek nie aangesien hy 'n ooreenkoms met Israel aangegaan waar hy nie oor 'n sekere grens in die suide van Lebanon sou ingaan nie. Ten spyte van direkte kontak tussen Israel en Sirië kon hul darem nog 'n strategiese dialoog voer. Israel het na die beëindiging van die oorlog gesit met die dilemma dat die suide van Lebanon 'n lushof was vir terroriste organisasies.<sup>42</sup>

Rabin het geen behoefte gehad om terug te keer na die Geneva Konferensie nie want hy was van die opinie dat geen omvattende vredesplan bewerkstellig sou word met bepalinge wat aanvaarbaar vir Israel sou wees nie. Die enigste moontlikheid vir Rabin was 'n aparte ooreenkoms met Egipte. In die eerste helfte van 1976 het hy

---

<sup>41</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.341.

Koning Hassan II van Marokko genader en wou weet of hy as 'n tussenganger sou optree tussen Egipte en Israel. 'n Ontmoeting tussen Rabin en Koning Hassan het plaasgevind in Frankryk en Rabin het sy verbintenis tot direkte onderhandelinge met Egipte aan die Hassan beklemtoon. Israel het ooreengekom dat hul die onderhandelinge uiters geheim sal hou. Hassan het die boodskap aan Sadat orgedra en sy opinie gegee dat hy kon sien dat Rabin ernstig was en dat Sadat moes afsien om afhanklik van die VSA te wees vir onderhandelinge en dat hul direk met Israel moes kontak maak. Sadat het die aanbod egter van die hand gewys.<sup>43</sup>

Hassan Tuhami, vise-president van Egipte, het in die begin van 1977 Bruno Kreisky, Kanselier van Oostenryk, genader om 'n ontmoeting met Shimon Peres te reël. Tuhami was 'n goeie vriend en vertroueling van Sadat en hy was ook 'n eertydse ambassadeur in Oostenryk. Kreisky, 'n sosialistiese Jood, was persoonlik verbind om 'n bydrae te lewer om die Israel-Arabiese konflik te beëindig. Premier Rabin het die aansoek van die hand gewys omdat hy getwyfel het aan die belangrikheid van die versoek. Rabin het dit duidelik gemaak dat hy altyd bereid is om met Sadat te onderhandel en dat as Sadat ernstig was om 'n gesprek met Rabin te voer dat hy direk moet nader sonder enige tussengangers. Rabin kon op daardie stadium geen voorstel aan Egipte voorlê wat hul kon oorreed om vrede direk met Israel te bewerkstellig nie sonder om sy parlementêre meerderheid te verloor nie.<sup>44</sup>

Rabin het 'n politieke krisis beleef in sy party en hy moes 'n algemene verkiesing uitroep op 17 Mei 1977. Op diplomatieke gebied het alles stilgestaan en Israel se verhoudings op daardie stadium was nie baie stabiel nie. Die Israeli publiek was van opinie dat sy huidige regering verantwoordelik was vir die onstabiele verhouding met die VSA. Daar was 'n algemene gevoel onder die publiek dat Israel moes onttrek uit sekere gebiede en tog het die terreur voortgeduur, hulle was glad nie nader aan vrede met die Arabiese lande nie, die hele wêreld het Israel blameer en nou is tot sy vriende besig om hom in die steek te laat. Die skuld hiervoor is voor die deur van die regering gelê. Jimmy Carter se oorwinning in die Amerikaanse presidensiële verkiesing het die gevoel versterk dat Washington besig was om weg van Israel te draai. Carter het sy navorsing oor die Midde-Ooste baie goed gedoen

---

<sup>42</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,pp.341-347.

<sup>43</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.348.

<sup>44</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.348.

en was van mening dat dit tyd geword het om weg te beweeg van 'n interim ooreenkoms na 'n meer omvattende ooreenkoms. Met Rabin se besoek in Washington Maart 1977 was dit duidelik dat pres. Carter finaal besluit het oor die volgende drie aspekte: hy wou die Geneva Konferensie weer belê, Israel moes onttrek van sekere besette gebiede, met geringe veranderings, tot die grense van 4 Junie 1967 en laastens was dit die erkenning van die regte van die Palestynse Arabiere.<sup>45</sup>

Carter was die eerste Amerikaanse president wat in die openbaar 'n beroep op Israel gedoen het om sy beheer te onttrek na die 1967 grense. Sy opinie oor die Palestynse kwessie het ook groot reaksie uitgelok. Eers het hy sy ondersteuning gegee vir die vestiging van 'n tuisland vir die Palestynse vlugteling maar dit het gou verander na 'n tuisland vir die Palestyne. Jimmy Carter was ook die eerste Amerikaanse president wat die Palestynse Arabiere se reg op nasionale selfdeterminasie erken het. Hy was oortuig daarvan dat die PBO gereed was om 'n kompromis te bereik en het dus die terme Palestyne en PBO onderskeidelik gebruik. Dit het beteken dat Carter die Palestynse Bevrydings Organisasie beskou het as die amptelike woordvoerder van die Palestynse Arabiere. Rabin was nou seker dat hy met Carter sou bots nie net oor die kwessie van die grense nie maar ook oor die Palestynse kwessie. Tydens hul ontmoeting was Carter baie krities oor Rabin se totale verwerping van die PBO ten spyte van die feit dat hul moontlik sou instem om Israel se legimiteit te erken. Die ontmoeting was 'n ernstige terugslag vir Rabin se strategie om stap vir stap nader te beweeg aan gedeeltelike ooreenkomste met Arabiese lande in oorlegpleging met die VSA.<sup>46</sup>

Anwar Sadat het net na die verkiesing van Carter as president van die VSA hom besoek en sy strategie vir 'n vredesplan voorgelê. Die opinie wat Sadat gehad het was dat Begin nie in staat was om so 'n goeie vredesplan soos Sadat voor te lê nie. Sadat het van die veronderstelling uitgegaan dat die hart van die probleem in die Israeli-Arabiese konflik die kwessie van die Palestynse Arabiere was. Met die stigting van die staat Israel is die Palestynse Arabiere ontnem van hulle grond, land en hul menseregte en volgens Sadat is dit ironies dat daar nog van hulle verwag word om die bestaan van Israel te erken. Sadat was nie gekant teen die bestaan van

---

<sup>45</sup>A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.349.

<sup>46</sup>A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.350.



die Israeli staat nie maar hy het daarop aangedring dat daar 'n Palestynse staat gestig moet word in die gebiede van die Wesoeer en die Golan-hoogland.<sup>47</sup>

Met die verkiesing van Mei 1977 het die Likod Party onder leiding van Menachem Begin beheer oorgeneem van Israel. Daar was 'n groot verskil in die buitelandse beleid tussen die Likod en Arbeidersparty. Die Arbeidersparty se benadering was pragmaties terwyl die Likod s'n ideologies was. Die Likod party het sterk standpunt ingeneem dat Jordanië geen reg het op die Wesoeer nie en die Palestynse Arabiere se reg op selfdeterminasie is heeltemal verwerp. Premier Menachem Begin het sy ouers en broer tydens die Tweede Wêreldoorlog in 'n Duitse Konsentrasiekamp verloor en hy het die wêreld beskou as 'n gevaarlik en anti-Semities. Begin het die vyandige houding van die Arabiese lande beskou as 'n uitvloeisel van anti-Semitisme. Begin was deurgaans sy politieke loopbaan die Arabiere nie baie goedgesind nie. Op 20 Junie 1977 het Begin sy regering bekend gestel en daarmee saam ook hul buitelandse beleid. Die Israeli buitelandse beleid het die historiese reg wat die Jode op die land Israel het erken en het hulself verbind tot die vestiging van plaaslike en stedelike nedersettings. Die Israeli regering het hulself verbind om vrede na te streef in die gebied en dat die buurlande van Israel uitgenooi sal word om samesprekings te voer vir 'n vredesplan in die Midde-Ooste. Hulle bereidwilligheid om deel te neem aan die Geneva Konferensie met resoluë 242 en 338 as fondasie is uitgestip. Daar is verwys na die Wesoeer en dit was duidelik dat Begin nie onmiddellik van plan was om die Wesoeer of die Gasa-strook te annekseer nie. Israeli buurlande het dit egter nie onvoorwaardelik geglo nie.<sup>48</sup>

Begin het dadelik intensies vir vrede aan Washington getoon maar Carter het die Joodse nedersettings in die besette gebiede opgerig is as onwettig beskou en 'n struikelblok vir vrede. Die Palestynse kwessie was die hart van die konflik in die Midde-Ooste volgens Carter en dié opinie van hom het sy verhouding met Begin van die begin bemoeilik. Die Amerikaanse president het Begin vir 'n ontmoeting na die Wit Huis genooi op 19 Julie 1977. Sy doelwit was om Israel en die Arabiere so gou as moontlik bymekaar te kry om vrede te bewerkstellig tussen hulle. Begin het met 'n gedetailleerde plan na die VSA vertrek. Die plan dui Israel se bereidwilligheid aan om deel te neem aan die Geneva Konferensie in samewerking met resoluë 242 en

---

<sup>47</sup> A.Sadat: **In Search of Identity**, pp.297-298.

<sup>48</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, p.355.

338. Die deelnemers moes Israel, Egipte, Sirië en Jordanië wees en hulle moes nie toegelaat word om enige voorwaardes te stel nie. Drie aparte komitees moes gestig word, nl. 'n Egipties-Israeli, 'n komitee bestaande uit Israel en Sirië asook tussen Jordanië en Israel. Die komitees moes die finale vredesooreenkomste tussen Israel en sy buurlande onderhandel en finaliseer. Die tweede gedeelte van die Israeli plan het gehandel oor die grenskwessie en die Wesoewer. Israel het ooreengekom dat hul bereid was om te onttrek van 'n groot deel van die Sinai, hul teenwoordigheid sou bly in die Golan-hoogland maar was bereid om te onttrek tot 'n nuwe grens waarop ooreengekom kan word en laastens stel hulle dit baie duidelik dat hul enige beheer van 'n buitelandse soewereine outoriteit oor die Wesoewer en Gasa-strook ten sterkste teenstaan.<sup>49</sup>

Die rede waarom Menachem Begin so teengekant was teen die idee van 'n onafhanklike Palestynse staat was dat Jerusalem, Tel Aviv, Netanya en Haifa dan binne missiel afstand sou gewees het van die Palestyne. Die Palestynse Arabiere sou die stede maklik met medium afstand missiele in puin kon lê en dit sou nie net die bestaan van Israel bedreig nie maar dit sou 'n Russiese basis beteken in die hart van die Midde-Ooste. Begin het dus vas geglo dat dit in die belang van die voortbestaan van Israel was dat hulle die skep van 'n onafhanklike Palestynse staat ten alle koste moes vermy. Begin was 'n vurige ondersteuner van Ze'ev Jabotinsky en hy het sterk geglo in die historiese reg van die bestaan van die Israeli staat. Hy het geglo dat die Golan-hoogland en die Wesoewer regmatig aan die Israeli staat behoort en dat die Palestynse Arabiere dus geen reg het op die gebiede nie. Begin het geglo dat dit sy plig as Israeli eerste minister was om die gebiede te beskerm teen die Arabiese bedreiging. Daar was 'n algemene gevoel onder Begin en sy kollegas dat die geskil tussen die Jode en die Arabiere nie gegaan het oor die grondgebied nie maar oor die reg van die Jode om 'n staat te hê in daardie gebied.<sup>50</sup>

Na die ontmoeting tussen Carter en Begin het die VSA 'n plan voorgelê wat die onderhandelinge in die Israel-Arabiese konflik weer op die dreef moes kry. Israel het die eerste drie beginsels aanvaar maar was gekant teen die laaste twee. Die eerste drie beginsels was: die doel van die Geneva Konferensie was om vredesooreenkomste te bereik, resolusie 242 en 338 vorm die basis van die

---

<sup>49</sup>A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.356.

<sup>50</sup>H.Hurwitz: **Menachem Begin**,pp.97, 133-134.

Konferensie, die doel van resoluie 242 was nie net 'n einde aan die vyandighede nie maar die verkryging van normale verhoudinge tussen die betrokke lande. Die laaste twee beginsels het 'n beroep gedoen op Israel om te onttrek van alle besette gebiede en die erkenning van die selfdeterminasie van die Palestynse Arabiere.<sup>51</sup>

Terwyl Washington besig was om te werk na die Geneva Konferensie het Begin en Moshe Dayan, minister van buitelandse sake, begin werk na 'n bilaterale ooreenkoms tussen Egipte en Israel. Op 4 September 1977 het Dayan op 'n geheime besoek na Koning Hassan II in Marokko gegaan. Hy het gepoog met die besoek om Hassan se hulp te kry om 'n ontmoeting te reël tussen Israel en die Egiptiese verteenwoordigers. Dayan het op 16 September vir Tuhami ontmoet in Marokko. Tuhami het na die ontmoeting gegaan met die doel om Israëli onttrekking van alle besette gebiede tydens die Sesdaagse oorlog te verseker in ruil vir vrede. Hy het aan Dayan gesê dat Sadat bereid was om in gesprek met Begin te gaan maar dat hy net 'n ontmoeting met Begin sal toestaan as Israel instem tot die beginsel van die totale onttrekking van besette gebiede. Begin het ingestem tot 'n volgende ontmoeting en die opstel van voorstelle vir 'n vredesooreenkoms maar hy was nie bereid om homself te verbind tot die onttrekking van sy magte voor hy nie 'n ontmoeting met Sadat gehad het nie. Dayan het vertrek na Amerika om samesprekings te voer met Carter en Cyrus Vance, Staatsekretaris, in verband met die Geneva Konferensie. Daar is geen melding gemaak van die geheime ontmoetings tussen die afgevaardigdes van Israel en Egipte nie. Die Geneva Konferensie was van geen werklike belang vir Begin of Sadat nie. Begin wou bilaterale onderhandelinge gehad het met Egipte, Sirië en Jordanië. Hy was net bereid om die Geneva Konferensie te bespreek omdat die VSA gedink het dat dit die enigste manier vorentoe was. Sadat was van die opinie dat die Geneva Konferensie meer gehandel het oor prosedure as die inhoud daarvan en hy was bekommerd oor die rol van USSR as mede aanbieder.<sup>52</sup>

USSR was baie ontevrede dat hul bondgenootskap met Egipte iets van die verlede was. Die Israel-Arabiese konflik het vir die Kremlin die geleentheid gebied om betrokke te raak in die Midde-Ooste. Die verlies van Egipte as bondgenoot het beteken dat die USSR sy militêre bondgenoot verloor het en omdat Egipte die

---

<sup>51</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp.356-357.

<sup>52</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp.357-358.

belangrikste Arabiese staat in die Midde-Ooste was, was dit vir Moskou baie moeilik om te sien hoe Sadat toenadering tot Amerika en selfs Israel gesoek het. Daar was ook 'n gevoel dat Moskou so baie vir Egipte gedoen het en as dit nie vir hul militêre hulp was nie sou Egipte nie so goed gevaar het in die Oktober orlog nie en dit alles het bygedra dat die USSR baie ontevrede oor die situasie was. Gevolglik het USSR begin met 'n reeks van diplomatieke stappe waarin hy wou verseker dat Sadat nie meer die gesegspersoon vir die Arabiese saak is nie. Hy wou ook verseker dat USSR betrokke is in alle pogings om vrede in die Midde-Ooste te bewerkstellig.<sup>53</sup>

Op 1 Oktober het USSR en Amerika 'n gesamentlike verklaring uitgegee oor die byeenroeping van die Geneva Konferensie. Sadat was baie ontsteld oor die stap en het gesê dat hulle USSR by die deur uitgegooi het en dat die VSA hul weer by die venster ingelaat het. Begin was ook baie ontevrede oor dié stap want die verklaring het melding gemaak van die wettige regte van die Palestynse Arabiere. Dayan het verdere samesprekings met Washington gehad en die resultaat hiervan was 'n Amerikaans-Israeli werksdokument getiteld: Voorstelle vir die hervatting van die Geneva Vredeskonferensie. Begin het dit aanvaar maar van Dayan se kollegas was baie krities oor die dokument. Volgens Artikel 1 sal die Arabiese partye verteenwoordig word deur 'n verenigde Arabiese delegasie en dit sal die Palestynse Arabiere insluit. Dit was nou die eerste keer waar Israel ingestem het tot die verteenwoordiging van Palestynse Arabiere in amptelike onderhandelinge. In Artikel 3 is daar ooreengekom dat die kwessie van die Wesoewer en Gaza strook bespreek sal word in 'n werksgroep bestaande uit Israel, Jordanië, Egipte en die Palestynse Arabiere. Sirië en die Palestynse Bevrydings Organisasie het die werksdokument verwerp terywl Egipte bereid was om dit te aanvaar mits daar spesifiek melding gemaak word van die PBO. Koning Hussein van Jordanië was bereid om lede van die Wesoewer deel van sy delegasie te aanvaar en het nie die nut gesien dat die PBO verteenwoordiging moet kry nie.<sup>54</sup>

Sadat was baie ontevrede met die houding van Sirië en het dadelik laat weet dat indien die Geneva Konferensie plaasvind dat die Arabiese lande elkeen hul eie delegasies moes stuur. President Assad het weer aangedring daarop dat Arabiese lande 'n verenigde delegasie moes stuur. Carter het Sadat gedruk om Assad se

---

<sup>53</sup> A.B. Ulam: **Dangerous Relations. The soviet Union in World Politics, 1970-1982.**,pp.183-184.

voorstel te aanvaar en hy het dit huiwerig aanvaar. Sirië het dadelik sy sterk teenkanting teen die Geneva Konferensie uitgespreek. Sadat het nou besluit om alleen op te tree sonder om Amerika of Israel te laat weet van sy politieke inisiatief wat hy beplan het. Op 9 November het hy in die Egiptiese Parlement aangekondig dat hy bereid was om tot die einde van die aarde te gaan in 'n soeke vir vrede en dat hy selfs bereid was om na die Knesset te gaan. Begin het in antwoord vier dae later 'n formele uitnodiging na Sadat gestuur om Israel te besoek en samesprekings te voer vir 'n permanente vrede tussen Israel en Egipte. Sadat het op 19 November opgedaag by die Ben-Gurion Lughawe. Hy is ontvang met 'n uitgerolde rooi tapyt, wapperende landsvlae, 'n militêre orkes en 'n lang ry prominente publieke figure wat Sadat verwelkom het. Sadat se slagspreuk tydens sy besoek aan Israel was: no more war, en dit het 'n groot impak gehad op die publiek van Israel. Een van Sadat se doelwitte vir sy besoek was om die sielkundige hindernis wat volgens hom 'n groot deel van die Israel-Arabiese konflik uitgemaak het af te breek.<sup>55</sup>

Die sielkundige hindernis het bestaan uit die wantroue, vrees, haat en misverstande wat daar geheers het tussen die Arabiere en Israelis. Dit het veroorsaak dat beide kante nie bereid was om enige vredes pogings onvoorwaardelik te glo en aanvaar nie. Beide wou eers hul eie belange verseker voordat hul tot vrede sou instem, hul was nie bereid om kompromieë aan te gaan net in die naam van vrede nie. Sadat het sterk geglo in die beginsel dat voordat verandering kon plaasvind dat 'n mens eers jou denkpatrone moes verander. Met sy besoek aan Israel wou hy die denkpatrone van beide die Israelis en die Arabiere probeer verander. Hy wou wys dat dit moontlik was vir twee vyandige lande om te verander en vrede te bewerkstellig ter wille van die veiligheid van beide samelewings.<sup>56</sup>

Op 20 November 1977 het Sadat die Knesset toegespreek en hy het 'n beroep op Israel gedoen vir 'n omvattende vredesplan wat die onttrekking van hul magte tot die 1967 grense ingesluit het asook die erkenning van die reg van die Palestynse Arabiere vir hul eie staat. Sadat het die volgende aspekte van Israel erken: die reg om as soewereine staat in die Midde-Ooste te bestaan, amptelike erkenning van sy Arabiese bure en die versekering van sy sekuriteit. Begin het na Sadat die Knesset

---

<sup>54</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p.359.

<sup>55</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p.360.

<sup>56</sup> A. Sadat: **In Search of Identity**, p.303.

toegesprek en in sy toespraak het hy 'n lang lys van griewe teen Egipte opgenoem. Hy het ook geen nuwe konsessies of beloftes gemaak nie. Wat Begin voorgestel het was onderhandelinge met Egipte sonder enige voorvereistes. Die Palestynse kwessie is ook heeltemal geïgnoreer deur Begin. Die deurbraak het gekom met 'n ontmoeting tussen Begin en Sadat na die Staatsbanket. Daar is ooreengekom op die volgende drie beginsels: beide lande sal hul nie weer wend na oorlog nie; die formele herstel van die soewereiniteit van die Sinaï-skiereiland en die demilitarisering van die Sinaï met beperkte Egiptiese magte in die area langs die Suez-kanaal asook die Mitla en Gidi bergpasse.<sup>57</sup>

Met Sadat se terugkeer na Egipte het hy besluit om in Vredeskonferensie in Kairo saam te roep en verteenwoordigers van die Arabiese lande, die PBO, Amerika, Verenigde Nasies en Israel te nooi. Sy intensie met die Konferensie was om aan die Arabiese wêreld te toon dat hy nie besig was om te beweeg na 'n aparte ooreenkoms met Israel nie. Israel was uit die veld geslaan met dié stap want hulle was onder die indruk dat dit juis Sadat se bedoeling was om 'n aparte ooreenkoms met Israel aan te gaan. Die konferensie het op 14 Desember begin maar was nie baie suksesvol nie want nie een van die Arabiese lande het opgedaag nie. Die dialoog tussen Israel en Egipte was onproduktief en geen ooreenkoms is bereik nie. Sirië, Algerië, Suid-Jemen en Libië het 'n verklaring uitgereik waarin hulle Egipte vir hoogverraad aangekla het as gevolg van sy onderhandelinge met Israel en die Palestynse Bevrydings Organisasie het by hulle aangesluit in die besluit om op diplomatieke en ekonomiese gebied sanksies teen Egipte in te stel.<sup>58</sup>

Begin het nou op 'n besoek na Washington gegaan met die doel om sy planne vir vrede met Egipte en die outonomie vir die Palestynse Arabiere aan Carter voor te lê. In samewerking met Moshe Dayan het Begin besluit om outonomie vir die Palestynse Arabiere in die Wesowewer en Gasa-strook te gee maar dat dit net betrekking het op die mense en nie die territoriale gebied waar hulle bly nie. Begin het gehoop dat hy met hierdie plan die integriteit van Israel kon behou sowel as vrede bewerkstellig. Toe die plan voorgelê is aan Carter het laasgenoemde sy voorbehoude gehad oor die plan vir outonomie vir die Palestyne. Begin het vir Carter gevra om die voorstelle aan Sadat oor te dra en die feit dat Israel ernstig is om verdere ontmoetings met

---

<sup>57</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp.360-361.

<sup>58</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp.361-363.

Sadat te hê. Israel het die hoop gehad dat indien die VSA die voorstelle van Begin aanvaar dat dit baie moeilik vir Sadat sou wees om dit af te keur.<sup>59</sup>

Begin, Dayan, Ezer Weizman, Israel se minister van verdediging, en hulle adviseurs het op 25 Desember na 'n ontmoeting met Sadat na Ismailia vertrek. Begin het sy voorstelle vir vrede bekend gemaak maar dit was nie aanvaarbaar vir Sadat nie en laasgenoemde het sy voorstelle gegee. Sadat het aangedring op die totale onttrekking van Israeli magte, die Palestynse Arabiere se reg op selfdeterminasie en geen aparte vrede nie. As gevolg van die groot verskil in die vredesvoorstelle van Sadat en Begin het elke land afsonderlik 'n communiqué vrygestel op 'n perskonferensie. Die een het gelui: die posisie van Egipte is dat 'n Palestynse staat gestig moet word in die Wesoewer en Gasa-strook. Die ander was: die Israeli posisie is dat die Palestynse Arabiere van die Wesoewer en Gasa-strook selfbestuur moet hê. Die enigste ooreenkoms tydens die besoek van die Israeli afgevaardigdes in Egipte was dat twee werkende komitees gestig moet word, nl. vir politieke en siviele sake en tweedens vir militêre sake.<sup>60</sup>

Die eerste sitting van die politieke komitee het plaasgevind op 17 Januarie 1978 maar dit was net nog 'n terugslag in die onderhandelinge tussen Israel en Egipte. Begin het in duidelike terme aangedui dat hy die onttrekking van sy magte uit besette gebiede en die selfdeterminasie van die Palestynse Arabiere glad nie sal toelaat nie. In antwoord het Sadat sy afgevaardigdes laat weet om terug te keer na Egipte. Sadat het in 'n onderhoud met 'n tydskrif, *October*, sy ontevredenheid met Israel genoem en dat hy die hoop verloor het dat hulle 'n ooreenkoms sou kon bereik. Amerika moes nou genader word om te voorkom dat die vredesonderhandelinge tussen Egipte en Israel heeltemal doodloop. Sadat het in Februarie 1978 na Amerika gegaan om hulp van pres. Carter te kry. Carter het Sadat gesteun en was ook gekant teen die sterk houding wat Begin ingeneem het. Sadat het die volle simpatie van Carter gekry en die besoek van hom aan die VSA was 'n media triomf. Hy het die simpatie van 'n groot deel van die Amerikaanse publiek gekry en self sommige Israeli leiers was ontevrede met die onredelike houding van Begin.<sup>61</sup>

---

<sup>59</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p.365

<sup>60</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, p.367.

<sup>61</sup> A. Shlaim: **The Iron Wall**, pp.368-369.

Begin het in Maart ook op 'n besoek na Washington gegaan om sy standpunt vir Carter te gaan stel. Carter het 'n baie ferm houding teenoor Israel ingeneem en sy ontevredenheid oor die volgende aspekte baie sterk oorgedra na Begin. Die kwessie dat Israel nie bereid is nedersettings in die Sinaï op te gee nie, sy weiering om politieke beheer in die Wesoeer op te gee, sy weiering dat die Palestynse Arabiere na vyf jaar kan kies of hulle deel wil word van Jordanië of Israel of dat hul die status quo wou handhaaf. Met Begin se terugkeer na Israel het Carter 'n amptelike dokument na Israel gestuur met vrae rondom die kwessies van die toekoms van die Wesoeer en die Gasa-strook. Begin het eers 'n paar maande later geantwoord dat hul na vyf jaar nie bereid sal wees om te praat oor die territoriale gebiede nie. Hul sou net in gesprek tree oor die karakter van toekomstige verhoudinge met die Palestynse Arabiere van die Wesoeer en die Gasa-strook.<sup>62</sup>

Moshe Dayan het op 17 Julie na 'n ontmoeting met Muhammed Ibrahim Kamel, Egipte se minister van buitelandse sake, en Cyrus Vance gegaan. Dayan het na 'n mislukte poging om tot 'n vergelyk te kom, sonder die goedkeuring van die Kabinet, voorgestel dat indien Israel se voorstel vir die outonomie van die Palestynse Arabiere aanvaar word dat hul bereid sou wees om na die vyf jaar die kwessie van soewereiniteit van die Wesoeer en die Gasa-strook te heroorweeg. Sadat het dit egter nie aanvaar nie en op 27 Julie 1978 is die Israëli lede van die militêre komitee laat weet dat hul dadelik Kaïro moes verlaat. Sy enigste hoop was nou in Carter om druk op Israel te plaas. Cyrus Vance het Israel en Egipte in Augustus besoek om die krisis op te los. Saam met hom het hy 'n uitnodiging geneem vir 'n konferensie tussen Carter, Begin en Sadat. Beide Begin en Sadat het die uitnodiging aanvaar.<sup>63</sup>

---

<sup>62</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.370.

<sup>63</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.371.



## HOOFSTUK 5

### Die naspel van die oorlog

#### 5.1 Die aanloop tot die Camp David Beraad

Die Amerikaanse beleid in die Midde-Ooste vanaf die laat veertigerjare was om die Russiese invloed in die gebied te beperk, om die Westerse belange, veral die oliebelange, te beskerm en om die sekuriteit en welvaart van Israel te verseker. Teen die sewentigerjare het die VSA te staan gekom voor 'n aantal moeilike besluite. Die Westerse afhanklikheid van die olie het gegroei en die Arabiese state het aangaande meer ontevrede geraak oor die Amerikaanse steun vir Israel. Dit het gelei daartoe dat die Arabiese lande meer gretig was om die oliewapen teen die Westerse lande te gebruik. Dit het Washington genoop om nuwe besluite te neem in sy buitelandse beleid teenoor die Midde-Ooste. Na die Oktober-oorlog van 1973 het dit duidelik geword dat die Arabiese state, veral Egipte, bereid was om hul bande met USSR te verslap en sterker bande met die Verenigde State van Amerika aan te gaan. Direkte Amerikaanse betrokkenheid in die verkryging van 'n vredesooreenkoms vir die Israel-Arabiese konflik het 'n duidelike beloning vir Washington ingehou. 'n Vredesooreenkoms in die Midde-Ooste sou nie net die bedreiging van die Amerikaanse belange in die Midde-Ooste verminder maar sou ook die invloed van USSR in die gebied verminder.<sup>1</sup>

Egipte het met die volgende objektiewe na die Camp David Beraad gegaan. Hulle wou hefter bande met die VSA verseker en wou sien dat daar 'n verwydering plaasvind tussen Washington en Israel. Ten einde om hefter bande met die ander Arabiese lande te smee wou Egipte verseker dat Israel op die kwessie van Palestina en die ander besette Arabiese gebiede groot kompromieë aangaan. Egipte het besluit om so min moontlik kompromieë van hulle kant te gee oor die kwessie van die normalisering van verhoudinge met Israel om sodoende 'n sterker houvas op Israel te hê.<sup>2</sup>

---

<sup>1</sup> S.Telhami: **Power and Leadership in International Bargaining**, pp.136-137.

<sup>2</sup> S.Telhami: **Power and Leadership in International Bargaining**, pp.141-142.

Israel se internasionale objektiewe was eerstens om sy hegte bondgenootskap met Washington ten alle koste te behou. Tweedens was dit vir Israel baie belangrik om 'n bilaterale ooreenkoms met Egipte te sluit en om sodoende toe te sien dat Egipte op militêre gebied geneutraliseer word. 'n Bilaterale ooreenkoms sou ook die gevolg hê dat Egipte afgesny word van die res van die Arabiese wêreld en Israel wou toesien dat dit gebeur. Israel wou ook nie te veel konsessies gee nie, hul wou 'n mate van invloed oor die ander Arabiese lande behou en wou verhoed dat Egipte 'n groot politieke oorwinning behaal wat tot gevolg kan hê dat die Arabiese lande teen Israel verenig. Egipte was een van Israel se grootste militêre vyande en as hul tot 'n vredesooreenkoms kon instem sou Israel se militêre situasie aansienlik verbeter kon word en sou hul sekuriteit van Egipte se kant verseker wees.<sup>3</sup>

Die Palestynse Arabiere was baie sterk gekant teen die plan van outonomie deur Begin wat hy op 28 Desember 1977 aan die Knesset voorgelê het. Enkele bepalings in die plan was dat daar net kulturele outonomie aan die Palestynse Arabiere toegestaan is terwyl Israel die territoriale outonomie sou behou. Israëli burgers is toegelaat om in die Wesoefer en Gasa-strook te gaan woon maar indien die Palestynse Arabiere hulle wou gaan vestig in die Wesoefer en Gasa-strook moes hul eers goedkeuring verkry van die Israëli regering. Die Palestynse samelewing was net so gekant teen die Camp David Beraad. Die terroristiese aanvalle deur die Palestynse Bevrydings Organsasie het net voordat die Beraad plaasgevind het skerp toegeneem. Die gevoel tussen Egipte en die Palestynse Arabiere was ook nie baie goed nie en hulle het geen hoop in Sadat gehad dat hy vir hulle regte sou baklei nie. Die rede hiervoor was dat Sadat alle bande met die PBO verbreek het.<sup>4</sup>

Menachem Begin het goed voorbereid na die Camp David Beraad gegaan. Hy het 'n aantal adviseurs saamgeneem wat onder andere die minsters van buitelandse sake en verdediging ingesluit het. Begin het die Israëli Kabinet gevra om aan hom en sy ministeriële span die mag te gee sodat hulle besluite tydens die Beraad kon neem sonder om dit terug te verwys na die Kabinet want dit sou die proses vertraag. Dit het aangedui dat Begin daarop gefokus was om te verseker dat die Beraad suksesvol sal wees. Hy het na die Beraad gegaan om te onderhandel vir vrede maar dit moes sý plan vir vrede wees. Begin was nie bereid om 'n kompromis te bereik oor

---

<sup>3</sup> S.Telhami: **Power and Leadership in International Bargaining**,p.144.

<sup>4</sup> J. Metzger: **This land is our land**,pp.202-205.

die status van Jerusalem of sy soewereiniteit van die Wesoweer nie. 'n Verdere vereiste wat hy gehad het was dat Israel geensins uit die Sinai sou onttrek voordat daar nie 'n volledige vrede met Egipte bereik is nie.<sup>5</sup>

## 5.2 Die Camp David Beraad – September 1978

Tydens die eerste vyf dae van die Beraad kon die samesprekings net nie vlot nie en het hulle heeltyd in sirkels beweeg en is daar uiteindelik 'n dooie punt bereik. Begin was bereid om sekere konsessies te maak maar het geweier om toegewings te maak oor Israeli beheer van die Wesoweer. Op 10 September het die VSA 'n dokument voorgelê wat later die basis gevorm het vir die finale ooreenkoms. Dit het die Amerikaanse span egter 23 pogings geneem voordat die finale dokument opgestel is. Israel het 'n teenvoorstel ingedien maar Egipte en die VSA het die voorstelle verwerp. Carter het baie druk op Begin geplaas om meer gematig te wees in sy posisie in die onderhandelinge. Hy het ook gesê dat indien die onderhandelinge misluk die skuld aan Begin gegee sal word en dat dit die verhoudinge tussen Amerika en Israel baie nadelig sou beïnvloed. Sadat het ook onder druk gekom van Carter om meer buigbaar te wees en Sadat se adviseurs het hom gemaan om by sy standpunte te bly en nie toe te gee aan die eise van die VSA en Israel nie. Muhammad Ibrahim Kamel, Egipte se minister van buitelandse sake, het by Camp David sy pos bedank omdat hy gevoel het dat Sadat toegegee het op al die punte wat die Wesoweer en Gasa aangespreek het en dat dit Egipte sou isoleer van die res van die Arabiese wêreld. Kamel kon nie hiermee saamstem nie.<sup>6</sup>

Die twee groot struikelblokke in die onderhandelingsproses was die Israeli nedersettings in die Sinai en Jerusalem. Begin wou baie graag die nedersettings behou maar Sadat het gehou by sy punt dat die Sinai aan Egipte behoort en Menachem Begin kon nie anders as om in te gee tot die versoek nie. Die onttrekking uit die nedersettings moes egter eers deur die Knesset goedgekeur word. Die kwessie van Jerusalem was meer fundamenteel en kompleks gewees. Sadat wou Oos-Jerusalem by die Wesoweer insluit. Israel het voet by stuk gehou dat 'n verenigde Jerusalem die ewige hoofstad is van Israel en hulle het geweier om hul standpunt te verander. Die krisis het 'n klimaks bereik op die 17de September, die

---

<sup>5</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.372.

<sup>6</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.373.

laaste dag van die Camp David Beraad. Die delegasie van Egipte het hulle tasse gepak om terug te keer Egipte toe. Die krisis is afgeweer met die uitruiling van 'n aantal briewe tussen Sadat, Begin en Carter wat hul posisies teenoor Jerusalem uitgespel het. Carter het aan Sadat 'n brief gegee waarin hy bevestig het dat Amerika sy opposisie van die anneksasie van Jerusalem deur Israel, deurgaans vir Israel gesê het.<sup>7</sup>

Die Camp David Ooreenkoms is onderteken op 17 September 1978 in die Wit Huis in Washington DC. Daar is ooreengekom op twee akkoorde waarvan die eerste bekend gestaan het as: 'n Raamwerk vir vrede in die Midde-Ooste, en die tweede: 'n Raamwerk vir die voltrekking van 'n vredesooreenkoms tussen Israel en Egipte. Die eerste akkoord het beklemtoon dat al die betrokke partye erken en aanvaar dat die grondslag van die vrede in die Midde-Ooste resolusie 242 sal wees. Die raamwerk vir vrede in die Midde-Ooste het gehandel oor die Wesowewer en die Gasa-strook en daar is onderneem om die Palestynse probleem in sy totaliteit aan te spreek en op te los. Egipte, Israel, Jordanië en verteenwoordigers van die Palestynse Arabiere sal deelneem aan die onderhandelinge en dit sou in drie fases plaasvind.<sup>8</sup>

Daar is besluit dat tydens die eerste fase hulle moes ooreenkom op die oorgangsreëlings vir die Wesowewer en die Gasa wat nie langer as vyf jaar moes plaasvind nie. Die Israeli militêre regering en siviele administrasie sou onttrek die oomblik as 'n selfregerende outoriteit deur die inwoners van die gebiede verkies is om die regering van Israel te vervang. Jordanië is ook genooi om deel te neem aan die onderhandelinge vir die oorgangsperiode. Tydens die tweede fase moes Israel, Egipte en Jordanië besluit wat die grondreëls van die selfregerende outoriteit in die Wesowewer en Gasa wees. Die betrokke partye moes 'n ooreenkoms bereik oor wat die magte en verantwoordelikhede van die selfregerende liggaam sou wees. Israeli gewapende magte sou onttrek en verplaas na spesifieke sekuriteits gebiede. Die ooreenkoms moes ook toesien dat die interne en eksterne sekuriteit verseker word sowel as openbare orde. 'n Plaaslike polisiemag moes op die been gebring word en burgers van Jordanië kon deel uitmaak van die polisie.<sup>9</sup>

---

<sup>7</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.374.

<sup>8</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.374.

<sup>9</sup> S.Telhami: **Power and Leadership in International Bargaining**,p.227.

Die vyf jaar oorgangsperiode sou begin wanneer die selfregerende liggaam verkies en ingesweer is. Daar moes so gou as moontlik, maar nie later as die derde jaar begin word met onderhandelinge om die finale status van die Wesoeser en Gasa te bepaal nie. Daar moes daarmee saam besluit word wat die gebiede se verhouding met sy bure sou wees. 'n Vredesooreenkoms tussen Israel en Jordanië moes teen die einde van die oorgangsperiode voltrek word. Twee verskillende komitees moes ook gestig word. Die eerste sou bestaan uit verteenwoordigers van Egipte, Israel, Jordanië en verteenwoordigers van die Palestynse Arabiere en hulle sou ooreenkom oor die finale status van die Wesoeser en Gasa en wat hul verhouding met sy bure sou wees. Die tweede komitee sou bestaan uit Israel, Jordanië en lede van die Wesoeser en Gasa wat die vredesooreenkoms tussen Israel en Jordanië moes opstel. Met die onderhandelinge moes die legitieme regte en eise van die Palestynse Arabiere erken word. Tydens die oorgangsperiode sou daar 'n komitee saamgestel word uit lede van Egipte, Israel, Jordanië en Palestynse Arabiere wat die kwessie van die Palestynse vlugteling wat met die oorlog van 1967 verskuif is aanspreek.<sup>10</sup>

Die raamwerk vir die voltrekking van 'n vredesooreenkoms tussen Israel en Egipte was minder kompleks gewees as die raamwerk vir vrede in die Midde-Ooste. Volgens die raamwerk is ooreengekom dat 'n vredesooreenkoms binne drie maande bereik sou word en dat die terme van die ooreenkoms in werking sou tree binne twee tot drie jaar na die ondertekening van die ooreenkoms. Die raamwerk is gebaseer op vier beginsels. Die eerste beginsel was 'n totale Israëli onttrekking van die Sinaï en die erkenning van die soewereiniteit van Egipte oor die gebied. Tweedens was dit die demilitarisering van die grootste gedeelte van die Sinaï, die posisionering van VN magte om die demilitarisering waar te neem en om die vryheid van navigasie in die Suez kanaal te verseker. Laastens was dit om toe te sien dat die verhouding tussen Egipte en Israel normaliseer. Israel sou nog vir twee jaar in beheer wees van die gedeelte oos van die lyn El Arish – Ras Muhammed insluitende die siviele nedersettings, weermagkampe en vliegvelde. Na die twee jaar moes Israel onttrek uit die gebied en sou die normalisering van die verhoudinge tussen Israel en Egipte in werking tree.<sup>11</sup> President Sadat het met die ooreenkoms sy bereidwilligheid in die voltrekking van 'n vredesooreenkoms aangedui. Hy het ook getoon dat hy

---

<sup>10</sup> S.Telhami: **Power and Leadership in International Bargaining**,p.228.

<sup>11</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,p.375.

diplomatieke, ekonomiese en kulturele bande met Israel sal aanknoop in ruil vir die Sinaï.<sup>12</sup>

Die Camp David Akkoorde is in die res van die wêreld met 'n sug van verligting tegemoet gegaan terwyl die Arabiese lande baie krities daarteen gestaan het. Algerië, Libië, Suid-Jemen en die PBO het tydens 'n spesiale sitting van die Arabiese Front in Damaskus die besluit geneem om alle ekonomiese en politieke bande met Egipte te verbreek. Hulle het ook besluit om lande soos USSR te nader om groter samewerking met hom te bewerkstellig in hul stryd in die Midde-Ooste.<sup>13</sup>

Die delegasie van Israel is begroet met ondersteuning en teenkanting toe hulle teruggekeer het Israel toe. Met die voorlegging van die Camp David Ooreenkomste aan die Israeli Kabinet is die ooreenkomste na 'n sewe uur lange vergadering met 'n groot meerderheid aanvaar. In die voorlegging van die Camp David Ooreenkomste aan die Knesset is dit na 'n debat van 17 uur ook met 'n meerderheid aanvaar. Nadat die Knesset die Camp David Ooreenkomste aanvaar het, het dit in werking getree. Die samelewing van Israel het grootliks die ooreenkomste ondersteun en was baie entoesiasies daaroor. 'n Meningspeiling wat geneem is het gewys dat 82 persent ten gunste van die ooreenkomste was. Begin het geglo dat die Camp David Akkoorde nodig was om Egipte as 'n potensiële bedreiging te neutraliseer en ook om die westelike gedeelte van Israel te beskerm teen buitelandse soewereiniteit. In die ondertekening van die Akkoorde het Begin geglo dat hy in die doelwitte van vrede en die integriteit vir Israel voldoen het.<sup>14</sup>

Die Palestynse Bevrydings Organisasie het op 18 September 1978 verklaar dat die Camp David Beraad die grootste komplot teen die Arabiese nasie was sedert 1948. Hulle het Sadat kwalik geneem omdat die Akkoorde net met sy toestemming in werking kon tree. Die Camp David Ooreenkomste het tot gevolg gehad dat Israel se grootste bedreiging geneutraliseer is en in ruil daarvoor moes Israel sy beheer oor die Sinaï en 'n paar nedersettings teruggee. Die PBO het gevoel dat dit die posisie van Israel net verder sou versterk en ten spyte van die feit dat hulle die Palestynse Arabiere erken het dit nie beteken dat hulle werklik beheer sou verkry van die

---

<sup>12</sup> J. Metzger: **This land is our land**,p.206.

<sup>13</sup> J. Metzger: **This land is our land**,p. 206.

<sup>14</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,pp.376-377.

Wesoewer en Gasa nie want die onderhandelinge daarvoor was afhanklik van Jordanië se betrokkenheid.<sup>15</sup>

### 5.3 Die vredesooreenkoms tussen Israel en Egipte

'n Periode van drie maande is gestel vir Egipte en Israel om die vredesooreenkoms tussen hulle te finaliseer. Die drie maande was nie voldoende nie en die ooreenkoms is eers na ses maande bereik. Begin het baie opposisie gekry uit sy eie party en dit het bygedra tot groot spanning en druk op Begin. Sadat het ook onder groot interne druk verkeer en die Arabiese lande het gedreig dat indien hy instem tot die ooreenkoms met Israel dat hy verban sal word van die Arabiese Bond. Dit het direk bygedra tot die verlenging van die vasgestelde tydperk.<sup>16</sup>

Die VSA het egter dadelik na die Camp David Beraad begin met onderhandelinge vir die ooreenkoms tussen Egipte en Israel by die Blair Huis in Washington. Amerika was sterk beïnvloed deur die posisie wat Egipte in die Arabiese wêreld op daardie tyd beklee het en die opposisie wat hulle gekry het en het groot druk op Israel geplaas om konsessies te maak in die vredesonderhandelinge met Egipte. Washington het voortgegaan om die Camp David Akkoorde te verdedig en het Jordanië en die PBO aangemoedig om Sadat te ondersteun in sy vredesonderhandelinge met Israel. 'n Dispuut tussen Carter en Begin het ontstaan in verband met die Israeli regering wat voortgegaan het om nedersettings in die Wesoewer en Gasa op te rig. Carter was onder die indruk dat Israel onderneem het om die oprigting van nedersettings heeltemal te beëindig. Begin was onder die indruk dat hulle ooreengekom het om net tydens die drie maande wat die Camp David gevolg het nie nedersettings op te rig nie. Daar het nou geleidelik meer spanning ingetree in die verhouding tussen Amerika en Israel.<sup>17</sup>

Tydens die onderhandelinge wat plaasgevind het tussen die ministers van buitelandse sake van Egipte en Israel in Washington was daar drie hindernisse in die onderhandelinge. Eerstens was dit die konflik wat bestaan het tussen die vredesooreenkoms tussen Israel en Egipte en Egipte se ooreenkomste met die Arabiese lande dat hy hul sou ondersteun indien een van hulle betrokke sou raak in

---

<sup>15</sup> J. Metzger: **This land is our land**, p.207.

<sup>16</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**, pp.377-378.

'n oorlog met Israel. Israel wou gehad het dat daar spesifiek melding gemaak moes word dat die ooreenkoms tussen Egipte en Israel voorkeur geniet bo enige ander verdrae wat Egipte het. Die tweede hindernis was die verbinding tussen die normalisering van die verhoudinge tussen Egipte en Israel met die onderhandelinge oor Palestynse outonomieit. Egipte wou die bilaterale verhouding met Israel verbind met die Palestynse kwessie sodat hul nie die indruk sou skep dat hul 'n aparte vredesooreenkoms met Israel sluit nie. Israel het egter geweier want hy wou juis 'n aparte vredesooreenkoms met Egipte hê. Die laaste struikelblok het gehandel oor die uitruiling van ambassadeurs en die vestiging van diplomatieke bande. Egipte wou gehad het dat dit geleidelik moes gebeur terwyl Israel aangedring het daarop dat hulle ten volle diplomatieke bande vestig. Begin het voortgegaan om nedersettings in die Wesowewer op te rig en dit het bygedra tot groot spanning in sy verhoudinge.<sup>18</sup>

Amerika se opinie was dat Begin die grootste hindernis was in die onderhandelinge tussen Egipte en Israel. Begin het op sy beurt Carter beskuldig dat hy eensydig in sy siening was en dat Egipte bevoordeel was en dat Israel al die skuld vir die probleme moes kry. Die spanning in die verhouding tussen Carter en Begin het net toegeneem en geen vordering is gemaak in die onderhandelinge nie. In 'n desperate poging het Carter besluit om Egipte en Israel te besoek. Op 7 Maart het Carter in Egipte opgedaag en is met groot entoesiasme verwelkom. Carter en Sadat het tot 'n verstandhouding gekom op 'n hele aantal kwessies. Die samesprekings tussen Carter en Begin was egter onproduktief maar op 13 Maart is 'n aantal kompromieë aanvaar. Carter het teenoor Egipte en Israel erken dat sy besoek van uiterste belang vir die VSA is asook vir hom persoonlik en indien dit nie suksesvol is nie dat dit tot groot verleentheid vir hom sou wees en kon moontlik negatiewe Amerikaanse beleid tot die gevolg hê.<sup>19</sup>

Die vredesooreenkoms tussen Egipte en Israel was 'n gedetailleerde implementering van die beginsels wat aangeneem is by Camp David. Die belangrikheid van die ooreenkoms in die soektog na 'n omvattende vrede in die Midde-Ooste word duidelik gestel in die inleiding van die vredesooreenkoms. Artikel 1 van die ooreenkoms vereis dat Israel sy magte moet onttrek van die Sinaï sodat Egipte kon begin om sy

---

<sup>17</sup> M.Efrat: **Superpowers and Client States in the Middle East**,p.71.

<sup>18</sup> A.Shlaim: **The Iron Wall**,pp.378-379.

<sup>19</sup> M.Efrat: **Superpowers and Client States in the Middle East**,pp.72-73.



soewereiniteit oor die gebied te begin uitoefen. Volle diplomatieke bande sou gevestig word met die eerste onttrekking van Israeli magte van die Sinai. Die ooreenkoms is vergesel met 'n memorandum waarin Israel se olievoorsiening vir die volgende 15 jaar verseker is. Amerika se ondersteuning in die geval van die skending van die olievoorsiening is verseker en ook sy verbintenis om Israel se ekonomiese en militêre behoeftes gunstig te oorweeg. Sadat en Begin het in 'n gesamentlike brief aan Carter ingestem om te begin met onderhandelinge vir die outonomieit van die Wesoeser en Gasa. Op 26 Maart 1979 is die vredesooreenkoms onderteken in 'n seremonie by die Wit Huis in Washington.<sup>20</sup>

#### **5.4 Die rol van die USSR tydens die Camp David Beraad en Vredesooreenkoms tussen Israel en Egipte in 1979**

Die Israel-Arabiese konflik in die Midde-Ooste het gunstig bygedra tot die belange van USSR. Dit het in die vyftigerjare vir hulle die geleentheid gegun om betrokke te raak in die Midde-Ooste. Die Arabiese lande was grootliks afhanklik van USSR se militêre hulp en hulle adviseurs. Met die beëindiging van die konflik kon dit tot gevolg hê dat Moskou sy houvas in die gebied kon verloor. Die sewentigerjare was onstuimige jare in die verhouding tussen USSR en sy Arabiese vriende. Egipte het nader beweeg om sy vriendskap met die VSA te herstel en Moskou moes weer gaan kyk wat die voor- en nadele is om betrokke te wees in die Midde-Ooste. Tydens die Oktober-oorlog was dit duidelik dat die konflik tussen Israel en Egipte kon lei tot 'n direkte konfrontasie tussen die VSA en USSR. Dit het beide supermoondhede laat besluit om hulle buitelandse beleide in die Midde-Ooste te gaan heroorweeg. Met die uitsetting van die Russiese adviseurs uit Egipte blyk dit dat USSR nie volkome beheer gehad het oor sy Arabiese vriende nie. Die druk wat hul probeer uitoefen het op veral Egipte was nie altyd so suksesvol nie. Die USSR het deur middel van die beperking van wapenvooraad aan Egipte tydens die Oktober-oorlog probeer om druk op hul uit te oefen maar Egipte het voortgegaan om oorlog te beplan met of sonder die hulp van Moskou.<sup>21</sup>

Die oliewapen wat gebruik is tydens die Oktober-oorlog om olievoorsiening aan die Westerse lande te boikot het gelei tot 'n mate van ekonomiese onafhanklikheid van

---

<sup>20</sup> <http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

<sup>21</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East from World War II to Gorbachev**, pp.95-96.

USSR, vir die Arabiese lande. Die invloed wat die VSA na die Oktober-oorlog gehad het en uitgebrei het, het terselfdetyd gebeur toe die aansien en invloed van USSR in die Midde-Ooste besig was om aansienlik kleiner te word. USSR het ook nie aktiewe stappe geneem om dit teen te werk nie. Daar het 'n vrees bestaan vir 'n kernoorlog tussen die supermoondhede en dis moontlik dat dit een van die motiverings was hoekom USSR nie meer gedoen het om sy aansien in die Midde-Ooste te verbeter nie. Sy belange het ook begin verskuif na die horing van Afrika en die Persiese Golf.<sup>22</sup>

Teen die middel sewentigerjare het dit begin lyk asof dit 'n beter opsie sou wees om saam met Amerika te werk vir 'n vredesooreenkoms vir die Israel-Arabiese konflik. Die bedreiging dat Washington besig was om USSR se invloed in die Midde-Ooste te vernietig kon op daardie manier afgeweer word. 'n Ooreenkoms kon lei tot die stabiliteit van Moskou se teenwoordigheid in die gebied en indien wapenbeperkings deel gemaak word van die ooreenkoms kon dit op Amerika ook betrekking hê wat tot voordeel sou wees vir USSR. Dit kon die druk van die wapenwedloop asook die kernbedreiging in die Midde-Ooste verminder.<sup>23</sup>

USSR het geëis dat hul deelname aan 'n oplossing vir vrede in die Midde-Ooste 'n vereiste moet wees vir die finale vredesplan. Hulle het ook die kwessie van détente gebruik en aan Amerika gevra dat détente na die Midde-Ooste uitgebrei moes word. Dit het beteken dat USSR deel uitgemaak het van détente en dat hul 'n aandeel moes hê aan die vredesonderhandelings. In 1975 het afgevaardigdes van die PBO en Arabiese lande die USSR besoek maar hul kon nie daarin slaag om 'n verenigde posisie te kry nie. Verhoudinge tussen Egipte en Moskou het geleidelik agteruit gegaan soos die vriendskap tussen die VSA en Egipte verbeter het. 'n Deurbraak was die gesamentlike verklaring deur Amerika en USSR op 1 Oktober 1977 vir die hervatting van die Geneva konferensie. Carter was meer gretig as sy voorgangers om USSR te betrek in die vredesproses vir die Midde-Ooste. Sadat se verrassingsbesoek aan Israel is nie dadelik deur Moskou verwerp nie want hul wou nog steeds sien dat hul verhouding met Egipte weer hervat word. Dit het egter

---

<sup>22</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East from World War II to Gorbachev**,p.97.

<sup>23</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East from World War II to Gorbachev**,p.98.

duidelik geword dat Sadat juis nie kontak met USSR wou hê nie en dat hul na 'n hegte band met Washington gesoek het.<sup>24</sup>

In reaksie van die Camp David Beraad het USSR in November 1978 die Palestynse Bevrydings Organisasie as die enigste verteenwoordigers van die Palestynse Arabiere erken. Die grootste probleem wat Moskou gehad het met die Camp David Beraad en die vredesooreenkoms tussen Egipte en Israel was dat hulle, tot voordeel van die VSA, geen aandeel daaraan gehad het nie. USSR het egter nog steeds gevra dat daar 'n internasionale konferensie gehou moes word waartydens daar veral met die Palestynse Arabiere gesels moet word. Dit was deurgaans duidelik dat die rol van die USSR in die Midde-Ooste tydens die sewentigerjare geleidelik afgeneem het. Dit was Amerika wat verantwoordelik was vir die onderhandelingsproses en die ooreenkomste wat gesluit is.

Dit was duidelik dat USSR na ander Arabiese lande moes toenadering soek om te verseker dat hy sy invloed in die gebied behou en moontlik verbeter. Egipte het nie meer belanggestel in 'n bondgenootskap met die USSR nie as gevolg van verlede tussen hulle. 'n Bondgenootskap met die VSA was op daardie stadium baie meer voordelig vir Sadat en sy nuwe vriendskap met Israel.

---

<sup>24</sup> G.Golan: **Soviet Policies in the Middle East from World War II to Gorbachev**, p.106.

## HOOFSTUK 6

### Slot

Die konflik van die Midde-Ooste het sy ontstaan gehad uit die Bybelse tye en het deur die eeue verander en aangepas soos die tye en samelewings verander en ontwikkel het. Maar die konflik het nie wegegaan nie en is nie opgelos nie.

Dit het begin met 'n aanspraak op grond deur die Jode, want hulle was oortuig daarvan dat God die grondgebied wat vandag as Israel bekend staan aan hul belofte het. Die Tempelberg in Jerusalem het 'n spesiale betekenis vir die Jode want dis waar die eertydse Joodse Tempel gestaan het. Op godsdienstige vlak is daardie gebied dus van onskatbare waarde vir die Jode.

Die Arabiere het vanaf die vroegste tye saam met die Jode in die Midde-Ooste gewoon. Net soos die Jode maak hulle aanspraak op die grondgebied van Israel en glo dat die gebied regmatig aan hulle behoort. Mohammed, die profeet van die Moslems, het opgevaar na die hemel vanaf die Tempelberg. Hulle aanspraak op Jerusalem is dus op godsdienstige redes gebaseer. Beide nasies het dus godsdienstige aansprake op dieselfde grondgebied. Vir mense wat 'n spesifieke godsdiens het en beoefen is dié godsdiens die fondasie van 'n mens se identiteit. Dit definieer 'n mens en jou waardesisteem. Dit is dus die fondasie van 'n persoon en alles in 'n mens se lewe word gesien en geëvalueer deur jou godsdienstige perspektief. 'n Konflik wat dus gebaseer is op 'n nasie se godsdiens maak dit uiters kompleks.

Die diaspora van die Jode het daartoe gelei dat Palestina sy Joodse burgers verloor het en hulle het regoor die wêreld hulself gaan hervestig. Hulle het 'n beter en meer stabiele heenkome gaan soek in ander wêrelddele. Sommige lande het probeer om die Jode in hulle samelewings te assimileer maar dit was nie baie suksesvol nie. Die Joodse samelewings het nieteenstaande daarin geslaag om deur die jare hulle eie unieke identiteit te behou en in die negentiende eeu het daar 'n herlewing van die Joodse taal en kultuur plaasgevind. Dit het plaasgevind in 'n era waar anti-Semitisme weereens aan die toeneem was veral in die Europese lande. Daar het 'n

sterk gevoel en hunkering onder die Jode ontwikkel dat hul weer hul eie taal wou praat en dat hul in hul eie land kon woon wat hulle hul tuiste kon noem. Die Jode het geglo dat Palestina deur God aan hulle beloof is en dat dit hulle die reg gee om hul daar te gaan vestig. Die Tweede Wêreldoorlog het plaasgevind en Hitler wou die Duitse nasie suiwer van die Jode en 6 000 Jode het hul lewens verloor op die grusaamste wyses denkbaar. Dit het hulle hunkering om terug te keer na die Beloofde Land net verder versterk. Daarmee saam het die invloed en betrokkenheid van die ander lande in die Midde-Ooste ook toegeneem.

Die Arabiere wat tot op daardie tydstip in Palestina gewoon het, het meer onrustig geraak oor die toeloop van die Jode na die Midde-Ooste. Na die Eerste Wêreldoorlog is Palestina aan Brittanje gegee om as mandaatgebied te beheer maar hulle het nie geslaag daarin om die konflik tussen die Jode en Arabiere te beëindig nie. Brittanje het later die gebied teruggegee aan die Verenigde Nasies sodat hulle 'n oplossing moes vind vir die konflik. Na die Tweede Wêreldoorlog was daar 'n algemene skuldgevoel onder die Westerse lande teenoor die Jode. Selfs USSR het skuldig gevoel en het daarom die stigting van Israel erken. Die lande het dus probeer om te probeer vergoed vir die afwesigheid van hul optrede om die Jode te beskerm voor en tydens die Tweede Wêreldoorlog. Die skuldgevoel het direk bygedra tot die menings en beleide wat die lande geopenbaar het tydens die konflik tussen die Jode en Arabiese wêreld.

Die staat Israel is in 1948 gestig en die Jode het geglo dat hulle die volste reg gehad het om tot die stap oor te gaan. Daar was diegene onder die Israëli leierskap wat gevoel het dat die Palestynse Arabiere hul kon gaan vestig in enige van die Arabiese lande wat reg rondom Israel was en dat die Jode daarenteen net Israel as 'n heenkome gehad het. Na die stigting van Israel het die VSA geleidelik meer betrokke geraak in dié gebied. Een van die redes was dat daar 'n baie groot getal Jode in Amerika gewoon het en dat hulle 'n groot invloed op die regering en die ekonomie gehad het. Hulle het tydens presidensiële verkiesings 'n baie groot invloed gehad in die uitslae en alle kandidate het gesorg dat hulle die ondersteuning van die Joodse gemeenskap het en behou tydens hul termyn as president. Die VSA se rol en vriendskap met Israel het deur die jare geleidelik hegter geword.

Egipte was in die tydperk na die Tweede Wêreldoorlog 'n stabiele land met 'n gesonde ekonomie. Hulle het hulself beskou as die segspersoon vir die Arabiere in die konflik met Israel en het vanaf die stigting van Israel in 1948 in konflik met hulle geleef. Egipte en Israel se militêre arsenele en ekonomiese was nie genoegsaam op sigself om 'n volledige oorlog teen die ander te voer sonder die hulp van 'n supermoondheid nie. Beide het dus begin om 'n bondgenootskap te soek met 'n supermoondheid wat hulle kon bystaan en ondersteun in hul stryd teen die ander. Dit het grootliks bygedra tot 'n verandering van die konflik tussen die Arabiese lande en Jode in die Midde-Ooste.

Op hierdie tydperk was die twee supermoondhede, USSR en die VSA, in 'n stryd gewikkel naamlik die Koue Oorlog. Die spanning tussen die twee lande was menigmaal plofbaar en hulle het mekaar met arendsoë dopgehou in hul binne- en buitelandse sake. Hulle het mekaar se bondgenootskappe met ander lande ontleed en geëvauleer en deurentyd gekoördineer om toe te sien dat hul belange in sekere wêrelddele nie bots nie. Die vriendskap tussen Israel en Washington het goed ontwikkel maar daar was konflik in die verhouding tussen Egipte en die VSA. Die vriendskap tussen Washington en Israel is nie gunstig deur Egipte ontvang nie en hulle het toenadering gesoek tot USSR en dit het daartoe gelei dat die VSA versigtig was om sy bondgenootskap met Egipte te vinnig te laat vorder. Die gevolg was dat Israel en die VSA hegte bondgenote geword het en dat Egipte en die USSR bondgenote geword het. USSR en Amerika se bondgenote was dus vyande en die vrees het bestaan dat 'n streekskonflik tussen Egipte en Israel só kon ontwikkel dat die supermoondhede direk in die stryd getrek word.

Die verhouding tussen Israel en die VSA het geleidelik sterker geword en was grotendeels stabiel. USSR en Egipte se bondgenootskap was egter nie so stabiel nie en hulle het mekaar nie te alle tye vertrou nie. USSR het betrokke geraak in Egipte omdat dit vir hom 'n voet in die Midde-Ooste gegee het en dat hy sodoende die hawens van die gebied kon gebruik. Die ryk olievelde van die Midde-Ooste was ook 'n trekpleister. Enkele redes hoekom die VSA betrokke geraak het in die Midde-Ooste was om USSR en sy invloed uit die Midde-Ooste te hou. Die Koue Oorlog tussen USSR en Amerika was in die tydperk 1950-1970 in volle swang en kommunistiese USSR het 'n werklike bedreiging ingehou vir die westerse lande en

die VSA wou verhoed dat sy invloed uitgebrei word na die Midde-Ooste. Daar was nou duidelike tekens dat die Midde-Ooste nog 'n front sou raak in die Koue Oorlog.

Die Sesdaagse oorlog van 1967 tussen Egipte en Israel het 5 dae geduur en beide die VSA en USSR het hul bondgenote ondersteun. Hulle het egter ook saamgewerk om 'n wapenstilstand ooreenkoms te bewerkstellig tussen Israel en Egipte. Omdat die oorlog so kort was, was die spanning tussen die twee supermoondhede nie baie groot nie en het hulle met sukses genoeg druk en invloed op hul bondgenote geplaas om in te stem tot 'n wapenstilstand ooreenkoms sonder groot teenkantiing. Israel het met groot sukses uit die stryd getree terwyl Egipte en Sirië groot verliese gelei het. Dit het hul aansien en eer 'n groot knou toegedien en die gemoedere tussen hulle en Egipte was gevul met spanning. Egipte het sy verhouding met USSR heroorweeg en was nie baie gelukkig daarmee op daardie tydstip nie. Die USSR het gereeld wapens aan hulle belowe maar het dit of laat of glad nie afgelewer nie. Hulle het dus beloftes gemaak en dit gereeld gebreek.

Die Koue Oorlog het met die aanvang van die sewentigerjare 'n nuwe fase betree. Dit was die détente fase wat beteken het dat die twee supermoondhede groter pogings sou aanwend om twispunte deur middel van diplomاسie op te los in plaas van gewelddadige metodes. Dit het 'n direkte invloed gehad op hul verhoudings met hul bondgenote van die Midde-Ooste. Die konflik tussen Egipte en Israel het aangaande groter druk op beide lande geplaas en hul het pogings aangewend om te beweeg na 'n vredevolle oplossing van die konflik. Hulle was nie baie suksesvol nie en die verhouding tussen Egipte en Moskou het 'n kwaai knou gekry toe Sadat die Russiese adviseurs uit sy land sit net voor die Oktober-oorlog van 1973. Sadat was van die opinie dat hy nooit sou kon oorlog verklaar teen Israel as die Russe in Egipte was nie. USSR sou hulle probeer keer om oorlog te verklaar teen Egipte en probeer om hul aan te moedig om eerder van vredevolle maniere gebruik te maak om die konflik op te los. Die Oktober-oorlog het op groot skaal verskil van die Sesdaagse oorlog. Egipte het die wêreld verras met 'n verrassingsaanval op Israel en hy het daarmee sy eer en aansien veral in die Arabiese wêreld teruggekry. Israel het swaar verliese gelei met die aanvang van die oorlog. Israel het deurentyd wapens van die VSA aangevra en het groot druk op hulle geplaas.

Dis belangrik om te let op die druk wat Israel en die VSA wedersyds op mekaar geplaas het en die invloed wat dit gehad het. Henry Kissinger het daarna verwys toe hy na 'n gesprek met Yitshak Rabin vertel het dat hy vir Rabin tydens die oorlog gevra het om sekere konsessies te maak en sy antwoord was dat hulle te swak daarvoor was. Amerika het in antwoord meer wapens aan hulle verskaf en daarna het Israel geantwoord dat hulle nie konsessies hoef te maak nie want Israel is sterk genoeg. Beide land het met sy eie agenda gekyk hoeveel druk hy op die ander kan plaas om sy eie belange te bevorder.

Een van die verskille in die Oktober-oorlog met die ander oorloë van die Midde-Ooste was dat die supermoondhede direk in die stryd betrek is. Met die vorige oorloë was hulle in staat om 'n direkte konfrontasie te vermy maar ten spyte van die détente beleid tussen die supermoondhede kon hul dit nie in die Oktober-oorlog verhoed nie. 'n Streeksoorlog het die supermoondhede in so mate betrek dat dit op die punt was om in 'n direkte stryd tussen die supermoondhede te ontwikkel. Beide supermoondhede wou alles in hul vermoë doen om dadelik 'n wapenstilstand te bewerkstellig maar hul moes nog steeds getrou bly aan hul bondgenote. Daar is gedink dat die verhoudinge tussen die supermoondhede sodanig verbeter het met die implemetering van die détente beleid maar dit was duidelik dat die verhoudinge nie verbeter het nie en dat hul nog steeds mekaar wantrou het en dat 'n konflik die swak verhouding tot op breekpunt kon lei wat op sy beurt weer gevolge vir die hele wêreld kon inhou. Dis bewys dat die détente beleid nie sterk genoeg was om 'n direkte konfrontasie tussen die supermoondhede te verhoed nie. Die détente beleid is na die Oktober-oorlog ook geleidelik op die agtergrond geskuif.

Een van die gevolge van die Oktober-oorlog was dat die verhoudinge tussen Egipte en USSR in so 'n mate versleg het dat Egipte toenadering tot die VSA as bondgenoot gesoek het. Die feit dat Moskou nie in al die behoeftes van Egipte voorsien het en dat hul beloftes gemaak het wat nie deur hulle nagekom is nie tydens die oorlog het bygedra dat hul verhouding met Egipte verswak het. Egipte het ook net na die oorlog sy bondgenootskap met Moskou heroorweeg en die spanning het breekpunt bereik tussen hulle. Sadat was glad nie tevrede dat Moskou so gretig was om 'n wapenstilstand na die Oktober-oorlog te bewerkstellig ten koste van Egipte se doelwitte nie en die USSR het weer nie sy beloftes in verband met wapenvoorraad nagekom nie. USSR het tydens die Oktober-oorlog gesien hoe groot die risikos is



om 'n bondgenootskap met 'n land in die Midde-Ooste te hê en hoe die interne konflik van die Midde-Ooste die supermoondhede direk in die stryd kon trek. Moskou het die implikasie van direkte betrokkenheid in die Midde-Ooste besef en die gevolge wat dit op die hele wêreld kon inhou. Na die oorlog was dit duidelik dat hulle gretig was om nie weer in so 'n situasie betrek te word nie en dit verklaar miskien hoekom hulle nie meer aktief hul bondgenootskap met Egipte probeer beskerm het teen die invloed van Amerika nie.

Een van die reaksies van die VSA na die Oktober-oorlog was dat hulle besef het dat hulle alles in die stryd moes werp om vredesonderhandelinge aan die gang te kry en dat dit belangrik was dat 'n vredesooreenkoms bereik moes word. Hulle het deur hul direkte betrokkenheid en invloed hierin alles probeer om die invloed van USSR sodoende te verswak dat hulle geen beduidende rol meer sou speel in die Midde-Ooste nie. Hulle het alles in hul vermoë gedoen om Moskou uit die onderhandelinge te hou en dat dit sigbaar was dat dit net die VSA was wat hulle beywer het vir vrede in die Midde-Ooste. Die verhouding tussen Amerika en Egipte is ten koste van die verhouding tussen Egipte en die USSR herstel en Washington het 'n beduidende rol gespeel in die vredesonderhandelinge van die Midde-Ooste.

Die verhouding tussen Egipte en Israel het aansienlik verbeter na die oorlog as gevolg van die vredesooreenkoms. Dit het veroorsaak dat die konflik verskuif het van Israel en Egipte na Israel en die Palestynse Arabiere. Egipte het nie meer op groot skaal baklei vir die regte van die Palestynse Arabiere nie, want hulle het afhanklik geword van hul verhouding met Amerika. Hulle het toe op 'n baie meer subtiel wyse hul beywer vir die regte van die Palestynse Arabiere. Die ander Arabiese lande was as gevolg van die vredesooreenkoms tussen Egipte en Israel nie baie goedgesind teenoor Egipte. Hulle was van mening dat daar te vinnig ingegee is teenoor Israel.

USSR se posisie en invloed in die Midde-Ooste het na die Oktober-oorlog baie verander. Amerika het daarin geslaag dat Moskou nie 'n groot rol en invloed in die vredesonderhandelinge gehad het nie en hul verhouding met die lande van die Midde-Ooste was baie wankelrig. Die verhouding tussen USSR en Washington was ook nie baie stabiel nie. Daar was nog 'n groot mate van spanning tussen hulle ten spyte daarvan dat hulle gepoog het mekaar te verdra. Die situasie in die Midde-

Ooste na die Oktober-oorlog was baie meer gunstig in vergelyking met die ander oorloë in die gebied. Die spanning het egter net meer gelokaliseerd geword en was geensins minder kompleks as in die verlede nie. Tot en met 1978 het Egipte die grootste bedreiging ingehou vir Israel en met die vredesverdrag tussen hulle het die konflik in die gebied weer 'n ander dimensie ingeneem. Die konflik het nou grootliks verskuif na Israel en hulle twis met die Palestynse Arabiere.

## BIBLIOGRAFIE

### 1 LITERATUUR EN LETTERKUNDIGE BRONNE

- Bailey, S.D.: **Four Arab-Israeli Wars and the Peace Process**. Macmillan, London, 1990.
- Ball, D.B.: **Passionate Attachment**. W.W. Norton and Company, London, 1992.
- Becker, J.: **The PLO – The rise and fall of the Palestine Liberation Organization**. Weidenfeld and Nicolson, London, 1984.
- Clifford, C.: **Counsel to the President: a memoir**. Random House, New York, 1991.
- Dagan, A.: **Moscow and Jerusalem**. Abelard-Schuman Ltd, London, 1970.
- Dawisha, A.: **The Soviet Union in the Middle East**. Heinemann, London, 1982.
- Deutsch, A.: **The Yom Kippur War**. Andre Deutsch Limited, London, 1975.
- Duignan, P. & Gann, L.H.: **The Middle East and North Africa – The Challenge to Western Security**. Hoover Institution Press, California, 1981.
- Efrat, M. & Bercovitch, J.: **Superpowers and Client States in the Middle East**. Routledge, London, 1991.
- el-Sadat, A.: **In Search of Identity**. Harper & Row Publishers, Inc, New York, 1978.
- Fraser, T.G.: **The Middle East 1914-1979**. Edward Arnold Ltd, London, 1980.
- Gainsborough, J.R.: **The Arab-Israeli Conflict**. Gower Publishing Company Ltd, England, 1987.

George, A.L.: **Managing US-Soviet Rivalry. Problems of US-Soviet Rivalry.** Westview Press, USA, 1983.

Golan, G.: **Soviet Policies in the Middle East – From World War II to Gorbachev.** Cambridge University Press, Cambridge, 1990.

Golan,G.: **Yom Kippur and After. The Soviet Union and the Middle East Crisis.** Cambridge University Press, Great Britain, 1977.

Herzog, C.: **The Arab-Israeli Wars - War and Peace in the Middle East.** Arms and Armour Press, London, 1982.

Hurwitz, H.: **Menachem Begin.** The Jewish Herald Ltd, South Africa, 1977.

Isaacs, J. & Downing, T.: **Cold War.** Bantam Press, London, 1998.

Karsh, E.: **The Cautious Bear. Soviet Military Engagement in Middle East Wars in the Post 1967 Era.** Westview Press, Colorado, 1985.

Kissinger,H.: **The White House Years.** George Weidenfeld & Nicolson Ltd, London, 1979.

Kissinger, H: **Years of Upheaval.** Little Brown and Company Ltd, Toronto,1982.

Lambert, L.: **Battle for Israel.** Kingsway Publications, Great Britain, 1976.

Mangold,P.: **Superpower Intervention in the Middle East.** Croom Helm Ltd, London, 1978.

Neff,D.: **Fallen Pillars. US Policy towards Palestine and Israel since 1945.** Institute for Palestine Studies, Washington, D.C.

Nixon, R.: **The Memoirs of Richard Nixon.** Book Club Associates, London, 1978.

O'Ballance, E.: **No Victor, No Vanquished. The Yom Kippur War.** Presidio Press of San Rafael, London, 1978.

Ovendale, R.: **The Origins of the Arab-Israeli Wars.** Longman, London, 1984.

Packer, J.I. & Tenney, M.C.: **Illustrated Manners and Customs of the Bible.** Thomas Nelson Publishers, Nashville, 1980.

Prince, D.: **The Last Word on the Middle East.** Derek Prince Ministries International, USA, 1982.

Rubinstein, A.Z.: **Red Star on the Nile. The Soviet-Egyptian Influence Relationship since the June War.** Princeton University Press, Princeton, 1997.

Sella, A.: **Soviet Political and Military Conduct in the Middle East.** Macmillan, London, 1981.

Shearman, P. & Williams, P.: **The Superpowers, Central America and the Middle East.** Brassey's Defence Publishers, London, 1988.

Shipler, D.K.: **Arab and Jew - Wounded Spirits in a Promised Land.** Penguin Books, London, 1986.

Slater, R.: **Golda: The Uncrowned Queen of Israel.** Jonathan David Publishers, New York, 1981.

Sobel, L.A.: **Kissinger and Detente.** Facts on File, New York, 1975.

Sullivan, G.: **Sadat – The man who changed Mid-East History.** Walker and Company, New York, 1981.

Telhami, S.: **Power and Leadership in International Bargaining – The Path to the Camp David Accords.** Columbia University Press, New York, 1990.

Tibi, B.: **Conflict and War in the Middle East, 1967-1991.** Macmillan, London, 1993.

Tschirgi, D.: **The American Search for Mideast Peace.** Praeger Publishers, New York, 1989.

Tsur, J.: **Zionism. The Saga of a National Liberation Movement.** Transaction Books, New Jersey, 1977.

Ulam, A.B.: **Dangerous Relations. The Soviet Union in World Politics, 1970-1982.** Oxford University Press, New York, 1983.

## 2 PERIODIEKE PUBLIKASIES

**Political Science Quarterly.** Vol. 87, no. 3; Vol. 89, no. 1.  
Vol. 89, no. 3; Vol. 90, no. 1.  
Vol. 90, no. 3; Vol. 92, no. 2  
Vol. 92, no. 3.

**The Political Quarterly.** Vol. 39; 44; 49.

## Internet

<http://www.fordham.edu/halsall/mod/modsbook54.html>

<http://www.yale.edu/lawweb/avalon/israel.htm>

<http://www-lib.usc.edu/~jnowaz.ISLAM/PILLARS/FastFiqh.html>